

HOOFSTUK 8

BETEKENISVORMING DEUR DIE OOPMAAKPROSESSE VAN HETEROGLOSSIA

Betekenisvorming word aangebied as "heteroglossia" wat met die wordingsproses van "lewe" self vergelyk kan word: deur die oorskryding van die liggaam se grense tussen binne en buite gaan lewe voort - deur die inneem en uitskei van voedsel, bevrugting en geboorte. So vind betekenisvorming binne die "lewe" van die teks plaas: deur al die stemme wat histories binne die woorde gevorm is asook die sosiale konteks wat by die uiting geïntegreer is. Heteroglossia is die oop eenheid wat gevorm word as oorskryding tussen die binne- en buitekategorieë van die teks plaasvind. Dit bestaan met ander woorde uit elemente binne die sistemiese (woorde en betekenis wat gesprek moontlik maak) en elemente buite die sistemiese (die grenslose konteks). Betekenisvorming vind binne hierdie heteroglossia plaas as dialogiese worsteling tussen die stemme en in die dubbelstemmige diskoerse begin plaasvind as gevolg van die feit dat die woorde en uitings deurspek is met ander se intensies en aksente. Ook die parodiërende lag van die karnavaleske is deel van hierdie heteroglossia omdat dit 'n dialoog tussen twee tale laat ontstaan: die taal wat parodieer en die taal wat geparodieer word.

Binne hierdie heteroglossia is die betekenisvorming van die teks onfinaliseerbaar, en word 'n aktiewe leser vereis om die dialogiese, die parodiese en die dubbelstemmige diskoerse in die teks raak te lees. Dit kan by uitstek tot vernuwing by die leser lei, veral in die geboorte van die nuwe deur die karnavaleske lag as die offisiële oopgemaak word vir verskil, heterogeniteit, andersheid.

MIKHAIL BAKHTIN⁷²

8.1 INLEIDING: 'N VERRYKTE TEORIE

'n Ongelooflike hoeveelheid werke het al verskyn waarin Bakhtin se teorieë bespreek word. "The Bakhtin snowball is about to turn into an avalanche", sê Hirschkop (1991:195) in sy boek, waarin 'n uitgebreide lys van kritiese werke oor Bakhtin tot 1988 gevind kan word. En 'n "enormous international swell of publications" wat tussen 1988 en 1993 verskyn het, word in Wall & Thompson (1993:47) gevind. Die nosies "dialogisme", "heteroglossia" en "karnaval" is al sinoniem aan Bakhtin. Dit is nosies wat 'n positiewe ontvangs in die wyer wêreld van literêre, kulturele en historiese analise geniet, en pogings is aangewend om hom as 'n materialistiese alternatief vir Derridaanse, Lacaniaanse of Kristeviaanse analise aan te bied. Sy werk word ook deur Feministe geassimileer (Hirschkop & Shepherd, 1991:199-200).

Ek meen dat Bakhtin se teorie so "assimileerbaar" is omdat dit 'n teorie is wat op verskillende maniere "verryk" is. Betekenisvorming vind volgens Bakhtin deur ander stemme⁷³ en uitings plaas waardeur die historiese sowel as die sosiale konteks geïntegreer word. Bakhtin se uitgangspunt strek verby die blote linguistiese en sluit ook die "translinguistiese" in. In linguistiek word daar gebruik gemaak van woorde, grammatikale reëls en sinne. Translinguistiek werk met sinne, konteks en uitings.

⁷² As Russiese student het Bakhtin (1895-1975) die Klassieke aan die Universiteit van St. Petersburg bestudeer. In 1928 neem hy standpunt in teen die dominante skool van Russiese Formalisme in The formal method in literary scholarship, onder die naam van P.N. Medvedev, en in 1929 in Marxism and the philosophy of language onder die naam van V. Volosinov. Die vermoede bestaan dat Bakhtin wel die skrywer was. Sy kritiek berus op die bevestiging van die essensieel sosiale aard van taal. In 1929 publiseer hy, onder sy eie naam, Problems of Dostoevsky's art wat in 1963 hersien word in Problems in Dostoevsky's poetics. University of Minnesota Press. In 1965 volg Rabelais and his world. Massachusetts : Institute of technology. Voor die sestigerjare is hy deur die staat vervolgt en van Moskou en Leningrad verban, wat dan die rede is waarom hy nie onder sy eie naam kon publiseer nie. In die meer gematigde politieke klimaat van die sestigerjare begin hy publiseer. In 1981 verskyn sy The dialogic imagination ed. M. Holquist. Austin & London : University of Texas Press, en in 1986 Speech genres and other late essays ed. C. Emerson & M. Holquist. Austin : University of Texas Press.

⁷³ Ook vir Derrida (1976:47) dra alle betekenisgewende terme "spore" van al die ander betekenisgewende elemente waarmee hulle verbind is. "Without referring back to a 'nature', the immotivation of the trace has always become".

In sy benadering is spreker en hoorder sowel as die sosiale realiteit by die "uiting" ingesluit. Verskillende tale en stemme praat in die uiting self.

Hierdie benadering het tot gevolg dat die literêre teks nie as 'n hermetiese eenheid gesien kan word nie. Die kunswerk kan nooit voltooid⁷⁴ wees nie, want daar is altyd die stem van die "ander" wat deur die situasie, die leser, die konteks, saamwerk om die teks te vorm. Die self-ander-verhouding is dus geïntegreerd binne die teks-konteks-verhouding.

Just as the body is initially formed in the womb of the mother (in her body) so human consciousness awakens surrounded by the consciousness of others.

To be means to be for the other, and through him, for oneself. Man has no internal sovereign territory; he is all and always on the boundary; looking within himself, he looks "in the eyes of the other or through the eyes of the other"...

(Bakhtin, aangehaal in Todorov, 1984:96.)

Betekenisvorming kan dus nie sonder die rol van die "ander" plaasvind nie. Bakhtin (1986:137) verduidelik hoe bewussyn die wêreld kan verander omdat die wêreld onfinaliseerbaar is: saam met die bewussyn, het die getuie en die regter in die wêreld gekom. Alhoewel die son fisies dieselfde bly, het dit verander omdat dit deur die getuie en die regter waargeneem is. Dit het opgehou om net bloot te bestaan omdat dit ook vir die ander begin bestaan het, omdat dit in die bewussyn van die ander gereflekteer is: dit het nou radikaal verander omdat dit verryk en getransformeer is. Die son kan hier met die teks vergelyk word wat deur al die ander woorde (nie net van die leser nie, maar ook van al die ander stemme wat histories binne die woorde gevorm is) en die uiting (wat deur die sosiale konteks geïntegreer is) verryk word.

⁷⁴ Vir Bakhtin word die teks deur die translinguistiese, die stem van die ander, verryk. Die veld is dus oneindig omdat soveel ander stemme die terrein betree. Derrida se veld, weer, is oneindig omdat die aard van die veld totalisering uitsluit: dit is 'n veld van oneindige vervangings omdat die sentrum wat die spel van vervangings begrond het, weg is. Dit het 'n spelbeweging tot gevolg wat deur Derrida (1988:119) die beweging van "supplementariteit" genoem word.

Met al hierdie stemme binne 'n teks, en die dialogiese worsteling wat daar nog tussen hulle kan plaasvind, kan literêre betekenisvorming nie 'n "finale" vorm aanneem nie. Volgens Emerson & Morson (1987:44) kan "onfinaliseerbaarheid" dan ook as Bakhtin se kernbegrip beskou word.

8.2 ONFINALISEERBARE BETEKENISVORMING: LEWE IN 'N WORDINGSPROSES ("unfinalizability", "nezavershennost")

Die betekenisvorming wat Bakhtin aanhang, kan as "onfinaliseerbaar" beskryf word omdat dit 'n soort betekenisvorming is wat in die "lewe" van 'n "liggaam" gevind word. Dit is lewe wat steeds in 'n wordingsproses verkeer omdat dit voortdurend die liggaam se grense tussen binne en buite in die vorm van sy eie lewensprosesse oorskry: deur die inname en uitskeiding van voedsel, bevrugting en geboorte (Bakhtin, 1965:150). (Dit word meer uitvoerig in die afdeling oor die karnavaleske bespreek.) In Bakhtin se teorieë word betekenisvorming in hierdie "lewe" as wordingsproses in die oorskryding tussen binne- en buitekategorieë gevind. Dwarsdeur sy werk problematiseer hy die verhouding tussen "binne" en "buite". Hy weier om óf die ekstrinsieke óf die intrinsieke as bepalende faktor aan te bied of selfs om "binne" en "buite" as afsonderlike teenoorgesteldes te aanvaar.⁷⁵ Die intrinsieke en die ekstrinsieke is vir hom nie afsonderlike terreine nie, maar onderling bepalende areas. Sy beswaar teen formalisme is dan ook

...formalism is not able to admit that an external social factor acting on literature could become an intrinsic factor of literature itself, a factor of immanent development (Medvedev/Bakhtin, 1978:67).

Marxisme bevoorreg weer die ander term van die opposisie, die ekstrinsieke. Vir Bakhtin bestaan daar nie streng grense tussen hierdie twee faktore nie. Betekenisvorming in die vorm van 'n eenvoudige, "abstrakte" opposisie is vir hom onaanvaarbaar. Hy hang 'n uitgangspunt aan waarvolgens betekenisvorming na my mening in die vorm van 'n "topologiese ineenvloeiing"⁷⁶ na vore kom, omdat die

⁷⁵ Ook Derrida (1981:202) dekonstrueer die logosentriese konseptuele orde van "binne en buite" in sy nosies van "enting" en "pharmakon en pharmakos".

⁷⁶ "Topologiese ineenvloeiing" kan die beste gedemonstreer word deur Klein se vorm. Dit is 'n bottel wat in homself invou sonder om 'n opening te laat by die plek waar hy in homself inbeweeg. Op hierdie manier kan die binnekant nie van die buitekant onderskei word nie, en die een deel vloei deur die ander. 'n

skeiding tussen binne en buite daardeur opgehef word. Sy hele benadering van dialogisme, heteroglossia, die karnavaleske is gebaai in hierdie opheffing van grense wat die homogene rigied afbaken.⁷⁷ Boonop is dit nie net 'n opheffing van grense tussen binne en buite nie, met die gevolglike dialoog wat as gevolg van die opheffing kan plaasvind nie; die betekenisvorming vind op 'n ambivalente manier plaas, waarvolgens die afsonderlike maar ook die nuutgevormde betekenis behoue bly, en terselfdertyd met mekaar in dialoog tree. Daarom kan betekenisvorming ook deur "reported speech" plaasvind,

...of speech within speech, utterance within utterance, and at the same time also speech about speech, utterance about utterance (Voloshinov/Bakhtin, 1973:115).

The reported speech and the reporting context are but the terms of a dynamic interrelationship (Voloshinov/Bakhtin, 1973:119).

Hierdie topologiese ineenvloeiing tussen binne en buite word elders deur Bakhtin as "lewe" beskryf (wat verderaan bespreek word). Hierdie "lewe" vind tussen verskeie kategorieë van Bakhtin se middelpuntsoekende/middelpuntvlietende benadering plaas.

In die volgende tabel word Bakhtin se middelpuntvlietende kragte as buitekategorieë en sy middelpuntsoekende kragte as binnekategorieë aangebied. Betekenisvorming word in die oorskryding van hierdie twee kategorieë, met ander woorde, in die "lewe" daarvan, gevind.

Demonstrasie hiervan kan gesien word in Muller (1990:73).

⁷⁷ Bakhtin se benadering sluit gedeeltelik by dié van Jameson aan, maar met 'n verskil. Vir albei bestaan die werk nie as 'n outonome geheel nie, en bied dit gevolglik nie weerstand teen 'n assimilasië met die totaliteit van die historiese hede nie. Vir Jameson (1971:313) vind die assimilasië deur 'n dialektiese verhouding tussen teks en sosiale realiteit plaas, terwyl die assimilasië vir Bakhtin op 'n topologiese manier plaasvind omdat buite alreeds binne is: woord, uiting en teks is heteroglossies.

BETEKENISVORMING = LEWE = OORSKRYDING

BUITEKATEGORIEë	BINNEKATEGORIEë
Middelpuntvlietende kragte	Middelpuntsoekende kragte
heteroglossia	monoglossia
dialogisme	monologisme
polifonie	homofonie
karnaval	offisieel

Volgens Bakhtin se teorieë wil ek die literêre teks as 'n liggaam beskou en die betekenisvorming as die lewe wat deur die skeidings tussen binne en buite beweeg. Die teks bestaan uit beide middelpuntsoekende en middelpuntvlietende kragte en betekenisvorming (lewe) vloei deur beide. Beide is nodig vir betekenisvorming:

One of the most enabling insights of radical Bakhtin criticism is the recognition that dialogism and its antonym monologism are not inherent characteristics of particular types of (literary) discourse, that meaning lies neither in text nor context but in the relation between them... dialogism and monologism are not different kinds of texts, but different kinds of intertextual configuration (Hirschkop, 1986:80-81).

Hierdie twee kategorieë van Bakhtin het self met die verloop van tyd 'n ontwikkeling in betekenis ondergaan. Aanvanklik was dit statiese opposisies wat later die betekenis van worstelende konflikte aangeneem het. Crowley (1991:69) wys daarop dat die vroeë gebruik van die terme na opponerende wêreldbeskouings verwys het. In hul latere gebruik, is die terme op drie maniere aangewend. Eerstens word verwys na die diskoers van historiese kragte wat in konflik is: dialogiese teenoor monologiese kragte; tweedens, na die effekte teweeggebring deur die konflikte: monologiese of dialogiese vorme van diskoers; derdens, na die aard van die konflik self: omdat die kragte altyd in konflik is, tree die dominerende krag voortdurend in onderhandeling met die ander om sy posisie te probeer behou.

Binne- en buitekategorieë is dus nie meer vasstaande, afgebakende kategorieë nie, en omdat hulle met mekaar in onderhandeling kan tree, of in mekaar kan oorgaan, beweeg die betekenisvorming van opposisies "binne" na opposisies "tussen" binne en buite. Betekenisvorming vind dus in hierdie "lewe" as oorskryding tussen binne

en buite plaas, en onfinaliseerbaarheid vier hoogty. Boonop verander die verhouding tussen die kragte in verskillende historiese tydperke. Onder spesifieke historiese toestande sal middelpuntsoekende kragte 'n sekere vorm van diskoers as die gesentraliseerde, verenigde, outoritêre vorm organiseer, wat monoglossia tot gevolg sal hê, terwyl die middelpuntvlietende kragte in 'n ander tydperk sal oorheers en 'n ommeswaai bewerkstellig. Dit is 'n oorvereenvoudiging om te beweer dat 'n diskoers óf monologies óf dialogies is omdat stemme uit ander tye voortdurend in die hede teenwoordig is.

Hiervolgens word alles wat as vas en stabiel aangebied word, uitgedaag. Nie betekenisvorming, die mens, of die literêre werk, het 'n finale vorm nie.

There cannot be a unified (single) contextual **meaning**. Therefore, there can be neither a first nor a last meaning; it always exist among other meanings as a link in the chain of meaning, which in its totality is the only thing that can be real (Bakhtin, 1986:146).

As long as a **person** is alive he lives by the fact that he is not yet finalized, that he has not yet uttered his ultimate word...man is not a final and defined quantity upon which firm calculations can be made (Bakhtin, 1984:59).

Yet the **artwork** extends its roots into the distant past. Great literary works are prepared for by centuries...Trying to understand and explain a work solely in terms of the conditions of its epoch alone,... will never enable us to penetrate into its semantic depths....Works break through the boundaries of their own time... (Bakhtin, 1986:4) (my kursiverings).

Omdat Bakhtin onfinaliseerbaarheid voorstaan, is hy nie ten gunste van 'n geslote eenheid of sisteem nie, maar ten gunste van 'n "oop eenheid" of polifonie. "But the unity of a particular culture is an **open** unity" (Bakhtin, 1986:6). Ook verkies Bakhtin (1986:151) die gebrek aan finalisering van die polifoniese dialoog wat gevoer word deur "unfinalized individual personalities and not by psychological subjects".

Omdat betekenis sowel as die persoonlikheid "oop"⁷⁸ en nie gefinaliseerd is nie,

⁷⁸ As gevolg van Bakhtin se topologiese instelling, kom betekenis, en ook die individu direk in kontak met eksterne invloede, terwyl Jameson (1971:406) se individu ook verwant is aan die sosio-ekonomiese, maar die verwantskap bestaan

kan een betekenis in kontak met 'n ander, vreemde betekenis kom, en sodoende kan die betekenis in 'n soort dialoog met mekaar tree. Op hierdie manier word daar verby die geslotenheid en eensydigheid van afsonderlike betekenis of kulture gereik.

Such a dialogic encounter of two cultures does not result in merging or mixing. Each retains its own unity and **open** totality, but they are mutually enriched (Bakhtin, 1986:7).

Hierdie "oop eenheid" lei Bakhtin weg van 'n middelpuntsoekende na 'n middelpuntvlietende benadering toe. Die formalistiese beskouing van literatuur, taal en kultuur as sisteme, is vir hom 'n middelpuntsoekende benadering wat verenig en standardiseer. Hy verkies die onfinaliseerbaarheid van die middelpuntvlietende benadering waar nosies soos "heteroglossia", "dialogisme" en die "karnavaleske" 'n sinvolle rol speel.

8.2.1 Heteroglossia ("raznorecie, raznorecivost")

Holquist (Bakhtin, 1981:428) beskryf "heteroglossia" as die basiese toestand wat die werking van betekenis in 'n uiting reël. Dit verseker die voorrang van konteks bo teks omdat 'n groot verskeidenheid toestande - sosiaal, histories, fisiologies ensovoorts - die spesifieke betekenis van 'n uiting bepaal. Konteks is intrinsiek 'n **chronotopiese**⁷⁹ nosie omdat ruimte sowel as tyd, asook omringende objekte en institusionele plasing deel daarvan uitmaak. Ook **geheue**⁸⁰ speel hier 'n rol omdat dit slegs uit werklike tyd-ruimte gevorm word. Elke uiting is dus "heteroglot" omdat

in die vorm van 'n dialektiese verhouding. Dit is volgens Jameson dan die taak van die dialektiese kritiek om die werk en sy inhoud op so 'n manier te artikuleer dat hierdie verhouding sigbaar gemaak word.

⁷⁹ Bakhtin (1981:84) beskryf die "**chronotoop**" ("**chronotope**") as "the intrinsic connectedness of temporal and spatial relationships". Bakhtin beskou tyd en ruimte in enige betekenisvormende situasie as onskeibaar. Tyd is vir Bakhtin histories en ruimte is sosiaal. Daarom vertaal Emerson en Morson (1987:53) hierdie neologisme met "a particular complex of sociohistorical relations".

⁸⁰ Renate Lachmann (1990) het Bakhtin se nosie van "geheue", wat vir haar die kern van die karnavaleske is, uitgewerk. Die ambivalente liggaam is die stoorplek van meer as een boodskap. As 'n meganisme van geheue is die karnaval 'n aktiewe proses van hernuwing.

dit 'n funksie van 'n matriks van kragte is. Betekenis is dus konteksgebonde maar konteks is grensloos (Clark & Holquist, 1984:219), en die naam van hierdie grensloosheid is "heteroglossia". Taal kan gevolglik nie 'n sisteem wees nie, want dit bestaan uit verskillende "tale" wat self lukrake elemente bevat. Heteroglossia bestaan dus uit elemente binne die sistemiese (woorde en betekenis wat gesprek moontlik maak) sowel as uit elemente buite die sistemiese (die grenslose konteks). Dit beteken dat taal nie bloot middelpuntsoekende kragte het nie, maar ook middelpuntvlietende kragte. Vir Bakhtin (1981:291) is taal op enige gegewe moment in sy historiese bestaan van bo tot onder "heteroglot":

...it represents the co-existence of sosio-ideological contradictions between the present and the past, between different socio-ideological groups in the present, between tendencies, schools, circles and so forth, all given a bodily form. These "languages" of heteroglossia intersect each other in a variety of ways, forming new socially typifying "languages".

Vir Bakhtin (1981:293) bestaan daar nie neutrale **woorde** en vorme nie, omdat taal, deurspek met intensies en aksente, heeltemal oorgeneem het. Alle woorde het die "smaak" van 'n professie, 'n genre, 'n neiging, 'n besondere werk, 'n spesifieke persoon, 'n ouderdomsgroep, 'n dag, 'n uur. Elke woord smaak dus na die kontekste waarin sy sosiaal-gerigte lewe gelei is; alle woorde en vorme is ingeneem deur intensies. Taal lê dus op die grenslyn tussen die self en die ander. Die woord in taal is gedeeltelik iemand anders se woord; dit bestaan in ander se monde, ander se kontekste, ander se intensies. Vir Bakhtin (1981:276) staan enige konkrete uiting in die lig van "vreemde" woorde wat alreeds daarvoor uitgespreek is. Dit is deurspek met gedeelde denke, uitgangspunte, vreemde waardeoordele en aksente.⁸¹ Die lewende uiting kan dus nie anders as om 'n aktiewe deelnemer in 'n sosiale dialoog te word nie.

Net soos die woord, is ook die **uiting** inherent heterogeen. Die uiting bestaan nie net uit linguistiese materiaal nie. Dit vorm slegs deel van die uiting. Die uiting word in 'n spesifieke konteks, wat altyd sosiaal is, geproduseer, en waar hierdie konteks voorheen as ekstern tot die uiting gesien is, beskou Bakhtin die konteks as integrale

⁸¹ Hier verskil Bakhtin van Fish (1980:103) vir wie waardeoordele in terme van sy lidmaatskap aan 'n interpreterende gemeenskap gemaak word.

deel van die uiting (Todorov, 1984:41) - sodanig, dat die uiting beide elemente van die middelpuntsoekende en middelpuntvlietende kragte van taal bevat. Die prosesse van sentralisering en desentralisering, van vereniging en verstrooiing kom in die uiting bymekaar (Bakhtin, 1981:272). Die uiting vind nooit in isolasie plaas nie. "Each is only a link in the chain, and none can be studied outside this chain" (Bakhtin, 1986:136). Die uiting vorm dus 'n deel van die diskoers, wat op sy beurt deel vorm van Bakhtin se "translinguistiek" wat langs "linguistiek" gestel word. Die verskil tussen die twee is die inherente sosiale aard van die diskoers van translinguistiek wat lei tot die onfinaliseerbaarheid van diverse middelpuntvlietende kragte, ook genoem heteroglossia.

Hierdie spraakdiversiteit van heteroglossia word op sy skeppendste uitgebeeld in die roman.

8.2.1.1 *Heteroglossia in die roman*⁸²

Die romanskrywer kan geen wêreld buite die sosio-heteroglottiese persepsie vind nie, en ook geen taal vry van heteroglottiese intensies nie. Beide objek en taal word dus in hul historiese dimensies gehul (Bakhtin, 1981:330).

Volgens Bakhtin (1981:263) orkestreer die roman al sy temas, die totaliteit van die wêreld van objekte en idees wat daarin uitgedruk word, deur middel van die sosiale diversiteit van spraaktipes ("raznorecie") en deur die verskillende individuele stemme wat onder sulke toestande floreer. Heteroglossia betree die roman deur onder andere ouktoriële spraak, die spraak van vertellers, ingevoegde genres, die spraak van karakters, wat elk 'n veelvuldigheid van sosiale stemme met hul interverhoudings toelaat.

In die roman is die "alreeds gesproke kwaliteit" van die wêreld dus saamgeweef met die "alreeds geuite kwaliteit" van taal. Heteroglossia in die roman, is dus "'n ander se spraak in 'n ander se taal". Sodanige spraak konstitueer volgens Bakhtin

⁸² Interessante besprekings van Bakhtin se teorie van die roman kan gevind word in:

Wasiulek, E. 1975. Review of PDPR. *Slavic Review*, XXXIV(2):436-438

Kristeva, J. 1980. Word, dialogue and novel. *Desire in language*.

Aucouturier, M. 1983. The theory of the novel in Russia in the 1930s: Lukács and Bakhtin. (In Garrard, J. [ed.]. *The Russian Novel from Pushkin to Pasternak*. New Haven.)

(1981:324) 'n spesiale tipe "dubbelstemmige diskoers". Dit akkommodeer twee sprekers gelyktydig en druk tegelykertyd twee verskillende intensies uit: die direkte intensie van die karakter wat praat en die gesplete intensie van die outeur. In sodanige diskoers is daar twee stemme, twee betekenisse en twee uitdrukkings. Hierdie twee stemme "weet" van mekaar. Hulle is dus intern gedialogiseer. Voorbeelde hiervan is komiese, ironiese of parodiese diskoerse, die gesplete diskoers van 'n verteller, gesplete diskoers in die taal van 'n karakter en uiteindelik die diskoers van 'n hele geïnkorporeerde genre. Al hierdie diskoerse is dubbelstemmig en intern gedialogiseer.

As Bakhtin die benadering aanhang dat taal essensieel sosiaal of heteroglotties is, dat alle woorde reeds geïmpregneer is met betekenisse, intensies en aksente van ander, dat die sosiale konteks 'n integrale deel van die uiting vorm, en dat enige uiting wat gemaak word, gerig is op 'n werklike of hipotetiese Ander, moet enige literêre werk as heteroglotties of polifonies beskou word. Tog noem Bakhtin die gekanoniseerde genres - epiek, liriek en tragedie - "monologies"! Volgens sy benadering dat die "alreeds gesproke kwaliteit" van die wêreld en die "alreeds geuite kwaliteit" van taal die roman basies meerstemmig maak, kan die roman gekwalifiseer word as 'n heteroglottiese of polifoniese teks. Tog onderskei Bakhtin tussen 'n monologiese en 'n dialogiese roman as hy Tolstoy se roman as monologies en Dostoevsky se roman as dialogies beskou!

Wat Bakhtin waarskynlik in gedagte gehad het, is dat hierdie inherente heteroglossiese aard van diskoers op verskillende maniere deur verskillende outeurs en genres aangewend word. Die gekanoniseerde genres vestig 'n enkele stem, 'n enkele styl en dit druk 'n enkele wêreldbeskouing uit. Bakhtin (1984:xxv) meen dat 'n vals verslag gegee word as die meervoudige wêreld tot een gereduseer word. Dis dan 'n selfgenoegsame distorsie wat leuens vertel oor hoe die wêreld is. Selfs as verskillende karakters in 'n teks ook verskillende kante van 'n saak raaksien, is die totale effek een van stilistiese of ideologiese samehang en homogeniteit. Bakhtin (1984:xxii) soek na 'n weergawe van menslike "tale" of "stemme" wat nie gereduseer word na, of onderdruk word deur 'n enkele outoritêre stem nie. Die **dialogiese roman** beeld juis die ryke verskeidenheid van menslike spraak uit en dit respekteer die ideologiese vryheid van verskeidenheid. Die skrywer praat in terme van die "multi-voicedness" en die "multi-centredness" van die wêreld soos ons dit ondervind (Bakhtin, 1984:xxi). In hierdie teks is die outeur se stem nie

dominant nie en word die ander stemme toegelaat om in interaksie met mekaar te tree.

Ek kan egter nie met Bakhtin saamstem as hy die poësie so ver van dialogiese verryking af plaas nie. Hierdeur gee hy positiewe waarde aan die dialogiese roman en negatiewe waarde aan die hermetiese gedig. Die diskoers van poësie vertoon tog nie bloot middelpuntsoekende kragte nie! Inteendeel. Hierdie negatiewe verplasing van poësie na die kantlyn hou boonop die implikasie in dat diskoers oor die algemeen ontpoëtiseer word.

8.2.1.2 *Tipologie van fiksionele diskoers*

Bakhtin (1984) bied drie hoofkategorieë van fiksionele diskoers aan:

- a. **Die direkte spraak van die outeur.** Die outeur se narratiewe stem word hier gevind, as objektief en betroubaar. Die outeur laat die karakters hier in dieselfde soort taal as hyself praat. As hierdie kategorie dominant is, is die teks monologies.
- b. **Die verteenwoordigende spraak van die karakters.** Hier vind ons gewone dialoog of bewussynstroom-monoloog, of 'n vrye indirekte styl wat die styl van die karakter en nie van die verteller nie, uitbeeld.
- c. **Dubbel-georiënteerde of dubbelstemmige spraak.** Hierdie kategorie sluit Bakhtin se dialogiese diskoers in, waarvan hy Dostoevsky as uitstaande voorbeeld aanbied:

A plurality of independent and unmerged voices and consciousnesses, a genuine polyphony of fully valid voices is in fact the chief characteristic of Dostoevsky's novels. What unfolds in his works is not a multitude of characters and fates in a single objective world, illuminated by a single authorial consciousness; rather a plurality of consciousnesses, with equal rights and each with its own world, combine, but are not merged in the unity of the event....The consciousness of a character is given as **someone else's** consciousness, another consciousness, yet at the same time it is not turned into an object, is not closed, does not become a simple object of the author's consciousness (Bakhtin, 1984:6-7).

Hierdie pluraliteit van bewussyn wat nie na die outeur se bewussyn gereduseer word nie, is 'n polifonie van verskillende stemme wat nie by Fish se "interpretasiegemeenskap" sal inpas nie. Die "ander" het hier geïnfiltreer en bestaan gelyktydig saam met die stemme wat die interpretasiegemeenskap vorm. In Fish se benadering word die "ander" eers binne 'n ooredingsmodel geakkommodeer. Die voordeel wat Bakhtin se teorie bo dié van Fish het is dat daar 'n dialogiese jukstaponering met die vreemde stem kan plaasvind.

8.2.2 Dialogisme⁸³

Bakhtin (1984:189) bied vier subkategorieë aan waarvolgens dialogisme kan plaasvind:

- a Stilering vind plaas as die skrywer 'n ander diskoers vir sy eie doeleindes gebruik.
- b "Skaz". As 'n ander se diskoers in die vorm van 'n mondelinge diskoers vir die skrywer se estetiese en ekspressiewe doeleindes aangewend word.
- c Parodie. 'n Ander se diskoers word gebruik, maar aangewend vir 'n doel in stryd met die oorspronklike intensie.
- d Verskuilde polemiek verwys na of beantwoord 'n ander spraakaksie wat nooit in die teks geartikuleer word nie.

Kategorieë c en d kan in die dialogiese roman gevind word. Daaruit blyk dat dit wat 'n roman polifonies maak, nie bloot die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid "tale" en style is nie, maar "the dialogic angle at which these styles are juxtaposed and counterposed in the work" (Bakhtin, 1984:182). Die outeur verkeer in 'n dialogiese verhouding met die "vreemde" taal waarvan hy in sy teks gebruik maak. Bakhtin (1988:127-129) bied Pushkin se Eugenij Onegin as voorbeeld aan waarin Onegin se "taal" 'n periode-gebonde taal is wat met 'n spesifieke wêreldbeskouing geassosieer word, en wat deur hom 'n "taalbeeld" genoem word. Dit is dus nie die outeur wat direk praat nie. Maar die outeur staan nie neutraal teenoor hierdie

⁸³ Goeie besprekings van dialogisme kan gevind word in:
 De Man, P. 1983. "Dialogue and dialogism". Poetics Today, IV(1):99-107.
 Malcuzyński, M.P. 1983. Mikhael Bakhtin and contemporary narrative theory. The University of Ottawa Quarterly, LIII(1):51-56.
 Pechey, G. 1991. On the borders of Bakhtin: dialogisation, decolonisation. (In Hirschkop, K. & D. Shepherd. Bakhtin and cultural theory. Manchester & New York : Manchester University Press.)

taalbeeld nie. In 'n sekere sin tree hy in polemieë met hierdie taalbeeld, argumenteer daarmee, ondervra dit, spot daarmee, oordryf dit op 'n ironiese manier, ensovoorts. Daar is met ander woorde 'n ironiese verwantskap tussen die outeur en Onegin se tale.

...the author is actually **conversing** with Onegin, and such a conversation is the fundamental constitutive element of all novelistic style as well as of the controlling image of Onegin's language (Bakhtin, 1988:129).

Hierdie gesprek met Onegin penetreer die taalbeeld en dialogiseer dit van binne af. Bakhtin (1988:129) wys daarop dat alle essensiële novelistiese beelde hierdie eienskap deel: "They are internally dialogized images - of the languages, styles, world views of another."

In hierdie teks van Pushkin word die taal of beeld (Bakhtin noem dit "obraz" [novelistic image]) van Lensky se lied ook gevind, wat deurdring is met die parodiese en ironiese aksente van die outeur. Ook Tatiana se taalbeeld word aangebied as die intern gedialogiseerde kombinasie van die taal van 'n "provincial miss" - dromerig, sentimenteel. In Onegin word ook parodiese stilerings van die taal gevind wat met verskeie literêre skole en genres van die tyd geassosieer word.

Die hele roman bestaan feitlik uit taalbeelde wat deur dialogiese verhoudings met mekaar en met die outeur verbind is. Bakhtin (1988:130) verduidelik dat al hierdie taalbeelde wat as tipiese beelde aangebied word, self die objek van representasie word. Die outeur neem dus self aan die roman deel, met feitlik geen direkte taal van sy eie nie.

Hierdie dialogiese instelling van Bakhtin waar 'n tweede stem gevind word wat saampraat, sluit aan by die bevryderde lag van die parodiëring wat as grondslag lê aan die karnavaleske.

8.2.3 Die karnavaleske⁸⁴

Die lag wat die middelpuntsoekende kragte van bestaande sosiale norme omvergooi, is die lag wat, veral deur middel van parodie, die offisiële middeleeuse norme op karnavalfeeste ophef. Bakhtin beskou dit as 'n gees van skeppende destruksie wanneer parodie die offisiële norme ophef, en die lag in die plek daarvan aanbied.

Volgens Bakhtin (1965:9) het die "offisiële feeste" in die Middeleeue die stabiele, die onveranderlike, die standhoudende, bevestig - die bestaande hiërargie, die bestaande godsdienstige, politieke en morele waardes, norme en vooroordele.

It was the triumph of a truth already established, the predominant truth that was put forward as eternal and indisputable (Bakhtin, 1965:9).

Dit is dan die rede waarom die toon van die offisiële fees ernstig was en die element van die lag vreemd daaraan.

Die "karnavalfees" soek na die bevryding van hierdie gevestigte orde en voorafbepaalde waarhede. Hiërargie, norme en wette word opgehef en die karnavalfees word die fees van wording, verandering en vernuwing. Selfs die rangordes van die offisiële fees is opgehef en almal is as gelyk beskou tydens die karnavalfees. Hierdie gelykmaking van rangordes het dan ook 'n spesiale karnavaleske gesprekstyl tot gevolg gehad. 'n Tweede wêreld van "folk culture" is gekonstrueer wat in 'n sekere sin 'n parodie was van die buitekarnavaleske lewe, 'n "world inside out" (Bakhtin, 1965:11).

Carroll (1983:82) het kritiek teen die feit dat Bakhtin hierdie "folk culture" as 'n **eenheid** konstrueer. Volgens hom figureer die feesgangers op veelvoudige

⁸⁴ Besprekings van Bakhtin se "karnavaleske":

Stallybrass, P. & A. White. 1986. The politics and poetics of transgression. London & Ithaca : Cornell University Press.

Berrong, R. M. 1986. Rabelais and Bakhtin: popular culture in 'Gargantua and Pantagruel'. Lincoln, Nebraska and London.

Flaherty, p. 1986. Reading carnival: towards a semiotics of history. Clio, XV(4):411-428.

Henning, S. 1981. La forme in-formante: a reconsideration of the grotesque. Mosaic, XIV(94):107-120.

Hayman, D. 1983. Towards a mechanics of mode: beyond Bakhtin. Novel, XVI(2):101-120.

maniere, soms in konflik, soms in harmonie. "For as soon as the people are constituted as a subject, the carnival is over." Ek dink tog nie Carroll se kritiek is geldig nie. Dit is juis 'n "karnaval" omdat die mense "soos by 'n karnaval" optree, anders sou dit nie as "karnaval" getipeer kon word nie. Die optrede by 'n karnaval wat Carroll "a multiplicity of ways" noem, is juis tiperend van "folk culture" by 'n karnaval. Dit vorm dus wel 'n eenheid. Die belangrike hier is dat Bakhtin ander maniere as dié van die offisiële wil uitwys met die klem op die vernuwende fasette wat daaruit kan voortkom.

Die lag was kenmerkend van die karnavaleske fees. Die lag spot met alles wat ernstig, voltooid en afgerond is. Die karnaval se lag sluit ook sy eie deelnemers in - dit is ook gerig op dié wat lag. Omdat hulle ook deel is van die "liggaam" van die wêreld wat altyd onvoltooid is, wat ook sterf en hernu kan word, is die lag nie negatief soos die moderne satire waar die satirikus homself bokant die objek van sy spot stel nie. Sy lag sluit homself ook in. Die lag, sowel as die lasterlike taalgebruik wat ook kenmerkend was van die karnavaleske, word deur Bakhtin (1965:16) nie bloot as bevrydend van die streng offisiële beskou nie, maar dit is ook terselfdertyd vernuwend. Blykbaar sien Bakhtin die vernuwing hierin dat **dialog** moontlik gemaak word deur hierdie ondermyning van die offisiële outoriteit deur die lag en die lasterende. Carroll (1983:79) stel dit so:

Laughter indicates that dialogic interaction is still possible even in the most repressive of situations; it is an indication of sociability, of community, of a nondetermined relation to the other, even at those moments when community is most threatened.

Dwarsdeur die geskiedenis - in die religie, mistieke en die filosofie - het die lag marginaal, populêr en onoffisieel gebly, en in die literatuur is die lag slegs in die komiese genres gevind. Die vernuwing van die lag lê hierin dat die lag die offisiële van sy starheid bevry, en na "onfinaliseerbaarheid" toe lei: dit maak die offisiële oop vir verskil, heterogeniteit, andersheid, "it could be born again, as it were, out of the grave of authoritative and reverential seriousness" (Bakhtin, 1988:149).

8.2.3.1 *Parodiërende betekenisvorming*

Daar is veral van parodie gebruik gemaak om die offisiële dogmatisme van sy starheid te bevry. Bakhtin (1988:147) wys daarop dat die rol van parodie in die Middeleeue baie belangrik was: dit het die pad oopgemaak vir 'n nuwe literêre en linguistiese bewussyn, asook vir die groot Renaissance-roman. Parodie was in die Middeleeue wettig tydens feesdae waarvan die "Holiday of the Fools" en "Holiday of the Ass" welbekend was, en wat selfs in die kerke gevier is. Tydens die Paasfees is die lag in die kerk toegelaat. Dit is in die lig gesien van 'n vrolike hergeboorte na dae waarin daar getreur en gevas is (Bakhtin, 1988:148). So word die "Kersfees-lag" ("risus natalis") deur middel van sang uitgedruk: ernstige kerkliedere is op die wysies van volksliedjies gesing waarin die tema van die vrolike dood van die oue en die geboorte van die nuwe verweef is. Die belangrike punt hier is dat parodie gebruik word om vernuwing te bewerkstellig.

Volgens Bakhtin (1988:150-151) is elke parodie 'n intensioneel gedialogiseerde hibried. "Within it, languages and styles actively and mutually illuminate one another." Hy verduidelik dat elke tipe parodie in die breë sin 'n intensionele hibried is, wat saamgestel is uit twee ordes, 'n linguistiese en 'n stilistiese orde. Twee style, twee "tale" kom bymekaar en hulle is in 'n sekere mate met mekaar deurweef: die taal wat parodieer en die taal wat geparodieer word. Daar ontstaan 'n dialoog tussen uitgangspunte, elk met sy eie konkrete taal wat nie in die ander taal vertaal kan word nie.

Kamaval is dus die tyd van die jaar wanneer religieuse dogmatisme en sosiale hiërargie opgelos word, wanneer die bevrydende krag van die lag verhoudings as arbitrêr onthul, die bewussyn bring dat alternatiewe strukture ander soort verhoudings moontlik kan maak. "People were, so to speak, reborn for new, purely human relations" (Bakhtin, 1965:10). Met ander woorde die lag, wat deur karnavaleske bevryding vorm aanneem, en die dialogisme wat deur parodie teweeggebring word, kan aanleiding gee tot vernuwende denke.

Hierdie ingesteldheid op dood en hernuwing, op hergeboorte "out of the grave of authoritative and reverential seriousness" (Bakhtin, 1988:149), vorm deel van Bakhtin se instelling op "onfinaliseerbaarheid". Dit word selfs gevind in sy

benadering tot die studie van kultuur wat op die volgende manier vir Bakhtin (1986:135) 'n "organiese eenheid" vorm:

...open, becoming, unresolved and unpredetermined, capable of death and renewal, transcending itself, that is, exceeding its own boundaries.

Bakhtin verduidelik hierdie "organiese eenheid" in die dood en hernuwing van die "groteske liggaam" van die menslike ras as 'n geheel. Die altyd onvoltooide aard van bestaan word uitgedruk in die oorgang van een vorm in 'n ander, waar die "openinge" in die liggaam 'n groot rol speel, soos in die inneem en uitskeiding van voedsel, bevrugting en geboorte. Die groteske liggaam is nie soos die klassieke liggaam 'n voltooide, streng beperkte liggaam wat van buite as iets individueels beskou word nie, maar dit vergelyk met die "groteske" Renaissance-konsep van die liggaam as onvoltooid en oop, met sy "bulges, protuberances and gaping orifices" (Bakhtin, 1965:150). Die liggaam oorskry hier voortdurend die grense tussen binne en buite deur sy eie lewensprosesse. Bakhtin (1981:173) beskryf hierdie groteske liggaam⁸⁵ as

...the impersonal body, the body of the human race as a whole, being born, living, dying the most varied deaths, being born again, an impersonal body that is manifested in its structure, and in all the processes of its life.

Wat Bakhtin eintlik hier aan ons bied, is die groteske liggaam van "lewe" self, die lewe wat bestaan in "onfinaliseerbaarheid". Die karnavaleske maak op hierdie manier vir ons die oorskryding tussen die binne- en buitekategorieë in die tabel hierbo, duidelik. Soos reeds hierbo gesien is, vind literêre betekenisvorming vir Bakhtin in hierdie lewe van oorskryding, wat binne onfinaliseerbaarheid bestaan, plaas.

8.3 KRITIESE OORSIG

Betekenisvorming bestaan vir Bakhtin in 'n topologiese ineenvloeiing van binne- en buitekategorieë. As die tabel hierbo vergelyk word met die diagram in die hoofstuk

⁸⁵ Deleuze en Guattari se "liggaam sonder organe" stem in een opsig met die groteske liggaam van Bakhtin ooreen - dit is "onvoltooid en oop" omdat dit in die tydruimtelike strata van individuele uitings bestaan en gevolglik 'n enkele verteenwoordigende orde ontsnap. Die verteenwoordigende orde word deur Deleuze en Guattari (1985:328) "full body of the earth" genoem, wat in 'n kode vasgevang is, terwyl die "body without organs" 'n dekodeerende ontsnaproete verteenwoordig.

people's culture nie, wat dit is die storie uit haar lewe vir haar lewe. Haar sprokie is haar werklikheid. Kyk hoe uitstekend word die interteks in die teks geïntegreer in die aanbieding van die storie van ons land in sprokiesvorm:

Die vrou, heks of opstandige engel of doodgewone sondaars, het in 'n verskriklike land gewoon. Die son het altyd geskyn, behalwe snags wanneer die maan geskyn het, en die mense in die land het soos brode in 'n oond van kleur verander. Van roomwit tot brosbruin tot roetswart, of van roospienk tot papawerrooi, of van bottergeel tot borriegeel. Soms sommer van blou tot groen. Maar die egte sondaars het nooit verkleur nie. Hulle het net wit en witter gebleik. [18]

Ook die geskiedenis van haar voorgeslagte bied sy in die vorm van 'n sprokie aan. [27-28]

Griet ontvlug uit die rasidele logika van haar man in die sprokie in. "Sy het seker 'n behoefte aan onverklaarbare verskynsels, ná sewe jaar saam met 'n man wat alles kon verduidelik, logies, rasideel, onemosioneel." [25] Hier word die stem van Fowles (1977:46) se roman weer gehoor:

...it was men not unlike Charles, and as over-dressed and over-equipped as he was that day, who laid the foundations of all our modern science.

Dis uit hierdie logiese rasideleiteit waaruit Griet in die meerduidigheide van die sprokie invlug. Griet glo eerder in "die mag van die verbeelding... as in die onmag van die werklikheid". [130] In hierdie invlug na die meerduidigheide van tekstualiteit lê seker die grootste verskil tussen Griet en George.

"Hoe kan jy skryf as jy nie die wêreld verstaan nie?" het George haar verwyt.

"Hoe kan ek die wêreld verstaan as ek nie skryf nie?" was haar verweer.

"Die enigste manier om wyser te word, is om vrae te vra," het George gesê.

"Skryf is ook 'n manier van vrae vra," het Griet gesê. "Vra stories nie altyd verdere vrae nie?"

Op verskeie maniere praat Grimm se bekende sprokies in hierdie teks saam. Soos Gouelokkies in die bere se huis was sy 'n buitestaander in haar man en sy twee seuns se huis [71]. Nes die Grietjie van Hansie-en-Grietjie moes Griet ook haarself

red. Soos die spinwiel in die Doringrosie-sprokie word Aids 'n gevaarlike wapen, en ongetroudes moet maar 'n seksuele slaap ingaan [53]. Skoonlief en die Ondier belig die dubbelaard van die mens: Griet is Skoonlief en Ondier, Adam is engel en leeu, draak, duiwel, towenaar [103]. Ook die Bybelse verhaal van Jakob word betrek. Soos Jakob sewe jaar vir Lea en sewe jaar vir Rachel moes wag, was George sewe jaar met sy eerste vrou getroud en was sewe jaar by Griet. Soos die meisie haar eerste kind aan Repelsteeltjie moes afstaan, het ook Griet haar kind afgestaan. Nes Repelsteeltjie met die helfte gekrimp het toe hy sy naam in die bos hoor, het George se potensie gekrimp sodat Griet die verhaal van hul huwelik "the incredible shrinking penis" noem.

Deur die sprokie van **Die Koningin op die brandstapel** besef Griet dat sy nes die koningin self die oorsaak van haar kind se dood was - in haar geval deur die aborsie te laat doen. Omdat sy hierdie verantwoordelikheid nooit wou aanvaar nie, kon sy nooit bevry word van die skuldgevoel nie. Maar toe sy soos die koningin erken "Ek het die verbode deur oopgemaak!", het sy verantwoordelikheid aanvaar, en is sy bevry om te kon skryf, om soos die koningin weg te vlieg. [169]

Deur die sprokie van **Die ganswagter word 'n jagter** aanvaar sy ook verantwoordelikheid vir die huwelik wat sy aangegaan het. Net soos wat sy uit die storie aflei dat 'n prinses wat met só 'n man wil trou, verdien wat sy kry, aanvaar sy die verantwoordelikheid omdat sy vrywillig met George getrou het.

Griet vertel dus nie bloot stories deur die sprokies in die verhaal in te bring nie, maar haar eie werklikheid word in 'n dialogiese verhouding met die taal van die sprokies gekonstitueer.

Tekste wat ook saampraat, is dié van Etienne van Heerden se **Casspirs en Campari's** waar seksuele speletjies op die lessenaar van 'n advertensie-agentskap plaasvind; Sylvia Plath, Virginia Woolf en Ernest Hemingway praat saam oor verskillende maniere van selfmoord pleeg; Erica Jong se Fear of flying is 'n ekplisiete interteks, want selfs die kleure van hierdie teks se stofomslag word deur Griet se omslag herhaal. Ook daar is die banale woordeskat 'n soort bevryding van die Calvinistiese tradisie en 'n oorgang na "eerlikheid" van die feministiese tradisie. Die "flying" vergelyk met die vliegaksie soos hierbo bespreek en dit verwys veral na die vrou se bereiking van onafhanklikheid van die man. Die humor wat die seksuele

telkemale in die teks vergesel, maak ook van die film Prizzi's Honour 'n interteks. Jack Nicholson sê daarin: "Great sex always makes me laugh".

Dialogisme word ook in die teks gevind tussen die tradisionele taalbeeld wat aangebied word en die ironiese of parodiese aksente van die outeur, soos in die volgende gedeelte wat Griet van die plaatomslag aflees:

All four movements are based on the principle of a dualistic union between masculine strength and feminine tender feeling - expressed as a dialogue between wind and string instruments in perfect harmony!" "Ha, ha, ha," sê Gwen sonder om te glimlag [144].

Die taalbeeld word hier van binne uit gedialogiseer omdat die outeur hier eintlik in polemieë met die taalbeeld tree: eerstens omdat sy nie meer glo in die ou persepsies van manlikheid en vroulikheid nie, nog minder in die perfekte harmonie tussen die twee. Hierdie aftakeling van die tradisionele word veral in die karnavaleske betekenisvorming binne die teks aangebied.

8.4.3 Die karnavaleske: die dood van die oue

Die betekenisvorming vind in hierdie teks veral karnavalesk plaas. Die karnavaleske lag tree hier vernuwend op as dit die tradisionele norme van hul starheid bevry en tot die geboorte van die nuwe lei as die tradisionele oopgemaak word vir verskil en andersheid. Die **"vrolike" dood van die oue** word hier in die "ontluistering van tradisionele betaamlikheidsnorme" en in die "aftakeling van die tradisionele manlik-vroulik-hiërargie" gevind. Die **geboorte van die nuwe** kry gestalte in die bevrydende aksie "om te kan vlieg".

8.4.3.1 Die ontluistering van tradisionele betaamlikheidsnorme

As deel van die vernuwing wat deur die teks aangehang word, en met Griet se genesing saamloop, word die ontluistering van tradisionele betaamlikheidsnorme en -gewoontes dwarsdeur die teks gevind. Hier word veral **prontuit gepraat** oor dinge waarvoor normaalweg gefluister sou word. Op die eerste bladsy [5] praat sy al van die bloed wat vrouens elke maand uit hul onderklere moet was; sy wonder wat Rhonda sou doen as 'n pasiënt sonder waarskuwing in haar spreekkamer begin

masturbeer [6]. "...Plaas dat ek kyk of hy van honde hou, soos my ma my altyd gewaarsku het. Of hoe sy onderbroeke lyk" [19]. "Dis vernederend om jou stert met koerantpapier af te vee..." [40].

Sy ondergrawe baie tradisies deur middel van doelbewuste uitgesprokenheid op verskillende maniere. So tree sy byvoorbeeld in dialoog met haar lesbiese suster Tienie oor "geluk" as Tienie fronsend aan haar sê-vra: "En geluk beteken om te trou en kinders te kry?"... "Dis daai fairy-tales van jou wat die wêreld so opgefok het, weet jy, Griet?... Elke fairy-tale wat ma ooit vir ons gelees het, het in 'n huwelik geëindig!" [172] Die heteroseksuele waardestelsel word hier afgetakel. Griet wys daarop dat daar al eeue lank "alternatiewe" sprokies bestaan, "maar hulle het nooit so bekend geword soos die veiliges en die ordentlikes wat die regte vrae stel nie" [173].

Selfs in Brittanje word aanpassings gemaak. Louise skryf dat die BBC 'n "nuwe" weergawe van die Toytown-sage gaan vervaardig. Die golliwogs is uitgegooi uit vrees vir rassisme, Noddy slaap nie meer saam met Big Ears nie uit vrees vir jy-weet-wat... Martha the Monkey presents a strong role for woman" [172].

Veral taksonomieë en hiërargieë wat vir haar Victoriaans aandoen, word in hierdie teks ontluister. Die Victoriane het veral die gevaarlike energieë van seksualiteit, en dan veral vroulike seksualiteit, onderdruk. Ook het hulle 'n streng onderskeid gehandhaaf tussen siel en liggaam, waarin die siel as die bevoorregte term beskou is.

Op 'n paar plekke in die teks word daar doelbewus verwys na die onsinnigheid van tradisionele gewoontes en die behoefte vir nuwe benaderings. Griet is bewus van ons Calvinistiese erflating. "Calvyn se erflating aan haar volk het dinge nie juis makliker gemaak nie" [50]. Haar uitgangspunt is dat die Calvinistiese benadering skuldgevoelens en ouvroutories tot gevolg het: "...maar soos alle ordentlike meisies moes sy eers deur 'n berg van skuldgevoelens en ouvroutories grawe voordat sy seks werklik begin geniet het" [52]. Dis duidelik dat sy masturbasie as iets natuurliks beskou.

Kyk na die nuwe uitgesprokenheid in gedeeltes soos die volgende: sy het die taal van haar man se lyf so goed soos haar eie tong geken, die sout smaak van sy naeltjie, die harde holte van sy skouerbeen, die taaiheid op die punt van sy penis

[12]. Sy praat van 'n penis wat donssag en warm soos 'n kuiken onder haar vinger geroer het [22]. "Nie eens 'n puisie op sy boud nie. Selfs sy penis lyk asof dit in heuning gedompel is, blink na 'n nag van seks, dieselfde gesonde kleur as sy skouers" [100].

Ook dit wat tradisioneel as inherent aan die roman beskou is, word verontagsaam. Dikwels maak sy gebruik van 'n gespierde, manlike taalgebruik. "...en as jy nie saam met my kom drink nie, donder ek jou dood as ek jou weer sien" [18]. "En ek sien elke keer my gat" [19]. Sy gebruik woorde soos "gatvol" [29][165], "wat de hel" [29][89], "fokken" [30][39][41], "shit" [39], "donnerse" [57], "'n pyn in die gat" [71][112], "afkak" [76], "kak" [77][95], "bedonnerd" [89], "poephol" [91], "te hel met" [134]. Hierdie soort taalgebruik is kenmerkend van die karnavaleske.

It is characteristic for the familiar speech of the marketplace to use abusive language, insulting words or expressions.... These abuses were ambivalent: while humiliating and mortifying they at the same time revived and renewed (Bakhtin, 1965:16).

Sy doen dit doelbewus om kommentaar te lewer op die vorige "ontwyking" daarvan in die letterkunde. Op die manier wil sy 'n soort "vernuwing" teweegbring in die vorm van "eerlikheid". Sy wys indirek na die skynheiligheid in die letterkunde as sy op oupa Kerneels se taalgebruik wys (hy het graag gesê dat hy miere in sy gat gehad het) maar in daardie tyd is dit nooit so in die letterkunde geskryf nie [62].

Mens kry die indruk dat dit wat tradisioneel as fatsoenlik beskou is, hier as skynheilig en oneerlik gesien word. Om haar afkeer teen die skynheiligheid te beklemtoon, maak sy dan self van kru taal gebruik. Louise raak die volgende oor die telefoon kwyt:

Dis die skynheiligheid wat my onderkry, die holier-than-thou-houding waarmee Britte soos hy blykbaar gebore word. Hy sal nie eens voor my poep nie! Asof net ons barbare uit Afrika sulke behoeftes kan hê! Maar as hy in die stort staan, poep hy so hard dat ek hom in die sitkamer kən hoor" [39].

Griet beskou die uitgesprokenheid van die vrou as "eerlikheid". "Dis asof julle ons aanmoedig om oneerlik te wees! Asof julle so gewoon is om gemanipuleer te word dat julle weghardloop as 'n vrou reguit sê wat sy wil hê!" [143].

Die aanvaarde saamleef van Griet se gay suster Tienie met haar vriendin, vorm deel van die verskuiwing van moraliteit vanaf die randgebiede na die sentrum [99][170].

8.4.3.2 *Die aftakeling van die tradisionele manlik-vroulik- hiërargie*

Veral die tradisionele manlik-vroulik-hiërargie word in hierdie teks afgetakel. 'n Doelbewuste vergestaltung van die omkering van die manlik-vroulik-hiërargie word gevind in Tienie se vraag aan Griet: "Waarom word dit nie **Grietjie en Hansie** genoem nie? As Grietjie die heldin was, behoort haar naam mos eerste genoem te word?" [172].

Die uitdrukking "die mooi dom blondine" is tekenend van tradisionele manlike taalgebruik. Kyk hoe word die manier waarop mans gewoonlik van vrouens praat, in die volgende gedeelte omgekeer:

Die probleem met slim mans is dat hulle te veel praat en te min naai. Die probleem met dom mans is gewoonlik dieselfde. Maar so nou en dan kry jy een wat sy mond kan hou en sy lyf kan gebruik. Dan moet jy hou wat jy het - en op jou tande byt elke keer dat hy iets stupids sê. Maar dis maar wat jy met enige man moet doen" [20].

Die normale beskouing is dat vroue hul griewe opkrop. Nou maak Louise die opmerking: "Kan jy glo dat mans griewe so kan opkrop?" [91].

Ook die volgende manier van praat was voorheen net vir mans beskore:

Dit beteken dat sy die man 'n nag lank wil naai, dink Griet opstandig. Met klere aan, sonder klere aan, op die bed, op die balkon, op die stoof, binne-in die oond, bo-op Tafelberg...[39].

Tradisioneel word die muse as vroulik beskou. Griet sê egter: "Ek soek 'n man wat dom genoeg is om nie impotent te raak as hy my muse word nie. Of kry mens nie manlike muses nie?" [23].

Sy bring ook die gemaksugtige posisie van die man in die manlike waardesisteem na vore: "Hy het seker 'n vrou wat sy tas pak elke keer dat hy op 'n sakereis moet gaan" [168]. "Die arme man het gewig opgetel, soos almal wat ophou rook, en sy vrou het nog nie vir hom nuwe hemde gekoop nie" [169]. "'n Man moet 'n kroeg hê, sê hy. lewers waar vrou en kinders hom nie kan hinder nie. A room of his own.' 'En waar gaan vrou en kinders as hulle van hóm wil wegkom?' vra Marko terwyl hy die trollie by die kombuis uitstuur" [74].

Griet tik die sprokie van die twaalf jagters op haar rekenaar, met siniese kommentaar deur 'n ganswagter wat in hakies geplaas word. Die gedeeltes in hakies toon elke keer die bevraagtekening van tradisionele waardes deur die "nuwe era".

Daar was eendag 'n prinses wie se verloofde met 'n ander meisie moes trou. (Móés trou?)....

Mans stap met vaste tred oor ertjies, sê die leeu, maar meisies trippel op hulle tone sodat die ertjies rondrol. (Sê wie?)....

Mans kyk skaars na 'n spinwiel, sê die leeu, maar g'n meisie kan dit weerstaan nie. (Sê wie?)....

Omdat baie tradisies hul geldigheid verloor het, is vernuwing nodig. "Maar dink jy nie daar moet nuwe sprokies vir 'n nuwe wêreld uitgedink word nie?" vra Tienie aan Griet. "Dis wat ek doen," sug Griet [172]. En dit is in der waarheid wat die skrywer in hierdie teks probeer doen, deur die ou sprokies te herskryf.

8.4.4 Geboorte van die nuwe: om te kan vlieg

Omdat hierdie teks heerlijk bevrydend is in sy kostelike humor en wegbreek van manlike dorninerig, maar jou terselfdertyd ongemaaklik laat voel weens die pront uitgesprokenheid en omverwerping van beginsels, laat dit aan Barthes se teks van "jouissance" (wat ook maar 'n vorm van die karnavaleske is) dink. Barthes (1975:14) beskryf die teks van "jouissance" (in Engels vertaal as "bliss", 'n soort "geluksalige" teks) as

...the text that imposes a state of loss, the text that discomforts (perhaps to the point of a certain boredom), unsettles the reader's historical, cultural, psychological assumptions, the consistency of his tastes, values, memories, brings to a crisis his relations with language.

Behalwe dat dit 'n teks van "jouissance" is, word "jouissance" in hierdie teks beleef as 'n gevoel "om te vlieg". Die vliegaksie word verbind aan tekstualiteit en seksualiteit en word vergestalt deur die simbool van die perd, en uitgebou deur verdere simbole soos die van die engel en die heks.

Pegasus is die geveleude **perd** van die muses. In die Griekse mitologie het Bellerophon die perd gevang en deur die lug gery om Chimera te verower. Toe hy probeer om na die hemel toe te ry, het hy afgeval, maar Pegasus het steeds voortgery en wandel dus tussen die sterre. In die moderne tye word Pegasus beskou as die perd van die Muses en die simbool van poësie - inspirasie vir die digkuns.

Die perd, Pegasus, word aan **seksualiteit** verbind [23]. Griet soek 'n man om háár muse te word, en Jans maak die voorstel dat as dié man dan weier om haar muse te word, sy hom altyd haar Pegasus kan maak. Pegasus word hier vergelyk met die domkop met die goue voël - die man wat haar kan laat lag, iemand wat sy soek wat weer vir haar kan geluk bring. Die perd word ook by die seksuele uitbring as die vroulike geslagsorgaan 'n hemelse southappie genoem word, "die engel op die perd, die muse op Pegasus". Die perd is hier "seksuele inspirasie". As sy aan haar sielkundige sê dat sy 'n man in haar woonstel het wat vreeslik mooi, vreeslik jonk en nie vreeslik slim is nie, beteken dit, sê sy, "dat ek nie 'n geveleude perd in die bek kan kyk nie" [93]. Weer word Pegasus met seksuele inspirasie vergelyk. Die perd word met die liefde verbind op die verjaardagkaartjie wat sy aan George gegee het van 'n man en vrou op twee mallemeuleperde waarop sy geskryf het sy hoop hulle sal nog lank op die mallemeule bly.

Die perd word met **tekstualiteit** verbind as sy vind dat haar storie eenvoudig sy eie koers kies "soos 'n perd wat nie na sy ruiter wil luister nie" [43]. "As sy nie eens 'n ou vulletjie van 'n sprokie in toom kan hou nie, dink Griet paniekbevange, hoe op aarde gaan sy ooit eendag 'n volbloedroman aandurf?" [44]. Die perd word met die skrywer verbind as Griet die sprokie van die koningin op die brandstapel vertel wat

spoorloos verdwyn het en wat later 'n skrywer geword het wat op 'n groen perd gesien is.

Omdat tekstualiteit sowel as seksualiteit met die gevleuelde perd verbind word, is dit albei maniere vir Griet om te vlieg. Die vergelyking van tekstualiteit en seksualiteit met die gevleuelde perd is juis in hierdie teks baie slim. Tekstualiteit sowel as seksualiteit ontsnap alle pogings tot kategorisering. 'n Enkele teks kan nie die oneindigheid van tekstualiteit in homself bevat nie, netsoos die fisiese seksuele daad nie die oneindigheid van seksualiteit kan omvat nie. Ook bevat die teks soveel intertekstuele verwysings dat die teks steeds "uitvlieg" na ander tekste. Die teks gee ook vlerke aan vroulike seksualiteit. Seksuele bevrediging is nie meer so gerig op omgang wat direk lei tot die manlike orgasme nie. Vroulike seksualiteit het dus 'n bevrydende krag omdat dit nie meer voldoen aan die model van manlike begeerte en vroulike onderwerping nie. Dit is dan die rede vir die eksplisiete seks in die boek: om te toon dat die vrou ook vir Pegasus kan ry. Daarom ook die omkering van rolle op die laaste bladsy. Griet het die heertyd na die goue gans gesoek wat haar kan laat lag, maar teen die einde laat sy die prins lag! [198].

Hierdie omkering van rolle wys daarop dat die tradisionele hiërargie in die manlik-vroulik-verhouding in hierdie teks afgetakel is. Teen die einde kry sy weer haar man, maar dit beteken nog nie dat dit 'n terugkeer is na die tradisionele nie. Pegasus, die perd, wat tradisioneel 'n sterk simbool van die (manlike) seksualiteit is, word, soos die omslag aandui, **agterstevoor** gery! Die "goue voël" of "gans" behou nie sy tradisionele sentrumposisie nie, want teen die einde is die rolle omgeruil: in plaas daarvan dat die goue gans haar laat lag, laat sy hóm lag!

Dit is nou die vrou wat besef daar is meer as een manier om te vlieg: "As 'n mens nie 'n perd as jou Pegasus kan kry nie, kan jy miskien 'n gans (Jans) gebruik?" Dit is haar "karnaval", maar ook haar manier om 'n greep te kry op die werklikheid, want sy besef tóg dat, al verdwyn sy in 'n sprokieswêreld, wense nie regtig waar word nie en "fantasie is 'n perd van 'n ander kleur, nie een waarop sy kan wegvlieg nie" [144]. Daarom die **hobbelperdjie** op die omslag. Al het haar sprokie 'n gelukkige einde waar sy en Jans kan opstyg om die hemel in te vlieg op Pegasus se rug, word hulle nog teruggeroep deur die skree van die kriel van 'n mikrogolfoond. Maar hulle kan wel hier op aarde die jouissance van 'n hemelse southappie geniet. (Die Angels on Horseback wat "proe soos die hemel" verwys terug na die "hemelse southappie".)

Die humor en die ligte aanslag veroorsaak dat die boek self vlerke kry, en die leser met hom die hemelruim in neem. Om te kan lag, is om te vlieg. Kyk maar na haar humoristiese verslag van haar selfmoordpoging toe 'n dooie kakkerlak haar "gered" het [7]; haar relaas van haar seksawontuurtjies met George: "het hy gewoonlik van die kombuistoonbank afgeval of sy kop teen die rand van die bad gestamp of met 'n stywe nek pleks van 'n stywe penis gesit" [10]. Die ironiese humor as Jans se politieke gewete wat hom dwing om vir die struggle te werk 'n morele probleem word omdat hy soveel geld uit die struggle maak [16].

Die vliegaksie in die teks wat vergestalt word deur simbole soos die perd, engel en heks en aan tekstualiteit sowel as seksualiteit verbind word, met ander woorde met teks en wêreld, met binne en buite, laat betekenisvorming deur die middelpuntvlietende oopmaakprosesse van heteroglossia plaasvind. Die stem van die sprokie praat binne die skywer se stem, die oue word afgetakel en die nuwe word gebore.

8.5 GEVOLGTREKKING

Bakhtiniaanse betekenisvorming bied by uitstek geleentheid vir die skeppende verbeelding van die leser om tot sy reg te kom. Dit kan gebeur omdat Bakhtin se teorie op soveel verskillende maniere "verryk" is: ander stemme, die historiese en die sosiale konteks is by hierdie betekenisvorming ingesluit. Die oorskryding wat tussen binne- en buitekategorieë plaasvind, die "onderhandeling" wat gevind word tussen middelpuntvlietende en middelpuntsoekende kragte, tussen heteroglossia en monoglossia, dialogisme en monologisme, polifonie en homofonie, karnaval en die offisiële, bied 'n heteroglossia wat 'n oneindige aantal betekenismoontlikhede oopmaak. Die dialogisme wat boonop tussen al hierdie stemme en kontekste en die stem van die skrywer kan plaasvind, kan tot 'n interessante en onfinaliseerbare betekenisvorming lei.

Die feit dat Bakhtin die skeppende destruksie van die karnavaleske ook in sy teorie akkommodeer, laat ruimte vir die rol van vernuwing. Hierdeur kan uitgediende tradisionele norme en vooroordele opgehef word en verandering en vernuwing die plek daarvan inneem. Ook hier word 'n dialogisme gevind as die offisiële norme deur die parodie opgehef word: tussen die taal wat parodieer en die taal wat geparodieer word. Bakhtiniaanse betekenisvorming kan dus altyd as "ambivalent" gesien word, as "spraak binne spraak", as 'n dubbelstemmige diskoers.

Die heteroglossia en die ambivalensie in Bakhtin se teorie laat die skeppende verbeelding van die leser vry en dit kan tot 'n betekenisvorming lei wat onfinaliseerbaar is. Hier het ons by uitstek 'n onbeperkte relativisme en subjektivisme. Omdat ander stemme en kontekste by die woord en die uiting ingesluit is, word die retoriese kragte van taal (wat deur die dekonstruktiviste beklemtoon word) natuurlik ook hierby betrek, en omdat die tradisionele ontluister en aan die kaak gestel word, maak ook Barthes se ontbloting van die onderliggende ideologie deur die raaklees van die mites deel uit van die stemme wat in Bakhtin se teorie kan saampraat. Selfs die genealogiese benadering wat Foucault aanbied, vind hierby aansluiting. Ook Jameson se wyer wordende horisonne waardeur die sosiale en selfs die produksiemodusse 'n rol speel, word in Bakhtin se topologie ingetrek. Hiermee wil ek geensins beweer dat al hierdie teorieë aan mekaar gelyk gestel word nie, maar wil ek die akkommoderende "oopheid" van Bakhtin se heteroglossia beklemtoon. Getrou aan sy eie tradisie, praat selfs die vele stemme van ander teorieë ook saam in sy teorie.

Bakhtin se teorie is so 'n akkommoderende teorie omdat hy 'n oopheid tussen binne- en buitekategorieë toelaat. Nosies soos dialogisme, heteroglossia en die karnavaleske word veral deur die resente kultuurteorie as bruikbaar vir hulle benadering ervaar, omdat hulle alreeds gelaai is met sosiale en politieke betekenis:

...they embody or identify distinct, though often complex and contradictory, impulses in a historical situation. The meaning of a concept like dialogism or carnival is a sedimentation of past usages, current and past social conflicts, the changing forms of ideological life; in short, these terms are themselves dialogical. Thus the word "dialogism" is not only linked to a system of concepts but has a social force or implication as well, a socially "concrete" meaning... (Hirschkop & Shepherd, 1991:3).

Dit is dus nie verbasend dat so 'n groot hoeveelheid werke wat Bakhtin se teorie bespreek, die lig gesien het nie. Dit is duidelik dat ons nog lank nie die einde gehoor het van die Bakhtiniaanse betekenisvorming met sy nosies van heteroglossia, dialogisme en die karnavaleske nie.

Die poststrukturealisme is besig om geleidelik plek te maak vir bogenoemde kultuurteorie, wat aansluiting vind by neo-pragmatiste soos Richard Rorty se slagspreuk van "literêr-histories-antropologies-politieke-malle-meule". Hulle instelling

is dat kritiek sosiaal betekenisvol moet wees. Fish is 'n neo-pragmatiese literêre kritikus wie se teorie nie al die "vreemde stemme" van Bakhtin se heteroglossia akkommodeer nie, omdat betekenisvorming vir hom vanuit die interpretasiegemeenskap waarin die leser staan, spruit. In die volgende hoofstuk sal gekyk word na die rol van die interpretasiegemeenskap in literêre betekenisvorming.

HOOFSTUK 9

PRAGMATIESE BETEKENISVORMING

In Fish se pragmatiese betekenisvorming speel die interpretasiegemeenskappe waarbinne die leser en ook die teks staan, 'n belangrike rol. Die interpretasiegemeenskap van waaruit die leser die teks benader, bepaal die soort betekenisvorming wat gemaak word. In hierdie opsig kan die interpretasiegemeenskap as 'n uitbreider van die teks, maar ook as 'n inperker op onbeperkte betekenisvorming gesien word. Ook die kompetensie van die leser word hier as inperking aangebied. Verskeie kwessies word deur hierdie tipe betekenisvorming na vore geroep, soos die kwessies van subjektiwiteit, solipsisme, relativisme, etnosentrisme en eklektisisme.

STANLEY FISH⁸⁹

9.1 INLEIDING: BEGRONDING EN ANTIBEGRONING

Fish se werk word tradisioneel ingedeel in "die vroeëre Fish" en "die latere Fish"⁹⁰. Sy vroeë werk hang 'n fenomenologiese benadering aan wat op begrondingstrategieë gebaseer is, maar later vervang hy dit met antibegroningstrategieë.

Fish bied 'n pragmatiese benadering tot betekenisvorming aan wat gekoppel kan word aan wat hy self identifiseer as 'n "antibegroningsteorie" ("anti-foundationalistic theory") (Fish, 1989:322). Binne hierdie benadering word die verankering van kritiese aktiwiteite aan 'n vaste basis wat los staan van konteks en kultuur, politieke en subjektiewe bedrywighede, ontken. Betekenisvorming vind binne die situasie, binne die leser se ervaring plaas. Betekenis lê nie in die objektiewe teks, wat geskei is van die subjektiewe ervaring nie. Die subjektiewe ervaring staan ook nie los van die onderliggende konteks nie, en word gereguleer deur die oortuigings wat reeds binne die interpretasiegemeenskap, waarvan die ondersoeker lid is, bestaan.

Antibegroningsteorieë⁹¹ is soms Kuhnians⁹², Derridiaans, pragmaties,

⁸⁹ Stanley E. Fish is professor in Engels en Regte aan die Duke-universiteit. Sy publikasies sluit in:

1965. John Skelton's Poetry.

1972. Self-consuming artifacts: The experience of seventeenth-century literature. Berkeley, Los Angeles, London : University of California Press.

1967. Surprised by sin: The reader in Paradise Lost. London, Melbourne, Toronto : Macmillan.

1978. The living temple: George Herbert and catechizing.

1980. Is there a text in this class?: The authority of interpretive communities. London, Cambridge, Massachusetts : Harvard University Press.

1989. Doing what comes naturally. Durham & London : C. Hurst & Co.

⁹⁰ In hierdie studie sal hoofsaaklik op die latere Fish gekonsentreer word, en sy vroeë benadering sal slegs aangebied word waar dit nodig blyk te wees vir die ontwikkeling van sy teorieë.

⁹¹ Volgens Fish (1987:68) word die antibegroningsbenadering op verskillende maniere en in verskeie dissiplines gevind: in die filosofie van Richard Rorty, Hilary Putnam, W.O. Quine; in die antropologie van Clifford Geertz en Victor Turner; in die filosofie van Hayden White; in die hele tradisie van die sosiologie van kennis en van die etnometodoloë; in die hermeneutiek van Heidegger, Gadamer en Derrida; in die algemene menswetenskappe van Foucault; in die geskiedenis van wetenskap van Thomas Kuhn; in die kunsgeskiedenis van Michael Fried; in die literêre teorie van Barbara Smith, Walter Michaels, Stephen Knapp,

Marxisties, soms anargisties, maar altyd histories: die norme en standarde en reëls wat die begrondingsteorie teenoor geskiedenis, konvensie en lokale praktyk stel, is altyd 'n funksie of uitbreiding van geskiedenis, konvensie en lokale praktyk (Fish, 1989:321).

Begroning is vir Fish (1987:66) die anker van jou kritiese aktiwiteite aan 'n vaste basis. Hierdie vaste basis moet onveranderlik bly deur kontekste en kulture heen; dit moet afstand hê van politieke en subjektiewe bedrywighede, en dit selfs kan beheer; dit moet 'n verwysingspunt bied vir die beoordeling van sukses en kennis. Betekenisvorming word hier dus vanuit 'n vaste verwysingspunt verkry.⁹³

In die **antibegroningsbenadering** word buitekontekstuele, ahistoriese, nie-situasionele realiteite, wette of waardes nie gevind nie. Vrae oor feite, waarheid, korrektheid, geldigheid en helderheid is slegs debatteerbaar binne die konteks of paradigma of situasie of gemeenskap wat daaraan 'n lokale of veranderlike vorm kan gee. Die stabiliteit en onafhanklikheid van die begronningsanker word hier ontken. Dit beteken nie dat begrippe soos waarheid en geldigheid en akkuraatheid en feitelikheid nie meer gemaak kan word nie; hierdie entiteite en waardes is onlosmaaklik verbonde aan die sosiale en historiese omstandighede waarin hulle hul werk doen. Volgens Fish (1987:68) is dit wat in die begronningsdiskoers teenoor die lokale, die historiese, die toevallige, die veranderlike en die retoriese geponeer word, juis afhanklik daarvan of selfs 'n funksie daarvan. Die beswaar kan dus nie gemaak word dat daar sonder die anker van bepaalbare feite en onafhanklike rasionaliteit, geen beheer is nie. So 'n benadering lees die aandrang van die antibegroningsteorie op gesitueerdheid mis. In plaas daarvan om die subjek

John Fekete, Jonathan Culler, Terry Eagleton, Frank Lentricchia, Jane Tompkins en Stanley Fish ens. ens.

⁹² Kyk hoe vergelyk hierdie benadering met dié van Kuhn (1970:113): "What a man sees depends both upon what he looks at and also upon what his previous visual-conceptual experience has taught him to see." En ook op bladsy 120: "The scientist's interpretation of observations... themselves are fixed once and for all by the nature of the environment and of the perceptual apparatus." Interpretasie en waarneming staan vir Kuhn ook nie los van omgewing en ervaring nie.

⁹³ Voorbeelde van die begronningsbenadering is die leser-georiënteerde benaderings van Iser en die vroeë Fish, Bleich, Holland en Jauss. Die vroeë Fish se praktyk is gebaseer op die fenomenologiese begronningsmodel, by Bleich en Holland word psigologiese begronning gevind en by Jauss historiese begronning.

ankerloos te verklaar, onthul antibegronning dat die subjek altyd aan die gemeenskapsnorme wat dit konstitueer en wat sy rasionele dade bepaal, gebonde is. Hierdie subjek is nie vry om sy eie stel geïsoleerde oortuigings te skep nie, en is dus allesbehalwe ankerloos.

Die antibegronningsbenadering vorm die agtergrond van die kardinale plek wat "interpretasiegemeenskappe" in Fish se benadering tot betekenisvorming inneem. Maar voordat daarby uitgekom word, is dit nodig om te kyk hoe betekenisvorming vir Fish in die struktuur van die leser se ervaring plaasvind. Daarna sal gekyk word na die inperking van hierdie subjektiewe ervaring deur die kompetensie van die ingeligte leser en interpretasiegemeenskappe.

9.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE LESER SE ERVARING

Fish (1989:6) is gekant teen die formalistiese benadering tot betekenis wat dan ook die basis vorm van die begronningsbenadering ("foundationalism") waarteen hy hom rig. Betekenis is vir die formalis letterlike betekenis wat duidelik en helder is, ongeag die konteks, en ongeag van wat in die spreker of hoorder se bewussyn aangaan. Die betekenis kan afgelei word uit die woorde op papier, uit die vorm wat aangebied word. Dit is 'n betekenis wat voor interpretasie bestaan en gevolglik beperkend of beherend op interpretasie kan inwerk. Hierdie letterlike betekenis word op verskillende maniere deur Fish uitgedaag. Vir Fish bestaan naakte feite ("brute facts"), onafhanklik van menslike interpretasie, nie. Daarom is die idee dat "betekenis" binne die teks lê, en net op bevryding deur die leser se interpretasie wag, vir hom 'n objektivistiese illusie.⁹⁴

Fish (1980:4) probeer om van hierdie formalisme te ontsnap deur die klem te verskuif vanaf die teks in sy ruimtelike konfigurasies, na die leser en sy temporele

⁹⁴ Fish (1970:140) beskou die objektiwiteit van die teks as 'n bedrieglike illusie omdat literatuur eintlik kinetiese kuns is, maar homself nie so aanbied nie. Die fisiese vorm wat dit aanneem, naamlik 'n boek, verhoed ons om die essensieel kinetiese aard daarvan raak te sien, al ondervind ons dat dit wel beweeg terwyl ons dit lees, en dat ons daarmee saam beweeg. Die sogenaamde objektiwiteit skep die illusie van selfgenoegsaamheid en voltooidheid. Ook die woord "inhoud" bied die onuitgesproke veronderstelling dat die boek alles bevat ("inhou"). In die objektiewe benadering se bepaling van 'n begin, middel en 'n einde, in die objektiewe se omskepping van 'n temporele ervaring in 'n ruimtelike ervaring, meen Fish, word die verhouding tussen die data en die affektiewe krag nie in aanmerking geneem nie.

ervaring. Fish rig sy kritiese aandag dus nie op enige "objektiewe struktuur" wat in die werk self gevind kan word nie, maar op die struktuur van die leser se ervaring.

9.2.1 Die leser se ervaring en betekenisvorming

Omdat hy op die leser se ervaring gerig is, meen Fish (1970:125) dat dit nie meer sinvol is om te vra "wat beteken hierdie sin?" nie, maar mens sal eerder vra "wat doen hierdie sin?"

And what the sentence does is give the reader something and then take it away, drawing him on with the unredeemed promise of its return.

Die sin is nou nie meer 'n objek nie, maar 'n gebeurtenis - iets wat met, en in samewerking met die leser, gebeur. Hierdie hele gebeurtenis, en nie net die gevolgtrekking waartoe die leser aan die einde kom nie, beskou Fish (1970:125) as die "betekenis" ("meaning") van die sin.

So kan daar ook van die literêre teks gevra word: "wat doen hierdie roman?" Die antwoord lê in

...an analysis of the developing responses of the reader in relation to the words as they succeed one another in time (Fish, 1970:126).

Fish rig dus die aandag op die opeenvolging van besluite, hersienings, omkerings, herontdekkings, verwagtings, projeksies, konklusies, veronderstellings, soos die leser die teks stukkies vir stukkies in die temporele vloei van die leeservaring⁹⁵ ondersoek. 'n Betekenisvorming waartoe hy in die een sin kom, kan in die volgende sin weer omvergegooi word, en die betekenis van die teks lê óók in die eerste betekenisbepaling wat later verwerp is. Op hierdie manier lê "betekenis" in die hele

⁹⁵Holland (1980:367) spreek kritiek uit teen, wat hy noem, Fish se "stop-beweging"-leesmetode. Daarin lees ons eers twee reëls sodat die teks op ons kan werk. Dan stop ons en projekteer in die teks in. Dan lees ons weer twee woorde, dan projekteer ons, ensovoorts. Holland meen dat mens nie eers die reëls sien en dan besluit hoe jy dit sal interpreteer nie, maar jy doen dit in voortdurende transaksie. Die reëls word nooit gesien sonder dat die interpretasie gelyktydig plaasvind nie. Hierdie kritiek van Holland is geldig, maar Fish (1980:89) verander later self sy uitgangspunt as hy die onderskeid tussen beskrywing en interpretasie ophef, soos verderaan verduidelik word.

leeservaring⁹⁶ en nie net in die uitkristallisering van 'n "boodskap" aan die einde van die teks nie. Fish (1970:128) noem dit "meaning-as-an-event". Literatuur wat op hierdie manier benader word, is vir Fish (1970:131) 'n "ervaring":

...it occurs; it does something; it makes us do something. Indeed, I would go so far as to say, in direct contradiction of Wimsatt-Beardsley, that what it does is what it means.

Betekenisvorming vind dus plaas in die ontwikkelende vorm van die aktualisering, en dit lê nie in die statiese vorm van die gedrukte bladsy nie. Hierdie benadering het tot gevolg dat die aktiwiteite van die leser 'n betekenis kry wat dit voorheen nie gehad het nie, naamlik dat dit sêlf betekenis is, en nie meer 'n reaksie op betekenis nie. Daar word nou nie meer na betekenis verwys asof dit 'n "besitting" van die teks is nie, maar die geleidelike verskyning van betekenis kan waargeneem en gevolg word in die ontwikkelende reaksie van die leser op die opeenvolging van woorde.

In die eerste gedeelte van die artikel "Interpreting the Variorum" verduidelik Fish (1976) met behulp van voorbeelde hoe betekenis in die interpretasie van die leser lê. Daaruit word dit duidelik dat betekenisvorming in die struktuur van die leser se ervaring lê en nie in die struktuur van die teks nie. Fish kom tot hierdie gevolgtrekking wanneer die formalis by 'n meerduidige gedeelte sou "vashaak": daar kan nie eenstemmigheid verkry word tussen verskillende moontlikhede nie, want die teks lewer nie uitspraak nie. In so 'n geval kan dit duidelik gesien word dat die oordeelsdruk vanaf die teks na die leser verplaas word. Die konteks van die uitdrukking is hier dus "ervarend" ("experiential") (Fish, 1976:468). "Betekenis" word vir Fish dus ervarend geskep en nie positiwisties nie. Omdat "betekenis" in die ervaring lê, is die hêle ervaring betekenisvol. Met ander woorde, die eerste insigte wat in die verdere verloop van die leeservaring met nuwe insigte vervang is, maak ook deel van die betekenis uit. Daardie eerste insigte word deur 'n formalistiese benadering as foutief verwerp. Dit word verwerp omdat die formalis nie waarde kan vind in temporele verskynsels nie (Fish, 1976:470). Die betekenis is met ander

⁹⁶ Ray (1978:62) meen dat die rewolusionêre herlokalisering van betekenis in die ontwikkelende respons van die leser bedrieglik is, want betekenis kom slegs voor as hierdie leesvloeï deur iets buite die verwysingsraam gemoduleer word. Ray verwys hier na die kompetensie van die leser en die interpreterende gemeenskap. Ray is reg, maar hierdie twee komponente beteken nie dat betekenisvorming nie deur die leser se respons ook plaasvind nie - hulle is juis daar om die onbeperkte subjektiwiteit by die leser in te perk, soos verderaan gesien sal word.

woorde nie vir hom deel van die ervaring wat vroeër plaasgevind het nie - betekenis word vir die formalis positiwisties geskep en nie ervarend nie.

Betekenis lê dus in die leser se aktiwiteite. Die leser se aktiwiteite lei nie vir Fish (1976:474) na betekenis nie, maar dit hét betekenis. Hierdie betekenis is 'n gevolg daarvan dat die leser se aktiwiteite nie leeg is nie:

...for they include the making and revising of assumptions, the rendering and regretting of judgments, the coming to and abandoning of conclusions, the giving and withdrawing of approval, the specifying of causes, the asking of questions, the solving of puzzles (Fish, 1976:474).

Hierdie beskouing dat betekenis in die leser se aktiwiteit lê, doen aanvanklik vreemd aan. As Fish se latere teorie oor die invloed van die interpretasiegemeenskap in aanmerking geneem word, word hierdie beskouing meer aanvaarbaar. Sy bedoeling is waarskynlik dat die leser se aktiwiteite betekenis het, omdat dit elke oomblik déél vorm van die interpretasiegemeenskap waaruit die betekenisvorming voortkom.

9.2.2 **Beskrywing en interpretasie**

Omdat die ervaring van die leser nie afsonderlik staan van die formele eenhede nie, kan daar ook nie meer 'n skeiding gemaak word tussen beskrywing en interpretasie nie. Aanvanklik handhaaf Fish (1970:161) nog hierdie onderskeiding waarmee hy eintlik nog die onkreukbaarheid en objektiwiteit van die teks bevestig. Die effek van die teks op die leser word ervaar en beskryf, en dan onderwerp hy dit aan ontleding.

In die tweede gedeelte van "What is stylistics? 1" rig Fish (1980:89) hom egter direk teen die onderskeid tussen beskrywing en interpretasie. Hy bied dan 'n derde rigting aan waardeur bogenoemde arbitrêrheid uitgeskakel word as die uitgangspunt die **interpretasie-aktiwiteit (ondervinding) is waardeur betekenis gebeur**. Die leser se aktiwiteite is dus self interpreterend. Daar is nou nie meer 'n punt in die leesproses waar die leser moet stop om na 'n geskikte betekenis te soek wat aan die vorm geheg kan word nie, omdat 'n beskrywing van hierdie vorme terselfclertyd 'n bepaling van hul betekenis is (Fish, 1980:257). Elke beskrywing is dus altyd en

alreeds 'n interpretasie, en formele patrone is self die produk van interpretasie. (Hier stem Fish se benadering dus ooreen met Holland se transaktiewe metode.)

Aan die einde van "What is Stylistics Part II" kom Fish (1980:267) tot die gevolgtrekking dat hy nie sê dat daar geen formele patrone is nie, maar dat die formele patrone altyd die produk van 'n voorafgaande interpretasiedaad is, en daarom slegs onderskei kan word solank daardie daad in werking is. Of om Fish se aforisme te gebruik: "...there always is a formal pattern, but it isn't always the same one."

9.3 INPERKING VAN ONBEPERKTE BETEKENISVORMING

Omdat betekenisvorming deur die interpretasie-aktiwiteit plaasvind, kan dit lei tot 'n onbeheerde subjektiwiteit by die leser. In sy tekste is Fish geleidelik besig om die kategorie van die "subjektiewe" te elimineer. Terwyl hy hierdie artikels geskryf het, was hy self nie daarvan bewus nie, maar in 'n agternaperspektief het hy (Fish, 1980:10) dit wel so ingesien. In die volgende gedeelte sal verduidelik word hoe die opheffing van die subjektiewe element geleidelik deur Fish se redenasies plaasgevind het. Hy het begin deur eers iets aan te bied om die onbeperkte subjektiwiteit in te perk - deur die kompetensie van die leser, en later deur interpretasiegemeenskappe. Hierdie benadering van Fish het daartoe gelei dat die subjektiwiteit-objektiwiteit-onderskeiding heeltemal opgehef word, wat op sy beurt weer daartoe gelei het dat 'n onafhanklike subjektiewe betekenisvorming heeltemal ontken word.

Om 'n onbeperkte subjektiwiteit te probeer beheer, bied Fish eerstens iets aan wat die struktuur van respons kan reguleer:

9.3.1 Inperking deur die kompetensie van die ingeligte leser

Onder die invloed van Chomsky en Wardhaugh het Fish (1970:143) onder die indruk gekom dat begrip meer is as die lineêre prosessering van informasie; iets buite die leser se verwysingsraam (en hiermee word bedoel die betekenis wat verkry word uit die koppeling van een sin aan die volgende) is nodig om sy ervaring van die leesaksie te reguleer. Die eerste antwoord wat Fish (1970:143) hiervoor aanbied, is dat die tydelike vloei van die leesaksie deur alles wat die leser met hom saambring, naamlik sy "kompetensie", gereël en gestruktureer word,

...and it is by taking these into account as they interact with the temporal left to right reception of the verbal string, that I am able to chart and project the developing response.

Uit hierdie "kompetensie-begrip" blyk dit duidelik dat die leser 'n "informed reader" is. Volgens Fish (1970:145) is die "informed reader" iemand wat 'n kompetente leser van die taal en semantiek is waaruit die teks opgebou is, en ook iemand wat literêre kompetensie het.

Deur die "informed reader" se kompetensie word die leesaksie dus gereël en gestruktureer. Die kritikus kan 'n pluraliteit van "informed readers" wees, gevorm deur politieke, kulturele of literêre determinante. Die "informed reader" van Milton sal nie noodwendig die "informed reader" van Whitman wees nie (Fish 1970:146). Steeds is die probleem van onbeheerde subjektiwiteit nie opgelos nie, want hierdie pluraliteit kan weer tot 'n onbeheerde subjektiwiteit lei. In die artikel, "Interpreting the Variorum" (1976), probeer Fish om hierdie subjektiwiteit op te hef deur die teks en die leser te laat saamval, en die "interpretasiegemeenskappe" as bepaler van die vorm van die leesdaad aan te wys.

9.3.2 Inperking deur interpretasiegemeenskappe

Omdat 'n leser verskillend reageer as hy twee verskillende tekste lees, en verskillende lesers eenders reageer as hulle dieselfde teks lees, wil dit vir Fish (1976:481) voorkom asof daar iets onafhanklik en voor die interpretasiedaad bestaan wat dit veroorsaak. Hierdie stabiliteit en verskeidenheid skryf Fish aan die funksie van interpretasiestrategieë toe en nie, soos die formalis, aan die teks self nie. Omdat interpretasiestrategieë vir Fish nie in werking tree ná die leesaksie nie, maar die leesaksie self is, gee dit aan die teks sy vorm. As 'n leser bv. 'n teks begin lees, en 'n besluit neem oor die teks, bring dit 'n sekere stel interpretasiestrategieë na vore wat, as dit in werking gestel word, tot die "skryf" van die teks wat gelees word, lei. As 'n ander leser dieselfde stel interpretasiestrategieë vir dieselfde teks gebruik, sal hy saamstem oor die manier waarop die teks "geskryf" is. 'n Volgende leser met 'n ander stel strategieë, sal verskil, en sal 'n ander teks "skryf" (Fish, 1976:481).

Fish (1976:482) kom nou tot die gevolgtrekking dat die begrippe "dieselfde" of "verskillende" tekste (gebaseer op die formele strukture van die teks) 'n fiksie is. As

ek twee tekste verskillend lees, is hulle nie verskillend omdat die formele strukture verskillende interpretasie-strategieë na vore roep nie, maar omdat my predisposisie om verskillende interpretasie-strategieë ten uitvoer te bring, verskillende formele strukture sal produseer.

Interpretasie-strategieë word dus nie ten uitvoer gebring ná die leesaksie nie, maar hulle is die vorm van lees self, hulle gee aan die teks sy vorm. Hulle maak die teks en kom nie daaruit voort nie. Omdat hierdie interpretasie-aksies nie uit die leser voortkom nie, maak hulle nie van die leser 'n onafhanklike entiteit sodat die leser weer teenoor die teks gestel kan word nie. Die interpretasie-strategieë kom uit die **interpretasiegemeenskappe** waarvan die leser 'n lid is, voort.

Interpretive communities are made up of those who share interpretive strategies not for reading (in the conventional sense) but for writing texts, for constituting their properties and assigning their intentions (Fish 1976:483).

Elkeen sal dus die teks vorm soos sy interpretasiegemeenskap vir hom oproep, en die interpretasie-otoriteit word van die "teks" of "leser" af weggeneem (Fish 1989:141). Die interpretasiegemeenskappe is vir Fish (1976:484) 'n verklaring vir die stabiliteit van interpretasies onder verskillende lesers (hulle behoort aan dieselfde gemeenskap) en die maak van verskillende tekste deur 'n enkele leser (hy behoort aan verskillende gemeenskappe).

Fish (1989:120) stel dit duidelik dat die "interpretasiegemeenskappe" wat hy aanbied, nie dieselfde is as 'n stel "dissiplinêre wette"⁹⁷ nie. Vir Fish is die gebruik van eksterne reëls en wette dus ongeldig. Om "binne" 'n konteks te wees, is vir Fish (1989:127) om alreeds binne die norme, standaarde, definisies, roetines en doeleindes te wees wat die konteks bepaal, en wat deur die konteks bepaal is. Fish maak hier van Thomas Kuhn (1970:46) se benadering gebruik waar Kuhn sê:

⁹⁷Fish (1989:120) verduidelik dat Owen Fiss so 'n stel dissiplinêre wette aangebied het om die relevansie en gewig wat aan die materiaal toegeken moet word, te spesifiseer, en om die basiese konsepte en prosedures waaronder die interpretasie moet geskied, te definieer. Fish se beskouing is dat as hierdie reëls die interpreteerder moet beperk, hulle self onafhanklik van interpretasie gelees moet kan word. Vir Fish is reëls egter tekste, en moet gevolglik self geïnterpreteer word. Self kan hulle dus nie as beperking op interpretasie dien nie.

...scientists... never learn concepts, laws, and theories in the abstract and by themselves. Instead, these intellectual tools are from the start encountered in a historically and pedagogically prior unit that displays them with and through their applications.

Omdat die leser altyd en alreeds in die interpretasiegemeenskap gesitueer is, hoef daar nie gesoek te word na beperkings nie, want hy is alreeds beperk.

Hiermee het Fish die vrees hokgeslaan dat die "interaksie" tussen teks en leser nie voldoende beperk word deur beperkings te plaas op die vryheid van die leser en die polisemie van die teks nie. Volgens Fish (1989:133) verkeer lesers en tekste nooit in 'n staat van onafhanklikheid nie en dit is dus nooit nodig om hulle met 'n eksterne wet te probeer "dissiplineer" nie. Omdat lesers alreeds binne die norme, standaard en doelwitte van 'n gedeelde onderneming dink, is die betekenis wat vir hulle beskikbaar is, vooraf bepaal deur hul professionele opleiding;

...they are thus never in the position of confronting a text that has not already been "given" a meaning by the **interested** perceptions they have become (Fish, 1989:133).

Persepsie kan vir Fish (1981:11) nooit arbitrêr wees nie omdat dit altyd binne 'n stel veronderstellings bestaan wat dit wat waargeneem kan word, reeds vooraf beperk. Persepsie is altyd konvensioneel - vooraf gestruktureer deur kategorieë soos die klaskamer of die genre wat openbaar en gemeenskaplik is en nie individueel en uniek nie.

Bloom se benadering verskil hier lynreg van dié van Fish. Volgens hom lees die sterk digter of kritikus hul voorgangers doelbewus mis en breek so uit hul invloedse weg. Die digter wat in Fish se interpretasiegemeenskap "gevang" bly, sal deur Bloom (1973:50) as 'n "swak digter" beskou word wat nie die "invloed-angs" (om besit te word deur sy voorganger se skaduwee) kon oorkom nie. Persepsie kan vir Bloom dus wel solipsisties plaasvind, terwyl dit vir Fish deur "gedeelde begrip" gevorm word. Fish sal Bloom se doelbewuste wegbreek uit voorgangers se invloedse natuurlik as 'n interpretasiestrategie beskou!

Die betekenisvorming wat Bleich (1981:39) deur sy "simbolisering en hersimbolisering"⁹⁸ aanbied, vind weer net andersom as dié van Fish plaas: selfpersepsie lê vir Bleich tot gedeelde begrip. Omdat die gedeelde begrip van Fish se interpretasiegemeenskappe die basis vir persepsie vorm, is die individu se opinies en veronderstellings nie werklik sy "eie" in die sin dat hy hul oorsprong is nie. Dit is die vooraf beskikbaarheid van die institusie se sisteme van verstaanbaarheid wat die pad beperk wat sy bewussyn moontlik kan neem. Bleich se betekenisvorming word eers op die leser se individuele respons gebaseer en dan word binne gemeenskapsnorme onderhandel om by die hersimbolisering, of die formulering van betekenis uit te kom. Albei ken dus 'n plek toe aan gemeenskapsnorme, maar Fish ontken die individu terwyl individuele respons vir Bleich die basiese boublok is.

Holland (1976:338) bied deur sy beginsel van identiteitsherskepping (DEFT) 'n verklaring in die vorm van 'n transaksieteorie aan vir die manier waarop ons persoonlikheid ons persepsie en interpretasie affekteer. In die literêre ervaring vind die transaksie tussen teks en leser vir verskillende lesers verskillend plaas. Die rede hiervoor is dat elkeen die bronne wat die werk aanbied, sodanig verander dat dit elk se besondere **identiteitstema**⁹⁹ uitdruk. Die identiteitstema funksioneer soos 'n unieke persoonlike paradigma, 'n soort dieptestruktuur van die persoonlikheid wat in elke gedagte, daad, of persepsie van die individu uitgedruk word. Dit vervorm ervaring na sy eie beeld terwyl dit terselfdertyd, in reaksie op die ervaring, variasies ondergaan.

⁹⁸Betekenisvorming vind vir Bleich (1981:39) deur twee stappe plaas, naamlik "simbolisering" en "hersimbolisering". In die "simbolisering" word die respons van die waarnemer aangebied. Die leser gee sy affektiewe ervaring wat hy in die leesproses ondervind, weer, waarby sy gevoelens, herinneringe en vrye assosiasies ingesluit is. Die vrye assosiasies bring 'n subjektiewe dialektiek tot stand tussen die leser se historiese ervaring van die affek en die nuwe gedagtes wat uit die teks voortspruit. In die "hersimbolisering" vind die formulering van betekenis plaas as die responsweergawes in ooreenstemming met die voorskrifte van die gemeenskap en die institusie geherformuleer word.

⁹⁹Hier maak Holland van Lichtenstein se beskouing van "identiteitstema" gebruik (Chabot, 1975:25). Lichtenstein meen dat die moeder 'n identiteit op die kind afdruk. Hierdie "identiteitstema" is onomkeerbaar. Al is dit in staat tot variasie (soos 'n musikale tema), behou dit 'n stabiele identiteit; dit produseer variasies, nie afwykings nie. Die verwantskap tussen moeder en kind word die patroon van alle verdere persoonlike verhoudings.

Betekenis is vir Fish dus nie die eiendom van vry en onafhanklike lesers en ook nie van vaste en stabiele tekste nie, maar van interpretasiegemeenskappe wat verantwoordelik is vir die vorm van die leser se aktiwiteite sowel as vir die tekste wat deur daardie aktiwiteite geproduseer word. Na my mening behoort die skeppende kragte van die leser nie so geheel en al geïgnoreer te word nie. Alhoewel die leser nie as 'n losstaande entiteit, onafhanklik van teks en interpretasiegemeenskap beskou hoef te word nie, beteken dit nie dat sy eie skeppende funksies geen rol speel in die proses van betekenisvorming nie. Daarsonder sou geen nuwe teorie gevorm kan word nie en afsonderlike kunswerke nie geskep kan word nie. Fish lewer egter self kommentaar op die kwessies van subjektiwiteit en "verskil", soos verderaan gesien sal word.

9.3.2.1 *Opheffing van die onderskeid subjektief-objektief*

In sy inperking van 'n onbeperkte subjektiwiteit en polisemie van die teks meen Fish (1980:335) dat hy die subjektief-objektief-onderskeiding opgehef het omdat die betekenis nie subjektief óf objektief kan wees in so 'n situasie nie. Hulle kan nie objektief wees nie omdat hulle altyd die produk van een of ander perspektief is; hulle kan nie subjektief wees nie omdat daardie perspektief altyd sosiaal of institusioneel sal wees. Fish stel dit ook dat hulle beide subjektief en objektief kan wees: hulle is subjektief omdat hulle aan 'n besondere perspektief verkleef is, en daarom nie universeel is nie; hulle is objektief omdat die perspektief wat hulle onderlê, openbaar en konvensioneel is, en nie individueel of uniek nie. Omdat hierdie kwessie op bogenoemde twee maniere gestel kan word, toon dit vir Fish (1980:336) van hoe min waarde die terminologie¹⁰⁰ eintlik is.

¹⁰⁰Ook Holland (1980:364-367) beweer dat hy die subjektief-objektief-onderskeiding opgehef het. In plaas van die twee maniere waarop realiteit waargeneem kan word, die een "objektief" en die ander "subjektief", bied Holland 'n transaksieteorie aan wat op die psigoanalitiese konsep van die self-objek-differensiasie gebaseer is: die mens kan homself nie ken sonder om te teer op dinge wat hy van die wêreld-daarbuite (moeder, kos, sinuïglike persepsies) geleer het nie. Vanaf ongeveer sy agste lewensmaand leer die kind 'n realiteit ken deur die afwesigheid van sy voedende Ander. Deur die Ander as afsonderlik waar te neem, leer hy homself as Self ken. In die vroeë transaksies tussen moeder en kind, het hy geleer om transaksies aan te gaan met die Ander. In die kind se ontwikkeling is die finale realiteit nóg objektief, nóg subjektief, maar dit is die transaksie tussen hulle, "between the me and what I relate to as not-me" (Holland 1976:337). Die beginsel van identiteitsherskepping maak dit moontlik om holisties oor individue te praat. Die Cartesiaanse klowing van die wêreld in "objektiewe" en "subjektiewe" realiteite is nie meer nodig nie.

In "Why no one's afraid of Wolfgang Iser" ontken Fish (1981:11) die subjektiewe element van lees geheel en al. Volgens hom is die waarnemer nooit individueel in die sin van uniek of privaat nie, maar hy is altyd die produk van die begripskategorieë wat hy verkry het uit hoofde van sy lidmaatskap aan 'n interpretasiegemeenskap.

9.3.3 Inperking van betekenisvorming deur situasie en konteks

Alhoewel die objektiewe teks en objektief bepalende betekenis deur Fish ontken word, kan hy nie onder dieselfde kam as poststrukuraliste soos Derrida geskeer word nie. Vir Fish (1980:268) is bepaaldheid altyd beskikbaar, maar hy verskil van die formalis hierin dat beperkinge nie deur die taal of wêreld buite konteks plaasvind nie, maar deur beperkinge wat in die konteks ingebou is waarin die interpreteerder werk. Hy is dus nie teen die normale, die ordinêre, die letterlike, die voor-die-hand-liggende nie, maar hy sien dit as die produkte van kontekstuele of interpretasie-omstandighede en nie as die eiendom van 'n akontekstuele taal of onafhanklike wêreld nie. Fish maak dan telkemale dieselfde punt, al benader hy die saak vanuit verskillende perspektiewe (byvoorbeeld vanuit godsdiens, seks, literatuur, die wet, taalhandelinge teorie, ens.): taal het nie 'n vorm onafhanklik van konteks nie, maar omdat taal slegs in konteks en nooit abstrak kan bestaan nie, het dit altyd 'n vorm, alhoewel dit nie altyd dieselfde vorm is nie. Fish (1980:284) gee self 'n opsomming van die verskillende perspektiewe van waaruit hy sy punt maak:

A sentence is never not in a context. We are never not in a situation. A statute is never not read in the light of some purpose. A set of interpretive assumptions is always in force. A sentence that seems to need no interpretation is already the product of one.

Hierby kan nog 'n paar van Fish se kenmerkende sinne gevoeg word:

No sentence is ever apprehended independently of some or other illocutionary force (Fish, 1980:284).

There will always be a normal context, but it will not always be the same one (Fish, 1980:287).

...a normal context is just the special context you happen to be in (Fish, 1980:188).

9.3.3.1 *Kommunikasie*

Fish brei hierdie konteks-bewustheid dan ook uit na die kommunikasiesituasie. Kommunikasie kan vir Fish (1980:304) slegs binne 'n sisteem (of konteks, of situasie, of interpretasiegemeenskap) plaasvind, en die onderlinge begrip tussen twee of meer persone is verbonde aan daardie sisteem en kan slegs binne sy grense bepaal word. Ek praat dus met die ontvanger vanuit 'n stel belange, en vanuit dieselfde belange verstaan hy my woorde. Die kommunikasie wat so plaasvind, is vir Fish (1980:303) nie 'n gevolg van die feit dat beide dieselfde taal deel, met 'n kennis van woordbetekenisse en taalreëls nie,

...but because a way of thinking, a form of life, shares us, and implicates us in a world of already-in-place objects, purposes, goals, procedures, values, and so on; and it is to the features of that world that any words we utter will be heard as necessarily referring.

Kommunikasie is dus nie gegrond op 'n stel onafhanklike norme en standaarde nie, maar dit vind altyd **binne** 'n situasie plaas waar hierdie norme en standaarde deur gemeenskapsoortuigings gehandhaaf word. Voordat mens 'n uiting verstaan, moet jy alreeds in besit wees van 'n stel vooronderstellings wat jou in staat stel om te identifiseer watter soort uiting dit is. Hierdie beskouing van Fish hou natuurlik 'n baie groot moontlikheid in vir 'n reeks misverstande, want geen gemeenskap bestaan uit mense wat nêr aan dieselfde oortuigings onderhewig is nie! Maar dit is ook nie wat Fish sê nie. Verderaan word dit duidelik dat een persoon gelyktydig aan verskillende interpretasiegemeenskappe kan behoort. Fish (1989:30) sluit nie die moontlikheid van misverstande uit nie omdat sy interpretasiegemeenskap nie 'n perfek gekalibreerde masjien is nie.

Fish (1989:43) bied 'n voorbeeld aan om te toon hoe betekenis in 'n kommunikasiesituasie deur veronderstellings en gelowe beheer word, en nie deur die twee pole van die kommunikasiekanaal nie. 'n Prentgrap in die New Yorker toon 'n man voor 'n televisiestel, sy oë vasgenaël op die skerm; by hom staan 'n woedende vrou. Die byskrif is soos volg: "Jy lyk jammer, jy tree op asof jy jammer is, jy sê jy is jammer, maar jy is nie jammer nie". Sy weet wat haar eggenoot se woorde beteken omdat sy weet watter soort persoon hy is - wat hy ook al sê is vir haar 'n bevestiging van wat sy oor hom glo. Dit is dus die veronderstellings en

oortuigings wat betekenis vaslê. Hierdie voorbeeld toon ook vir Fish (1989:43) dat daar geen epistemologiese verskil tussen direkte en bemiddelde kommunikasie is nie, omdat alle kommunikasie eintlik maar bemiddeld is. Enige soort kommunikasie word dus deur dieselfde soort toestande gekenmerk: interpretasie is nodig en perspektief is onvermydelik.

9.4 PRAGMATIESE BETEKENISVORMING

Onbeperkte betekenisvorming wat deur die leser se ervaring van die teks sou kon plaasvind, word dus deur die interpretasiegemeenskappe, situasie en konteks ingeperk omdat die betekenisvorming in der waarheid daardeur gevorm word. Dit is 'n pragmatiese betekenisvorming wat ook deur neo-pragmatiste soos Rorty aangehang word. Heelwat kritiek is teen Fish uitgespreek en in die volgende gedeeltes sal gekyk word na die rolle van "verskil", relativisme en etnosentrisme in hierdie pragmatiese betekenisvorming.

9.4.1 Die rol van "verskil" in pragmatiese betekenisvorming

Vanuit Fish se teorieë wil dit dus voorkom asof alles altyd vanuit 'n situasie of 'n konteks plaasvind en ook so benader moet word. Die vraag is nou of daar ruimte vir **verskil** in interpretasies binne Fish se interpretasiegemeenskappe is.

Van die grootste kritiek teen Fish is dat sy kritiek meer op harmonie ingestel is, op gemeenskaplike norme van interpretasie as op verskille. Freund (1987:107) beskryf Fish se interpretasiegemeenskappe as

...a bundle of strategies or norms of interpretation that we hold in common and which regulate the way we think and perceive.

So gestel laat dink dit aan Althusser (1979:231) se "ideologie" as hy ideologie sien as

...a system ... of representations (images, myths, ideas or concepts, depending on the case) endowed with a historical existence and role within a given society.

wat die subjek "vorm" (Althusser, 1979:180). As die verskillende doelwitte wat volgens Althusser deur 'n klasse- en 'n klaslose gemeenskap deur middel van

ideologie bereik kan word, in aanmerking geneem word, wil dit voorkom of kritici soos Freund¹⁰¹ (1987:110) wat die harmoniërende effek van Fish se interpretasiegemeenskap kritiseer, Fish se interpretasiegemeenskap as 'n klaslose gemeenskap sien. Volgens Althusser (1979:236) word die verhouding tussen die mense en hul bestaanstoestande in die klassegemeenskap tot voordeel van die heersende klas gereël; en in die klaslose gemeenskap tot voordeel van alle mense. Hierdie onderskeid sal sodanige kritikus dan onwillekeurig na Foucault lei, wat meer op die spannings en konflikte van die klassegemeenskap ingestel is wat menslike selwe op verskillende maniere tot voordeel van die heersende klas konstitueer.

Alhoewel Fish nie baie klem lê op "verskil" nie, meen ek dat so 'n aanklag teen Fish, asof hy bloot 'n passiewe interpretasie aanhang wat konvensie-gebonde en op konsensus ingestel is, nie geldig is nie. Hy bied aan ons 'n pragmatiese instelling waarvolgens alles, ons taal, ons gewete, ons gemeenskap, wel produkte van tyd en verandering is, waar waarhede produkte van 'n histories-gesitueerde woordeskat is, maar in hierdie pragmatiese gesprek ontmoet verskillende diskoerswêrelde, hier vind ons 'n "openheid vir die vreemde". Fish (1989:30) sê self dat fondasies in die antibegronningsituasie lokale en tydelike verskynsels is wat altyd vatbaar is vir uitdagings vanuit ander posisies en tye. Na my mening is hierdie opmerking van hom belangrik, want dit kan lei tot konneksies en verskille tussen oënskynlik onversoenbare woordeskatte (geloofstelsels, historiese periodes, kulture, dissiplines) en wat veral van belang is, is dat dit tot "vernuwing" kan lei. Vernuwing word baiekeer gevind as ongewone verbindings gemaak word, veral tussen oënskynlike onversoenbaarhede.

So gesien, kan Fish se "interpretasiegemeenskappe" met Rorty se verskuiwende, verwante "web van oortuigings" vergelyk word waar 'n "passiewe harmonie" beslis nie die oorwegende faktor is nie. In hierdie herinterpretasie van ons bekende omgewings in die onbekende terme van ons nuwe uitvindings, neem hierdie diskoers ons "out of our selves by the power of strangeness, to aid us in becoming new beings" (Rorty, 1990:360), en dit lei tot "the reweaving of the dynamic and formless, centreless web which "is" the self (Rorty, 1989:30).

¹⁰¹Freund (1987:110) se kritiek lui soos volg: "Fish's subject, imprisoned in communal norms of interpretation and coerced by their authority, has no means of engaging with the more recalcitrant features of texts, with their rhetoricity, with the infinite regress of figuration, with doubt, uncertainty, or irony, with the strangeness or "otherness" of poetry or language."

Binne hierdie "web van oortuigings" hang elke subjek nie net een "geloof" aan nie, maar verskillende oortuigings gelyktydig omdat hy lid is van verskillende interpretasiegemeenskappe¹⁰² (Fish 1989:30). Ek is onder andere wit, 'n literêre kritikus, 'n moeder, 'n eggenote, 'n verbruiker, 'n buurvrou ens. Daar kan natuurlik konflik tussen die verskillende rolle ontstaan, wat, nes die gelowe wat ek aanhang, beperkings kan wees waarvan ek nie kan ontsnap nie.

Omdat die subjek aan verskillende interpretasiegemeenskappe behoort, sal verskille voorkom tussen diegene wat verskillende uitgangspunte voorstaan (of deur verskillende uitgangspunte besit word),

...and what is at stake in a disagreement is the right to specify what the facts can hereafter be said to be (Fish 1980:338).

Die vraag kan nou gevra word hoe iemand wat glo dat die krag en ooredingsvermoë van 'n interpretasie van institusionele omstandighede afhang wat self voortdurend verander, sy eie interpretasie met oortuiging kan verdedig? Die antwoord wat Fish (1980:360) aanbied, is dat interpretasie nie in 'n vakuum plaasvind nie, maar vanuit 'n perspektief, en daardie perspektief is immuun teen twyfel totdat dit deur 'n ander perspektief verplaas word wat op sy beurt weer immuun is. Hierdie kwessie van verandering lei Fish (1980:367) daartoe om twee kritiese modelle aan te bied, naamlik "demonstrasie" teenoor "oorreding" ("persuasion").

9.4.1.1 *Demonstrasie/oorreding*

In 'n demonstrasiemodel bestaan die objekte van ons aandag onafhanklik van die aktiwiteite waarmee ons hulle moet beskryf. In 'n ooredingsmodel het ons aktiwiteite 'n direk samestellende rol wat betref die objekte, asook die terme waarmee hulle beskryf kan word, en die standaarde waarmee hulle geëvalueer kan word. Die verantwoordelikhede van die kritikus is baie groot onder die

¹⁰² Die verskillende interpretasiegemeenskappe waaraan die subjek behoort, bied wel 'n verskeidenheid stemme aan, maar dit maak nie so ruim voorsiening vir die stem van die "ander" soos byvoorbeeld Bakhtin nie. Vir Bakhtin praat verskeie stemme saam in die woorde (ook dit wat histories binne die woorde gevorm is) en deur die uiting (wat deur die sosiale konteks geïntegreer is). Vir Bakhtin (1981:276), anders as vir Fish, staan enige uiting in die lig van "vreemde" woorde wat alreeds daarvoor uitgespreek is. Dit is deurspek met vreemde waardeoordele en aksente.

oorredingsmodel, want in plaas daarvan om bloot 'n speler in die spel te wees, is hy die maker en breker van die reëls. Fish (1980:369) verduidelik dit soos volg: in 'n oorredingsmodel kan jy my oorreed dat my oortuigings van 'n ander posisie afhang as dit waarin ek op die oomblik staan, en as jy my oortuig het, word jou posisie myne en sal ek glo wat jy glo. Maar voordat dit gebeur, sal ek my eie oortuigings met volle oortuiging verdedig, al weet ek ook dat ek onder ander omstandighede êrens in die toekoms heeltemal anders kan glo. Indien my posisie nie vatbaar is vir uitdagings nie, sou dit beteken dat ek in 'n "vaste" posisie staan, buite veronderstellings. In die oorredingsmodel is my posisie in oortuigings of standpunte gegrondves wat deur ander oortuigings vervang kan word, wat 'n eindelose opeenvolging van praktiese aktiwiteite tot gevolg het.

Betekenisvorming vind dus deur perspektiefverandering plaas wat deur vorme van oorreding bewerkstellig word.

Hierdie oorredingsmodel laat wel ruimte toe vir **eklektisisme**. Behalwe dat die leser vandag nie in 'n enkele interpretasiegemeenskap staan nie, en gevolglik reeds eklekties kan optree in haar benadering tot die literêre teks, kan sy ook nog deur 'n ander leser vanuit 'n ander interpretasiegemeenskap "oorreed" word.

9.4.2 Die rol van solipsisme en relativisme in pragmatiese betekenisvorming

"Relativisme" is die beskouing dat elke standpunt oor 'n sekere onderwerp so goed is soos enige ander een. Abrams (1977) en Hirsch (1967) se vrees vir relativisme en solipsisme wat hulle dan lei tot die noodsaaklikheid van vasgestelde betekenis, word deur Fish (1980:321) uit die weg geruim met sy aanbieding van 'n interpreteerder as 'n verlengstuk van 'n institusionele gemeenskap. Fish stel 'n gedeelde basis van ooreenstemming voor om die soort relativisme te verhoed wat alle interpretasies ewe goed maak, en wat die dosent sonder 'n antwoord laat as die student beweer dat sy interpretasie net so goed is soos die dosent s'n. Fish (1980:317) meen dat hierdie soort relativisme slegs verhoed kan word as daar 'n gedeelde basis van ooreenstemming is wat interpretasie kan rig maar ook 'n meganisme kan aanbied om tussen interpretasies te besluit. Kommunikasie kom binne situasies voor, en om in 'n situasie te wees, is om reeds deur 'n struktuur van vooronderstellings besit te word (Fish, 1980:318). Binne hierdie vooronderstellings vind kommunikasie plaas.

Hierdie struktuur van vooronderstellings moet nie beskou word as 'n onpersoonlike linguistiese struktuur wat los staan van die taalgebruiker nie. Dit is ook nie 'n vaste, onveranderlike struktuur, ontoeganklik vir historiese fluktuasie nie. Hierdie "struktuur van vooronderstellings" van Fish kan dus nie met De Saussure se strukturalistiese konsepsie van "langue" gelykgestel word nie. Fish (1989:30) sê self dat sy "oortuigings" nie 'n perfek gekalibreerde masjien is nie omdat elk van ons lede van verskillende interpretasiegemeenskappe is. Fish se konsepsie kan dus eerder met Rorty se "web van oortuigings" vergelyk word. Kommunikasie kan dan binne hierdie "web van oortuigings" plaasvind omdat die spesifikasie van oortuigings terselfdertyd 'n spesifikasie van persone is, en omdat 'n "web van oortuigings" in staat is om van vorm te verander. Hierdie web is voortdurend in 'n proses van herwewing en die aktiwiteite van die wewers is in 'n mate sonder hul bewuste kennis geprogrammeer.

Binne hierdie vooronderstellings hang die individu sy "oortuigings" (vanuit die norme en waardes wat hom besit) aan. Volgens Fish (1980:319) is daar nooit 'n oomblik wanneer iemand niks glo nie, wanneer bewussyn onskuldig is wat betref enige denkkategorie nie. Fish is bewus daarvan dat 'n aanklag van solipsisme hier gemaak kan word omdat 'n oortuiging wat sy bron in die denkkategorie van die individu het, nie gemeenskaplike waarde het nie; 'n gedeelde verstaanbaarheid is nie moontlik in 'n wêreld waar elkeen in die kring van sy eie veronderstellings en opinies vasgevang is nie. Fish (1980:320) weerlê hierdie aanklag van solipsisme met die verweer dat die individu se veronderstellings en opinies nie "sy eie" is nie in die sin dat hy nie hul oorsprong is nie. Dit is die voorafbeskikbaarheid, die institusie se sisteme van verstaanbaarheid wat die pad beperk wat die individu se bewussyn moontlik kan neem. Alhoewel die individu se uitgangspunte hul bron in 'n stel oortuigings het, is daardie oortuigings nie idiosinkraties nie, maar gemeenskaplik en konvensioneel.

As die interpreteerder dus as 'n verlengstuk van die institusionele gemeenskap beskou word, kan die aanklag van solipsisme en relativisme nie gemaak word nie, omdat hulle nie moontlike bestaanswyses is nie. Die toestand wat nodig is vir iemand om 'n solipsis of relativis te wees, naamlik om onafhanklik van institusionele veronderstellings te wees en vry om jou eie doelwitte te skep, kan nie gerealiseer word nie.

Die interpretasiegemeenskap is dus die "anker" wat 'n onbeperkte relativisme of solipsisme verhoed omdat die interpreteerder alreeds binne 'n

interpretasiegemeenskap staan, en sy oordele word in terme van daardie voorafbestaande waardes en vooroordele gemaak.

Hierdie voorafbestaande struktuur van waardes en vooroordele behoort egter nie aan enige interpretasiegemeenskap nie, maar aan die interpreteerder se eie interpretasiegemeenskap, waarvan hy 'n lid is. Alhoewel die aanklag van relativisme nie teen Fish gemaak kan word nie, vind betekenisvorming wel etnosentries plaas.

9.4.3 Die rol van etnosentrisme in betekenisvorming

Die pragmatist aanvaar dat sy eerstens Afrikaans of Zoeloe is, en dan 'n mens. Sy word groot met konsepsies van waarheid en realiteit wat noodwendig etnosentries van oorsprong is. Die aanspraak op rasionaliteit en waarheid maak vir die pragmatist slegs sin vanuit die posisie van solidariteit met sy groep. McCallum (1990:87) wys daarop dat Fish nie bewus genoeg van sy eie etnosentrisme is nie. McCallum se beswaar is dat Fish se interpretasiegemeenskap met sy pluralisme 'n prentjie is van die Verenigde State van vandag met sy liberale diskoerse. Die liberale faset daarvan is nie noodwendig 'n literêre konsep nie.

Ek stem met McCallum saam dat die beskuldiging van etnosentrisme teen Fish gemaak kan word. Fish bied dus nie 'n wyd genoeg geleentheid aan vir die leser om tot vernuwende insigte te kom nie. Die leser kom eers tot ware selfontdekking wanneer oortuigings wat anders as sy eie is, ontdek kan word, om nie eers te praat van nuwe insigte nie. Fish se opvatting kan nie radikaal "ander" tekste akkommodeer nie, omdat hulle vir sy interpretasiegemeenskap onleesbaar sal wees. Dit kan tot gevolg hê dat die teks gesensureer word, wat 'n inperking is op die vryheid van die leser. 'n Meer aktiewe soort betekenisvorming is dus nodig as dit wat Fish deur sy ingeperkte etnosentristiese benadering aanbied.

9.5 TEN SLOTTE

'n Tipe argeologiese benadering soos dit wat Foucault aanbied, sou meer aanvaarbaar wees sodat historiese prosesse en sosiale strukture nie so duidelik van professionele gemeenskappe afgekamp word nie. In so 'n benadering sou Fish interpretasie-gemeenskappe nie so idealisties kon skilder asof konflikte eenvoudig deur ooredingsmodelle opgelos sou kon word nie. In Foucault se genealogiese benadering (Foucault, 1972:5; 1972:138; 1980:83) vervul die leser 'n genealogiese

rol as hy vanuit die hede probeer vasstel wat die leidende sosiale, ekonomiese en intellektuele rolle is waarbinne die waarheid in die teks figureer. Hy sal met ander woorde probeer om die politieke, ekonomiese, institusionele régime van die produksie van waarheid te bepaal. Om dit te doen, sal hy byvoorbeeld kyk op watter manier dinge (mag) in die teks georganiseer is; hoe mag verweef is deur die sosiale (die politieke lewe) in die teks (Foucault, 1988:118); watter vorme van "normalisering" in die teks gevind word (Foucault, 1980:107); watter tipe diskoers aanvaar word (Foucault, 1980:131); wat die terreine is waarbinne waar en vals tersake gemaak word (Foucault, 1987:108); watter meganismes aangewend word om waar en vals te onderskei; wat die status van die meningsvormers is (Foucault, 1980:131); op watter maniere genot, begeerte en seksuele gedrag in 'n sekere lewenstyl geproblematiseer word (1988:256); of die régime van mag-kennis-genot wat die diskoers van menslike seksualiteit reël, vasgestel kan word (Foucault, 1978:11). Hierdie sake spruit dan nie net uit die leser se interpretasiegemeenskap nie, maar hoe die interpretasiegemeenskap waarbinne die teks staan, daar uitsien.

In 'n Foucaultiaanse benadering vind literêre betekenisvorming in die genealogie van die leser plaas. Die leser is hier dus nie so absoluut aan die interpretasiegemeenskap onderworpe en uitgelewer nie, maar sy aktiewe rol word erken. Tog beteken dit nie dat woorde hulle betekenis behou, dat begeertes in 'n enkele rigting dui en dat idees hul logika behou nie. Foucault (1977:146) sê dat om die komplekse roete van genealogie te volg, "is to discover that truth or being do not lie at the root of what we know and what we are, but in the exteriority of accidents". Binne hierdie genealogiese benadering is betekenisvorming in staat om afwykende en marginale elemente van vorige vooroordeel te bevry en om die "norm" wat binne die natuurlike verskuil is, te onthul. Fish bied wel 'n oorredingsmodel aan om verandering en verskil te verantwoord, maar nie iets om die "skyn van natuurlikheid" te ontbloot nie - iets wat 'n belangrike rol in betekenisvorming kan speel.

Tog! Foucault se genealogiese benadering is niks anders as 'n interpretasie-strategie nie! Selfs die afwykende elemente en vooroordeel, die ontbloting van die "skyn van natuurlikheid", kan dus binne Fish se teorie geakkommodeer word.

Ten slotte wil ek 'n pragmatiese gevolgtrekking maak deur af te sluit met twee oorredingsmodelle. **Die eerste oorredingsmodel** is dat die teorie van

betekenisvorming wat Fish aanbied, na my mening nie aktief genoeg plaasvind nie. Omdat die ontwikkelende aktualisering van die leser deur 'n interpretasiegemeenskap gereguleer word, word die leser nooit 'n aggressiewe betekenisvormer nie. Hy is bloot die verlengstuk van die institusionele gemeenskap en as sodanig is hy die middel waardeur veronderstellings en oortuigings werk, en omdat die leser nie verby oortuigings, belange, veronderstellings en uitgangspunte gaan nie, maar daaraan getrou bly, kan hy nie maklik tot vernuwende insigte kom nie. Boonop is hy vasgevang in 'n etnosentrisme omdat Fish se rasionaliteit gemeenskapsgebaseerd is, en kritiese navraag vir Fish bykomstig is. Hy vereenvoudig dus verwikkeldhede, veral die strydvlustige eienskappe, van subjektiwiteit en gemeenskapslidmaatskap.

Hierteenoor word die volgende oorreringsmodel voorgestel: Fish se pragmatiese model is heerlik oop vir eklektisisme. Die groot verskeidenheid interpretasiegemeenskappe waarin die leser vandag staan (Marxisties, feministies, dekonstruktief) maak verskeie moontlike benaderings tot die teks oop. Interpretasiegemeenskappe kan selfs 'n dekonstruktiewe of 'n genealogiese lesing akkommodeer as die teks vanuit 'n dekonstruktiewe of genealogiese interpretasiestrategie benader word! Die leser kan wel op een manier ingeperk word, en dit is deur die interpretasiegemeenskap waarbinne die teks staan. Dit beteken dat die teks genealogies benader word - vanuit vandag se perspektief waarbinne die leser staan, en deur die besondere interpretasiegemeenskap wat hy kies. In die postmoderne gemeenskap waarbinne ons vandag staan, is hy ook nie etnosentries ingeperk nie: die pragmatiese interpretasiegemeenskap waarbinne Fish staan, is Amerikaans, maar noudat hy my oorreed het, is dit ook my interpretasiemodel hier in Suid-Afrika! Die verwikkeldhede van gemeenskapslidmaatskap kan onder 'n pragmatiese model besonder oop wees!

In die bespreking van Goosen se teks hieronder word van 'n genealogiese interpretasiestrategie gebruik gemaak.

9.6.1 Interpretasiestrategie van die leser: genealogiese benadering

Soos ons gesien het, vind betekenisvorming vir Fish plaas in die ontwikkelende aktualisering van die leser wat deur spesifieke interpretasiestrategieë gereuleer word. Die twee bestaan nie afsonderlik van mekaar nie, want die ontwikkelende aktualisering staan binne hierdie interpretasiestrategieë. Omdat Goosen se novelle oor 'n tydperk handel waarin die interpretasiegemeenskappe verskil van die interpretasiegemeenskappe waarin vandag se leser staan, is die interpretasiestrategie waarbinne die teks gelees word, 'n genealogiese strategie. In hierdie teks word die fyn dokumentering van 'n era aangebied, die uitbeelding en aan-die-kaak-stel van 'n spesifieke gemeenskap in 'n spesifieke tyd. Binne 'n **genealogiese strategie** sal die leser vanuit die hede probeer vasstel wat en hoe die interpretasiegemeenskappe is wat hier uitgebeeld word.

'n Genealogiese strategie behels dus 'n metode waarvolgens die leser interpretasiegemeenskappe uit 'n ander tydperk as dié waarin die leser staan, in die teks kan raaklees. Dit is dus deel van die interpretasiestrategie om die "ander" raak te lees - 'n ander gemeenskap wat binne die genealogiese strategie geakkommodeer is.

Hierdie gegewe word deur die perspektief van 'n kind, Gertie, aangebied wat waarneem en weergee wat haar ouers en almal om haar doen, sonder om 'n vertolking aan te bied. Die vertolking en interpretasie word aan die (genealogiese) leser oorgelaat. Die tyd is die vroeë vyftigerjare, net nadat die apartheidswetgewing ingestel is, en die milieu dié van die Afrikaanse werker in sy strewe na vooruitgang en opheffing uit sy armoede. Vandag se leser staan feitlik in 'n omgekeerde situasie. Die Afrikaner is vooruitstrewend en daar is ander groepe wat strewe na vooruitgang en opheffing uit armoede. Die leser kan dus oorsigtelik kyk na 'n hele geskiedkundige bestel en van daaruit sy genealogiese waarnemings maak: hoe die mense in daardie tyd die wêreld beleef het, en watter ánder interpretasies ons nou daaraan kan gee.

¹⁰³ Verwysings na hierdie teks sal tussen hakies aangedui word.

Die interpretasiegemeenskappe van waaruit die mense in daardie tyd hul lewens en wêreld geïnterpreteer het, en wat hier (onbewus) deur die verteller aangebied word, is die sosiale gemeenskap, die politieke gemeenskap, die godsdienstige gemeenskap en die kulturele gemeenskap.

Die **sosiale gemeenskap** wat binne die genealogie raakgelees word, is 'n voorstelling van die Parowse Afrikanerwêreld van die vroeë vyftigerjare. Dis gewone mense uit die sogenaamde laer inkomstegroep wat uit verskillende strominge bestaan - teruggekeerde soldate, spoorwegwerkers wat hul werk verloor het, ATKV-kultuurbewustes, die nuwe De Vos-kerk, vurige Malaniete. Uit Gertie se vertellings word dit duidelik dat hulle deel vorm van Afrikaners uit die laer inkomstegroep: haar pa is op die "railways", haar ma 'n "usherette" in die bioskoop; haar tannie, ant Mietjie, het nie met 'n ring verloof geraak nie, maar met 'n slaapkamerstel [91]; die sitplek op ou Mrs Jacobs se stoep is 'n ou "kar-seat" [113]. Piet, haar pa, is 'n chauvinistiese man wat van haar ma verwag om bloot moeder en huisvrou te wees.

Jy kan gerus nou daaraan begin dink om die bioscope op te gee. Jou plek is hier in die huis. Dis waar 'n vrou behoort [109].

...jy sien heeldag mense, ontmoet ander, maar van my verwag jy dat ek dag in dag uit hier by die huis moet sit op my jis [42].

Net soos hierdie gestereotipeerde voorstelling van die vrou word ander groepe ook in stereotipes opgedeel: kaffers, kleurlinge, Roomse, Jode. Die Roomse is "van die duiwel" [45]. Iemand wat glo "al die mense - wit en swart - is gelyk in die oë van die Here" (soos "Uncle Tank"), is 'n kommunist [47]. Die kinders word dus met 'n vooropgestelde rassevooroordeel grootgemaak. Die sterk beïnvloeding van die mens deur sy omgewing, sodat "interpretasiegemeenskappe" gevorm word, word uitgebeeld deur die beïnvloeding van die kind deur haar omgewing:

Ek hou my pakkie in die een hand en sit my ander hand se elmboog daarop. Ek suig aan my sigaret en blaas die rook deur my neus soos ant Mavis. Die kinders

gaap my aan en ek kyk kwaai terug. Ek kyk na hulle soos my pa na die Jacobs-kindere kyk [53].

Die sosiale gemeenskap se stereotipering en etikettering word deur die genealogiese leser herken. Dit wat hulle as die "ware" en die "regte" beskou het, is bloot benaderings vanuit hul interpretasiegemeenskap.

In die uitbeelding van die **politieke gemeenskap** word gesien hoe daar agter die sosiale lewe 'n politieke bestel van rassevooordeel huiwer waarin apartheid sy ontstaan gehad het. Hulle het geglo "skape en bokke hoort nie saam nie" [64]. Daarom is die oupa ontevrede as die kleurlinge wat langsaan woon se kind vir Gertie sommer op haar naam noem "asof hy haar gelyke is" [64], en daarom wil hy "die liewe Here vandag dank vir Malan" want met Smuts sou dit op "'n deurmekaar getrouery en 'n heidense spul" uitloop [65]. Die kleurlinge mag nie meer "upstairs" in die bioskope sit nie, hulle moet nou na hul eie bioskope toe gaan [51]. As 'n aantal "kaffers" in die witmense se deel van die trein sit, word hulle in hegtenis geneem en as Doris meen dit is 'n "disgrace", is Piet se reaksie:

"Dis kaffers en die goed word by die dag aстранter. Hulle moet hulle op hul plek hou. Maar Malan sal hulle én die Hotnots vasvat."

"Haai, sies, Piet," het my ma gesê, "dit is darem nog mense!"

"Mense! Kiss my arse," het my pa gesê. "Dis 'n klomp barbare. Hulle moet geleer word wie's baas in hierdie land."

"Waarom mag die kaffers nie meer in ons trein ry nie, Ma?" vra ek.

"Omdat hulle wit kinders se kele afsny," sê my pa [55].

Gertie mag ook nie meer buite voor die huis op die "pavement" sit nie, want die "kaffers gaan jou vang" [83]. Omdat uncle Tank nie tevrede met die goewerment se hantering van die swartes is nie, - "Jy kan nie so met mense werk nie, al is hulle kaffers!" [17], - is hy vir Piet 'n opperste kommunis.

Die genealogiese leser sien in dat die inskakeling van die mense by die politieke gemeenskap van die "goewerment" gebaseer is op vrees en Bybelse fundering, wat weer gefundeer is op hul interpretasie en uitlewing van die Bybel.

Die **godsdienstige gemeenskap** word veral deur die oupa vergestalt wat glo dit is 'n sonde om met die Roomse te speel [46] en met anderskleuriges te meng, want "die skape en die bokke hoort nie saam nie" [64]. Die vrymesselaars is vir hom aanbidders van Mammon [77]. Hy glo ook dat "rook" en "bioskoop" 'n sonde is. Die skynheilige Calvinistiese uitlewing word aan die kaak gestel as Doris heeltemal anders optree as die oupa kom kuier. Sy rook en drink nie, en steek dit weg dat sy by die bioskoop werk. Sy sê aan Gertie:

Ou mense soos jou oupa-hulle is maar so. Vir hulle is dinge soos rook en bioscope 'n groot sonde. Ons van nou weet weer van ander dinge, maar om nie hulle harte te breek nie, hou 'n mens dit maar van hulle weg [47].

Dit is nie net die politieke gemeenskap wat op die godsdienstige interpretasie gefundeer is nie, ook die sosiale: "Wat Piet aangaan, hy is nou eenmaal jou man en hóm moet jy behaag soos die skrif beveel" [63]. Die genealogiese leser sien in dat die Calvinistiese uitlewing van die godsdiens gebaseer is op interpretasies van die godsdiens wat nie vandag meer as geldig beskou word nie.

In die **kulturele gemeenskap** word die veramerikaansing veral uitgebeeld deur die Engelse woorde wat so vrylik gebruik word en deur die bioscope-kultuur: Naughty Marietta, Jeanette MacDonald en Nelson Eddy, Bing Crosby, Spider lady, Popeye, cowboys en crooks, Tony Hair Perms, Hoovers, Plymouths, clairvoyants, drienks en Cavallas. Hierteenoor die ATKV se pogings om die taal en die Afrikanerkultuur te suiwer: Hulle moet nie "encore" sê nie, maar "herhaal!" [76]; Ook Koos kan nie "Red river valley" op die konsert speel nie, maar wel "Bolandse nôientjie" (wat, ironies, eintlik 'n vertaling is) [70]. Vanuit die leser se genealogiese perspektief kan hy nou insien dat die mense in daardie tyd nie daarvan bewus was dat hulle onder Amerikaanse en Europese invloede geleef het nie. Dit was maar vir hulle die "normale", die "vanselfsprekende".

Vaughan (1990:9) vra met reg: "Is daar nóg 'n roman, origens, wat die veramerikaansing van die wit stedelike Afrikaner in sy prilheid so uitbeeld, so enkodeer in gedragspatrone, en tot-in-die-taal-toe so jukstaponeer met die patriargaal-chauvinistiese herkoms en dúrend-onderliggende ethos?" En dit word binne die uitbeelding van die interpretasiegemeenskappe van daardie tyd gedoen.

Tog is daar iemand wat hierdie interpretasiegemeenskappe lees vir wat hulle is. Daar is iémand wat "nie so is nie"- iemand wat nie net akteur in hierdie drama of "movie" is nie, maar ook van buite af na hierdie movie kan kyk. Die leser lei hierdie gegewe af uit die onderhoud wat Jeanne Goosen met Hilda Grobler gevoer het (Grobler, 1991:8) as sy oor die voorblad sê:

Ek wou 'n plaaslike 'movie idol' hê wat ek dink soos Doris lyk. Dit moes ook nie duidelik wees of die vrou op die foto na 'n 'movie' kyk nie en of die leser na die vrou in die 'movie' kyk nie.

Doris kyk dus ook self na die "movie" van die teks, sy smelt nie saam met die interpretasiegemeenskappe nie. Dit word op verskeie plekke in die teks duidelik. Sy breek weg van die Calvinistiese karakter wat daar aan die Afrikaner gegee word. Dit is vir hulle verkeerd dat sy "usherette" by die Victoria bioskoop is, dat sy rook en "drienks" drink en 'n minnaar het. Sy kom in opstand teen haar chauvinistiese man as sy weier om tuis te bly en tog by die bioskoop gaan werk. Sy bevraagteken die godsdienstige gemeenskap se veroordeling van 'n kommunist wat glo dat alle mense, wit en bruin en swart gelyk is in die oë van die Here. "Come to think of it," sê sy, "die kommuniste het 'n punt beet daar..." [47]. Maar veral het sy dit teen die politieke gemeenskap se hantering van die rassekwessie. "En moet ook nie kaffer sê nie. Dis naturel. Kaffer en hotnot is woorde vol háát. Praat tog van naturel en kleurling" [34]. As Gertie aan haar vra waarom die kaffers nie meer in hulle trein mag ry nie, en die pa antwoord dat dit is omdat hulle wit kinders se kele afsny, is Doris se reaksie: "Jou pa praat nonsens!... ek kan nie help om hulle jammer te kry nie" [55]. Sy kry ook die "hotnos" jammer wat by die trein bedel: "Dit kon jóú kind gewees het... Het jy al daaraan gedink?" [63]. Haar begrip vir die onreg wat deur 'n hele bestel aan die anderskleuriges gepleeg word, kom veral in 'n gebaar na vore as sy 'n koek na die Williamse, hul kleurlingbure wat as gevolg van die apartheidswette na 'n ander gebied moet verhuis, neem.

"Ek het net gou gekom om vir julle ietsie te gee om julle nuwe plek mee te vier," sê my ma en hou die bord met die koek na die vrou.

Gregory se ma kyk na haar en sê: "Ons het niks nodig nie, dankie, Mevrou." Toe draai sy haar gesig en kyk voor haar by die venster uit.

Die man bly net so sit agter die steering.

Sy vrou sê vir hom: "In godsnaam, ry net dat ons hier kan uit!"

Hy sit die enjin aan en reverse.

My ma hardloop agterna met die koek en skree: "Ons is nie almal so nie!" maar die vrou draai die venster in haar gesig toe [122].

Doris het dus in opstand gekom teen die stelsel, alhoewel sy as enkeling nie daadwerklik probeer het om die interpretasiegemeenskap te verander nie. Haar opstand is eintlik 'n "token" wat die "status quo" eerder versterk as ondermyn. Sy kon wel 'n koek wat sy vir haar Calvinistiese pa gebak het, vir hulle gaan aanbied. Sy het darem probeer "prove there is someone there" (volgens die motto), 'n menslikheid wat deur die teks na vore kan kom - die teks wat vandag genealogies gelees kan word sodat "betekenisvorming" deur hierdie lees vanuit 'n spesifieke interpretasiestrategie na vore kan kom.

Haar "bekering" teen die einde, wat weer eens buite die normale tradisionele kerkverband in die nuwe De Vos-kerk plaasvind, is dan ook 'n soort boetedoening vir haar eie en vir die sondes van al die interpretasiegemeenskappe. Tog is sy maar net weer in 'n ander interpretasiegemeenskap wat glo dat die "kommunisme die aarde wil oorheers" [153].

Die leser kan dit alles raaksien omdat sy die teks vanuit 'n genealogiese interpretasiegemeenskap beleef, want vandag "is ons nie meer almal so nie".

9.7 GEVOLGTREKKING

In die teks hierbo is van 'n genealogiese interpretasiestrategie gebruik gemaak omdat die magstrukture en waarheidsdiskoerse van die interpretasiegemeenskappe in die teks slegs vanuit 'n ander interpretasiegemeenskap herken kan word. Die rol van "verskil", van die "ander interpretasie" kan dus wel in Fish se teorie

geakkommodeer word. Fish se benadering laat op 'n tipies pragmatiese manier ruimte om die teks op verskillende maniere te benader.

Volgens Fish se pragmatiese betekenisvorming kan die leser die teks vanuit enige interpretasiegemeenskap benader, afhangende van die institusie waarin sy staan, of die kennis wat sy dra van interpretasiestrategieë. Sy sal met ander woorde van enige teoretiese benadering gebruik kan maak. Sy sal selfs van verskillende interpretasiestrategieë gebruik kan maak as sy in verskillende interpretasiegemeenskappe staan. Afhangende van haar kompetensie, sal sy dus eklekties te werk kan gaan.

Na my mening speel **kompetensie** 'n groter rol in Fish se teorie as wat hy self besef. Die verskillende interpretasiegemeenskappe waaraan die leser behoort, is eintlik niks anders as die leser se kompetensie nie. Hoe meer kennis die leser van verskillende interpretasiestrategieë het, hoe groter sal haar kompetensie wees in die benadering tot die literêre teks, en hoe oper en meerduidiger kan die betekenisvorming van die teks vir haar word. Hierdie kompetensie kan 'n **interpretasiekompetensie** genoem word. Die leser is hier nie werklik veel anders as die "informed reader" wat Fish (1970:146) in sy vroeër teorie aangebied het nie. Daar het hy reeds voor die dilemma te staan gekom dat die kritikus 'n pluraliteit van "informed readers" kan wees, gevorm deur politieke, kulturele en literêre determinante. Hierdie pluraliteit het die probleem van 'n onbeheerde subjektiwiteit na vore gebring. Hy het toe juis die interpretasiegemeenskap voorgestel as oplossing vir hierdie subjektiwiteit. Maar omdat hy die leser aanbied as iemand wat tegelykertyd aan verskillende interpretasiegemeenskappe kan behoort, kom dit daarop neer dat sy leser eintlik deur onder andere politieke, kulturele en literêre determinante gevorm word. Hierdie leser wat in die interpretasiegemeenskap staan, is niks anders as sy "informed reader" nie! Sy teorie van interpretasiegemeenskappe is dus nie veel anders as sy vroeër teorie nie. Die "oorredingsmodel" wat hy aanbied om verandering te akkommodeer, is ook nie veel anders as die een "informed reader" wat die ander oortuig vanuit sy "kompetensiestrategie" nie!

Tog is hier 'n klein verskil. As die leser "deel" vorm van 'n interpretasiegemeenskap, is hy deel van 'n "web van oortuigings" en gevolglik kom die rol van kommunikasie meer na vore as betekenisvorming binne 'n interpretasiegemeenskap plaasvind, en nie bloot deur 'n kompetensiestrategie nie.

Die wins wat wel vanuit Fish se benadering vir die literêre teorie na vore kom, is dat die leser nie buite sy kompetensiestrategie kan dink nie. As Fish dus sê dat 'n verskeidenheid benaderings tot 'n literêre teks nie aan die teks self toegeskryf kan word nie, maar aan die interpretasiegemeenskap, kan hy net sowel sê dit word aan die kompetensie van die leser toegeskryf. 'n Teks se betekenisvorming vind met ander woorde plaas vanuit die leser se interpretasiekompetensie waarby die politieke en kulturele determinante ingesluit is. Hierdie kompetensie van die leser is terselfdertyd die inperking op 'n onbeperkte subjektivistiese en relativistiese betekenisvorming. Fish se interpretasiegemeenskap staan dus alreeds binne die resente kultuurteorie.

In hierdie en die voorafgaande hoofstukke is daar na literêre betekenisvorming, soos dit vanuit poststrukturealistiese literêre teorieë na vore gekom het, gekyk. In die slothoofstuk sal 'n aanbeveling gemaak word hoe om die literêre teks binne hierdie vermenigvuldiging van teorieë te benader.

HOOFSTUK 10

SLOT: GEVOLGTREKKINGS, VOORGESTELDE BENADERING EN EVALUERING

10.1 INLEIDEND

As al die verskillende maniere waarop betekenisvorming plaasvind, in ag geneem word, ontstaan die vraag onwillekeurig: hoe moet die literêre teks dan eintlik benader word? Voordat 'n antwoord hierop gegee word, moet die problematiese kwessies waarmee in voorgaande teorieë geworstel is, bekyk word. Die probleem wat telkemale na vore gekom het, is of betekenisvorming ingeperk word, en of 'n oop, relativistiese betekenisvorming aanvaar kan word.

10.2 OOPHEID EN INPERKING

Die poststrukturealistiese benaderings wat hierbo ondersoek is, is dit almal eens dat betekenisvorming nie net op een "korrekte" manier plaasvind nie. Dit bring ons by die hermeneutiese dilemma: as een interpretasie nie as die enigste korrekte aanvaar word nie, hoe kan ons 'n relativisme verhoed waarin alle interpretasies ewe geldig is? En as 'n enkele ingeperkte betekenisvorming nie aanvaarbaar is nie, kan 'n onbeperkte "oop" betekenisvorming aanvaar word?

Blykbaar lê die antwoord hierin dat dogmatisme en relativisme nie werklik afsonderlik kan bestaan nie - albei is nodig sodat betekenisvorming kan plaasvind. Dit het na vore gekom in **Kristeva** se benadering dat beide zero-1- en zero-2-logikas nodig is vir betekenisvorming; by **Barthes** word die "écriture" gevorm deur beide 1ste-orde én 2de-orde semiotiese sisteme; by **Bakhtin** vind betekenisvorming in die oorskryding tussen binne- en buitekatégorieë plaas; by **Deleuze en Guattari** ontstaan betekenisvorming deur die tussenspel tussen kodering en dekodering; in **De Man** se leesaksie is grammatika sowel as retoriek teenwoordig - die grammatiese word net deur die retoriese verplaas; by **Miller** vind ons 'n gasheer-parasiet-verhouding tussen die univokale en dekonstruktiewe lees; selfs

dekonstruksie het vir **Derrida** 'n literêr-filosofiese aard waarvolgens die "onbeslisbares" ook deel is van die "principle of reason". Derrida (1988:153 of 1978:292) bespreek self hierdie twee "interpretasies van interpretasie":

The one seeks to decipher, dreams of deciphering, a truth or an origin which is free from freeplay.... The other, which is no longer turned to the origin, affirms freeplay and tries to pass beyond man and humanism....

Volgens Derrida (1978:292) is hierdie twee interpretasies onversoenbaar, en kan ons ook nie die een bo die ander verkies nie, omdat goeie interpreterende praktyk aandag verg vir tekstuele detail sowel as skeppende deelname aan die teks.

'n Pluralistiese benadering wat nie 'n keuse maak tussen die een of die ander nie, maar tegelykertyd ernstig én spelerig, opletterend én skeppend is, lyk dus na 'n oplossing.¹⁰⁴ Maar is dit wat in poststrukuralistiese betekenisvorming gebeur? Derrida maak wel die bewering dat nie een van die twee interpretasies bo die ander verkies kan word nie, maar dit is nie wat hy vir ons deur sy dekonstruksieteorie aanbied nie.

Alhoewel die poststrukuralistiese benaderings 'n bewussyn vertoon dat albei pole nodig is vir betekenisvorming, konsentreer hulle tog op die **Dionisiese**, op die

¹⁰⁴ Schrift (1990:171) bied Nietzsche se **genealogiese analise** as so 'n pluralistiese benadering aan. Volgens Schrift probeer genealogie om die betekenis van die bevestiging van sekere waardes binne die sosiale praktyk te ontbloot. Om dit reg te kry, moet dit hierdie waardes in die historiese/tekstuele konteks waarin dit voorkom, ondersoek, en tegelykertyd die interpreterende bevoorregting van hierdie waardes bevraagteken deur ander interpreterende perspektiewe voor te stel. Nietzscheaanse genealogie isoleer dus dit wat as die goeie en die ware bepaal word, en vra dan wie baat by hierdie bepaling, wie se mag word hierdeur uitgebrei. Op hierdie manier, meen Schrift, kan genealogie beskou word as 'n metodologiese tussenruimte tussen perspektivisme en filologie in soverre dit **beide** spelerige toe-eiening **en** nougesette aandag vir die ontwikkelende geskiedenis van kontemporêre waardes verg. So word beide aandag aan die teks gegee, en terselfdertyd toegelaat vir 'n pluraliteit van interpretasies. Blondel (1991:77) noem dit 'n gespletenheid tussen **filologie** ("philology") en **misologie** ("misology"). Die mitologiese uitdrukking van polêre teenoorgesteldes - die Apolliniese en die Dionisiese - (soos in die inleiding bespreek) verbeeld hierdie genealogiese benadering van Nietzsche omdat Apollo die vorm, logika en diskoers is wat Dionisus domineer, terwyl Dionisus weer lewe, drang, kontradiksie is, en hulle mekaar tegelykertyd afstoot en aanlok, sonder enige moontlikheid op versoening of finale verdeling.

Hierdie twee pole word in populêre terminologie vandag linker- en regterbreinbedrywighede genoem. Die regterbreinlob beheer ritme, insig, verbeelding en ruimtelike verhoudings terwyl die linkerlob analities dink en vaardighede soos wiskunde en taal beheer. Hierdie twee lobbe kan egter nie funksioneer sonder die "corpus callosum" wat hulle verbind nie.

skeppende vryheid van die verbeelding. By **Derrida** vind betekenisvorming deur die spel van vervangende supplemente plaas; by **De Man** deur 'n eindelose ketting van blindheid en insig; by **Miller** deur die sywaartse beweging van die laterale dans; **Lacan** bied die pad van begeerte as terrein van betekenisvorming aan; by **Kristeva** is dit die ontwrigtende prosesse van die semiotiese disposisie; **Barthes** se betekenisvorming vind deur die uitbreiding van die teks deur middel van konnotasies plaas; **Fish** se betekenisvorming kan deur middel van sy oorredingsmodel pragmaties oop wees; **Bakhtin** se onfinaliseerbare betekenisvorming vind deur die oopmaakprosesse van heteroglossia plaas; en by **Deleuze en Guattari** word die ewige dekoderingspel tussen begeertemasjiene en die onderdrukking van begeerte gevind.

Die poststruktureliste bly dus nie by 'n inperkende binêre denkwysie nie. Derrida dekonstrueer inderwaarheid binêre denke, Kristeva gooi dit omver in haar paragram, Bakhtin deur sy ambivalensie en Miller deur die allegoriese verhouding tussen binêre pare. Omdat die logika van binêre pare ontsnap is, kan die een pool van die binêre paar nie meer as inperking dien nie.

Die poststrukturelis weier dus "dualisme". Hierdie weiering word deur Eco (1990:19) as een van die eienskappe van die Hermetiese tradisie van die Renaissance uitgewys, wat deur komtemporêre teorieë gevolg word. Binêre inperkings word dus deur die poststrukturelistiese benaderings opgehef.

Derrida se oop, dekonstruktiewe betekenisvorming word nie ingeperk nie, waardeur die retoriek van taal lewendig bly; omdat retoriek talle moontlikhede vir mislesings ooplaat, is daar nie inperkings op **De Man** se eindelose ketting van blindheid en insig nie; omdat ondubbelsinnige uitdrukking vir **Miller** juis die Apollinies-Dionisies-polariteit vervang, word die laterale interpretasiedanse van betekenisvorming nie ingeperk nie; **Lacan** se onbewuste betekenisvorming word nie ingeperk nie omdat betekenis altyd in die veld van die "ander" lê, en die pad van begeerte slegs van die een betekenaar na die volgende lei; die ontwrigtende prosesse van **Kristeva** se semiotiese laat geen inperkings toe nie; **Barthes** se "écriture" wat 'n "jouissance" word as die subjek deur middel van konnotasie met betekenis worstel, ken slegs uitbreiding en nie inperking nie; **Fish** se pragmatiese betekenisvorming word deels ingeperk deur die kompetensie van die ingeligte leser wat uit die interpreterende gemeenskap waarin hy staan, spruit; **Bakhtin** se heteroglossiese en ambivalente betekenisvorming is oopmaakprosesse wat geen inperking ken nie; en **Deleuze en**

Guattari se inperking van die molekulêre deur die molêre is slegs die ewige terugkeer binne 'n voortgaande wordingsproses; **Jameson** se uitkringende betekenisvorming in drie semantiese horisonne word ingeperk deur die politieke perspektief.

Dit is dus duidelik dat poststrukuralistiese literêre betekenisvorming 'n "oop" soort betekenisvorming is wat feitlik net deur die leser se kompetensie ingeperk word. Soos hierbo gesien is, bestaan daar wel 'n bewussyn by die teoretici dat die Dionisiese sowel as die Apolliniese nodig is vir betekenisvorming, maar die Apolliniese dien meer as "verstaanbaarheidsmiddel", as beginpunt van betekenisvorming waarna dit wegbreek van die binêre ingesteldheid en 'n vry skeppende beweging word, hetsy deur die ontwrigtende prosesse van die drange, of dekonstruktiewe laterale bewegings, die proses van "jouissance", oordedende pragmatiese modelle, uitkringende semantiese horisonne, ensovoorts. Die werklike "literêre" betekenisvorming vind dus baie vry plaas en op hierdie manier word 'n tweede "teks" ("écriture") gevorm wat tot gevolg het dat kritiek "literêr" begin word. Op hierdie manier gesien, is Derrida se minagting van die literêr-filosofiese onderskeiding verstaanbaar.

Hieruit blyk dit dat poststrukuralistiese betekenisvorming eintlik 'n demonstrasie is van "literariteit" self. Daarmee word nie bedoel die intrinsieke benadering van die formalis of New Critic tot "literariteit" nie. Die "literariteit" word inderwaarheid deur die verskillende teorieë op verskillende maniere "gedemonstreer" binne die vry skeppende beweging van die literêre, hetsy deur die moontlikhede wat retoriek ooplaai en wat gemanifesteer word deur mislesings, dekonstruerings, insig-deur-blindheid, laterale danse; deur moontlikhede wat deur die onbewuste oopgemaak word en wat gemanifesteer word deur die pad wat begeerte volg of die ontwrigtende prosesse van die semiotiese; deur heteroglossiese en ambivalente oopmaakprosesse, ensovoorts. Betekenisvorming is dus eintlik 'n soeke na "literariteit": wanneer is 'n teks "letterkunde"? Die antwoord is nie hier "wanneer die teks so en so 'n spesifieke vorm aanneem nie", maar wanneer dit deur die betekenisvormingsproses op hierdie of op daardie manier "begin vlieg".

Die vraag is nou of so 'n "oop" betekenisvorming aanvaarbaar is? Kan so 'n vlug, so 'n oorname van die "Dionisiese vlerk" aanvaar word? My antwoord is 'n baie besliste "ja". Die soort "oop" betekenisvorming wat hier aangebied word, beteken nie dat die teks éniets kan beteken nie, maar dit bloot die literêre aard wat

die teks kan aanneem, uit. Die Apolliniese pool van die betekenisvorming waarvan aanvanklik uitgegaan is, is rigtinggewend genoeg om 'n onsinnige relativisme te verhoed. Dit is 'n pool wat by die eerste lees van die teks 'n invloed uitoefen op die teks-leser-verhouding en die literêre betekenisvorming van die teks "in die lug kry" sodat die vlug kan begin.

Eco (1990:21) wys daarop dat die polisemie van simbole in 'n teks gereduseer word omdat hulle aan 'n konteks geanker is. Hy kritiseer die hermetiese interpretasietradisie wat deur baie kontemporêre teorieë gevolg word, omdat hulle nie in staat is om te herken dat simbole sintagmaties (met ander woorde tekstueel) oop is vir die onbepaalde interpretasies wat deur die konteks toegelaat word, maar nie paradigmatis oop is vir oneindige betekenis nie. "This symbol is **open**; it is, however, **overdetermined** by the context" (Eco, 1985:161). Vir Eco (1990:41) kan daar wel ooreenstemming bereik word deur 'n aantal interpreteerders oor watter interpretasies kontekstueel geldig is.¹⁰⁵ Hierdie konteks sluit natuurlik kulturele kodes en die interpretasiegemeenskap in. Maar Eco bedoel hier dat dit nie "enige" kodes sal wees nie, maar slegs dit wat inpas by die konteks van die sintagmatiese omgewing. Die konteks dien dus vir Eco as beperking op oneindige betekenisvorming.

Ek is van mening dat die konteks aan die Apolliniese pool gekoppel word, wat, soos reeds genoem is, 'n inperkende effek kan hê op 'n oneindige relativisme. Die Apolliniese het dus 'n effek gehad voordat die "literêre vlug" van die teks begin is. Onder invloed van die konteks is die vlug dus in 'n rigting gelanseer. Hierdie vry skeppende beweging van 'n "oop" betekenisvorming van die literêre, wat deur die verskillende poststrukuraliste op verskillende maniere beskryf word, hoef na my mening op geen manier ingeperk te word nie. Dit beteken nie 'n onaanvaarbare, oneindig relativistiese betekenisvorming, waarvolgens enige interpretasie aanvaar moet word nie, want die "vlug" is aanvanklik deur die Apolliniese, of die konteks, in 'n bepaalde rigting gekanaliseer. Dit bied net geleentheid aan 'n kreatiewe verbeelding om tot sy reg te kom. Hierdie kreatiewe verbeelding raak dan uitgeput wanneer die leser se kompetensie uitgeput raak. In die poststrukuralisme het ons

¹⁰⁵ Hierdie verbinding met die konteks is 'n belangrike faset van Eco se teorie. Hy sê elders:

Moreover, even when a connotation becomes culturally recorded (like "pig" for "filthy person"), the connotative use must always be legitimated by the context (Eco, 1990:30).

dus wel met twee soorte inperkings te doen, naamlik dié van die konteks en van die leser se interpretasiekompetensie, soos in dit Fish se teorie bespreek is.

10.3 DIE ROL VAN DIE LESER

Die leser het 'n dubbele rol in postmodernistiese betekenisvorming. As subjek neem hy deel aan die betekenisvorming (uitbreiding) van die teks, maar terselfdertyd word hierdie betekenisvorming deur sy kompetensie ingeperk.

In **Jameson** se teorie moet die leser die teks in drie uitkringende horisone plaas; **Derrida** se leser moet vanuit 'n dubbele beweging werk om die dekonstruksie in die teks op te spoor; **De Man** se leser moet die blindheid van die teks se eie moontlikhede raaklees; die leser in **Miller** se teorie se mislesings neem, as gevolg van die gasheer-parasiet-verhouding in die teks, die vorm van laterale danse aan; **Lacan** se leser moet die onbewuste van die teks op die pad van begeerte volg; **Kristeva** se leser ervaar self die ontwrigtende prosesse van die semiotiese in die oordragproses en betekenis word grotendeels in die drange van die leser gevorm; **Fish** se leser is egter baie gebonde aan die interpretasiegemeenskap waarbinne hy staan, en al maak hy selfs van 'n oorredingsmodel gebruik, word dit eintlik maar vanuit 'n volgende interpretasiegemeenskap gedoen; **Bakhtin** vereis 'n aktiewe leser om die dialogiese, parodiese en dubbelstemmige diskoerse in die teks raak te lees; **Deleuze en Guattari** het 'n aktiewe leser nodig om die tussenspel na te vors wat tussen begeertemasjiene en die onderdrukking van begeerte plaasvind.

Die poststrukuralistiese literatuurteorie het dus 'n aktiewe leser nodig in die betekenisvorming van die teks. Binne die kragte van taal¹⁰⁶, ideologie¹⁰⁷, en die gemeenskap¹⁰⁸ vorm die aktiewe rol van die leser die literêre opnuut.

As die verskillende maniere waarop betekenisvorming kan plaasvind (soos hierbo uiteengesit) in aanmerking geneem word, ontstaan die vraag: watter vlug moet die teks neem sodat daar reg kan geskied aan sy literêre betekenisvorming? Hiervoor wil ek 'n benadering aanbied waarvolgens die teks nie iets is wat "op sigself" bestaan nie, maar dit bestaan "konjunkturaal": as 'n funksie van hoe betekenis gevorm word.

10.4 KONJUNKTURELE¹⁰⁹ BENADERING

In hierdie benadering staan teks/leser en wyer teks in 'n konjunkturale verhouding tot mekaar. Die verhouding word dus deur die "konjunktuur" bepaal: hoe die betekenisvorming deur insnydings tussen teks en wyer teks gevorm word. Maar eers moet verduidelik word wat presies met "wyer teks" verstaan word.

¹⁰⁶ Miller sê in 'n onderhoud aan Saluszky (1987:232) "...we are, for better or for worse, within language from the beginning, and can't get outside it". Volgens die dekonstruksionis is die leser reeds binne die teks en moet hy net die dekonstruksie opspoor wat alreeds deur die teks uitgevoer is.

¹⁰⁷ Vir Althusser (1971:172-176) bestaan die individu as 'n "altyd-gereed" subjek binne die ideologie. Die ideologie "vorm" dus die subjek. Hierdie subjek word gevorm in die naam van 'n unieke of "absolute" Subjek, wat deur Althusser (1971:180) as 'n "spieëlstruktuur" beskou word. Hierdie spieëlduplisering is noodsaaklik vir ideologie en verseker sy funksionering:

Which means that all ideology is centred, that the Absolute Subject occupies the unique place of the Centre, and interpellates around it the infinity of individuals into subjects in a double mirror-connection such that it subjects to the Subject....

¹⁰⁸ Vir die **pragmatis** is die leser reeds binne die sosiale wêreld gestruktureer vanwaar hy sy voorveronderstellings oor die teks verkry.

¹⁰⁹ Die benaming is afgelei van die ekonomiese term "konjunktuur" wat 'n verskynsel is wat die wisseling van die ekonomiese toestand in 'n kapitalistiese stelsel benoem wat deur 'n sameloop van verskillende omstandighede veroorsaak kan word. 'n Konjunkturale teorie is ook 'n verskynsel wat die soort betekenisvorming in 'n literêre teks na vore bring wat deur verskillende omstandighede veroorsaak word. Dit is dus nie 'n teorie met "wette" of "terminologie" waarvolgens te werk gegaan kan word om 'n teks te "ontleed" nie.

Met **wyer teks** word nie bloot konteks bedoel, wat "die sosiale opset waarbinne die teks funksioneer" beteken, waarby taal, kultuur, ideologie, konvensies, waarheidsdiskoerse, literêre genres ensovoorts, ingesluit is nie. Ook die "suspisieus-verwerkte" vorme van hierdie konteks is by die definisie van "wyer teks" ingesluit. En hiermee word ook die filosofiese en literêre teorieë ingesluit waarin die implikasies van bogenoemde kontekste vir betekenisvorming reeds verwerk is, soos Derrida se dekonstruksie van dualiteite, Foucault se blootlegging van magsdiskoerse, Deleuze en Guattari se dekodering van die molêre, Kristeva se ontwigting van die logiese, ensovoorts. Die "gewone konteks" sal dus deel vorm van die gewone leser se konjunktuur, terwyl die suspisieus-verwerkte vorme van hierdie konteks as die ingeligte of "suspisieuse" leser se wyer tekste sal dien.

Die konjunktuur word dus gevorm binne 'n netwerk van intertekstualiteit. 'n **Hermeneutiek van suspisie**, van **historiese bewussyn** en van **betrokkenheid** is hierby ingesluit. Degenaar (1990:11) verwys na hierdie vorme van hermeneutiek as metodes waarvolgens literatuur verstaan kan word. In die hermeneutiek van suspisie word krities gekyk na die konvensionele, maar die gevaar bestaan dat dit 'n blote negatiewe bydrae kan wees. Die hermeneutiek van die historiese bewussyn stel intertekstualiteit aan die orde waardeur die teks en tekens van die geskiedenis ook betrek word. In die hermeneutiek van betrokkenheid is die leser veral bewus van die bepaalde waarde wat daar in die geskiedenis aan tekens toegeken word, wat dan aanleiding gee tot sekere magsverhoudings. Hier moet die leser begin standpunt inneem: is hy vir of teen die vorm van oorheersing wat hier na vore kom?

My mening is dat hierdie drie vorme van hermeneutiek saamgevat word in 'n genealogiese benadering, waarvolgens betekenisvorming vanuit die hede gevorm word, maar met inagneming van hierdie hele intertekstuele, maar terselfdertyd suspisieuse betrokkenheid. Dit kan 'n **genealogiese hermeneutiek** genoem word.

Foucault (1988:262) verduidelik genealogie as 'n analise wat vanuit 'n vraag wat in die hede gestel is, begin. Hy definieer genealogie (Foucault, 1980:83) as die eenheid van belese kennis en lokale geheue wat ons in staat stel om 'n historiese kennis van worstelings vandag takties toe te pas. Die leser sal dus vanuit sy kompetensie probeer vasstel wat die leidende sosiale, ekonomiese en intellektuele rolle is waarbinne die waarheid in die teks figureer.

Foucault se genealogie is dus inhoudelik gerig. Vir literêre betekenisvorming is nie bloot 'n genealogie nodig wat mags- en waarheidsdiskoerse krities raaklees en daarna standpunt inneem nie. 'n Genealogie is nodig om 'n konjunktuur te vorm tussen insnydings vanuit die teks en wyer tekste. Hier moet gevra word: Wat is die diskoerse onderliggend aan die konjunktuur? Met ander woorde, wat is "mag" en "waarheid" vir hierdie konjunktuur? Dit sal gevind word in wyer tekste wat help om die konjunktuur te vorm, maar wat terselfdertyd ook deel is van die konjunktuur. Dit is dus nie "n" of "die" waarheid as Apolliniese pool vir die betekenisvorming nie, maar 'n genealogie wat die konjunktuur help vorm.

Die konjunktuur van literêre betekenisvorming sal dus wissel tussen insnydings van sosiale, politieke en historiese dimensies vanuit die konteks op insnydings van suspisieuse verwerkings daarvan, wat ook medebepaal sal word deur retoriese en allegoriese dimensies. Afhangende van hoe die dimensies van die kombinasie wyer-veld-en-teks val, word die konjunktuur bepaal, en vind betekenisvorming op 'n sekere manier plaas. Omdat die teks iets is wat omgewerk is uit 'n wyer veld, kan daardie wyer veld op sy beurt 'n rol speel in die konjunktuur van betekenisvorming. Ek sluit hier by Armstrong (1990:5) aan as hy sê "a method's practical hermeneutic hypotheses reflect deeper metaphysical convictions". Hierdie oortuigings vorm deel van die konjunktuur en veroorsaak dat insnydings tussen teks en wyer teks gemaak word.

Die leesproses sal dus min of meer soos volg verloop: in die lees van die teks kom die teks se "dimensies" na vore. Hierdie dimensies vertoon 'n "identiteit van versnyding" waardeur dimensies in die teks voortdurend insny na soortgelyke dimensies in 'n wyer teks. Die manier waarop die betekenisvorming plaasvind, word deur 'n genealogiese ondersoek opgediep as die teks as parasiet op 'n wyer teks teer - daar waar sy herkoms is en sy uitbreiding terselfdertyd deur die genealogiese ondersoek plaasvind.

Die "literêre aard" van die teks (die retoriek, ambivalensie, heteroglossia, of wat ook al binne die konjunktuur bepaal word) en die interpretasiestrategieë waarvan die leser gebruik maak (wat ook deur die konjunktuur bepaal is, en wat hier die leser se kompetensie insluit), bepaal dus die betekenisvorming. Die konjunktuur word dus deur die sameloop van verskillende omstandighede veroorsaak. Die "vorm" wat hierdie konjunktuur aanneem, bepaal die betekenisvorming wat na vore kom.

Die tekste wat in hierdie studie as voorbeelde gebruik is om die verskillende betekenisvormings te illustreer, kan as demonstrasie dien hoe konjunkturale betekenisvorming plaasvind. Omdat Griet skryf 'n sprokie karnavaleske dimensies vertoon wat insny op soortgelyke dimensies in Bakhtin se teorie, dien Bakhtin se teorie as wyer teks en betekenisvorming vind binne die konjunktuur van teks en wyer teks plaas. Herfsverhale, weer, vertoon dimensies van onbewuste identifikasies en verwerpsings wat insny op Kristeva se teorie, en daarom word haar teorie as gasheer gebruik. Die literêre voorbeelde in hierdie studie kan dus gebruik word om die konjunkturale benadering te demonstreer: die teks word 'n funksie van sy betekenisvorming.

Die teks kan ook op meer as een parasiet geplaas word, afhangende van hoe die konjunktuur gevorm word. Brink se Inteendeel vertoon byvoorbeeld so 'n verskeidenheid dimensies dat dit verskillende konjunkturale verhoudings kan aangaan - met Foucault se teorie oor die rol van magsverhoudings; met die onbewuste verplasings van Lacan; met Derrida se dekonstruksieteorie; met die meerstemmige diskoerse van Bakhtin, ensovoorts. Belemmering vertoon ook insnyding met Derrida se dekonstruksie (dit lyk inderwaarheid na 'n demonstrasie van dekonstruksie); dit sny in op De Man se blindheid en insig; op Miller se laterale danse, en op Bakhtin se meerstemmige diskoerse. Die Jakkalsjagter vertoon onbewuste dimensies wat ook insny op Lacan se teorie.

Dit beteken dat die teks se betekenisvorming op meer as een manier kan plaasvind, of anders gestel: daar kan baie mislesings gemaak word. As 'n volledige interpretasie van die teks verlang word, sal die verskillende konjunkturale verhoudings waarin 'n teks kan verkeer, vasgestel moet word. En dit is waar hierdie benadering 'n voordeel het bo die poststrukuralistiese benaderings soos hiervoor aangebied. Elke teorie bied net één soort betekenisvorming aan, en so 'n volledige interpretasie (in soverre daar ooit van "volledigheid" sprake kan wees!) van die teks kan nie in elke geval aangebied word nie.

Weens hierdie moontlikheid van verskillende insnydings op groter tekste, word die literêre betekenisvorming so vergroot deur die uitbreiding wat die teks inderwaarheid ondergaan, dat dit 'n degraderende verduideliking is om "'n betekenis" aan die teks toe te skryf - daardeur word slegs één van die keuses geïdentifiseer. In die konjunkturale verhoudings met wyer tekste, kom die

meervoudigheid van die teks na vore. Die leser is nie bloot 'n historiese wese nie, hy kan glad nie buite die hele konjunktorele situasie staan nie.

As die insnydings op 'n "wyer teks", veral op die insnydings van 'n suspisieus-verwerkte konteks, nie deel van die konjunktuur vorm nie, word die betekenisvorming van die teks baie verarm. Die poststrukuralistiese literêre teorieë, wat hier as suspisieus-verwerkte kontekste gebruik word, kan in hierdie opset as 'n groot wins beskou word. Uit die bespreking van die literêre teks, Triomf, wat hier volg, behoort dit duidelik te blyk dat die betekenisvorming sonder die wyer tekste van Nietzsche, Lévi-Strauss en Ricoeur, musiek en die skrywer se M.A.- en Doc.-verhandelings, nie naastenby tot dieselfde mate sou kon plaasvind nie. Ek beskou die "wyer tekste" van Van Niekerk self (haar verhandelings) as 'n baie belangrike deel van die konjunktuur.

10.5 TRIOMF VAN MARLENE VAN NIEKERK

10.5.1 Inleiding

Deur 'n kragtoer toon hierdie teks hoe die morele binne die immorele triomfeer. Eerstens staan jy verstom oor die ontploffing van Dionisiese skeppingskrag, 'n kragtoer van wat Nietzsche genoem het wil-tot-mag, wat hier die vorm van die literêrste uitbeelding wat ek nog in 'n Afrikaanse teks teengekom het, aanneem. Mens sou dit die "triomf van die literêre" kon noem. Dit is 'n literêre uitbeelding van die menslike kondisie wat "esteties belangeloos" is met 'n eg-mitiese kwaliteit. Dit is byvoorbeeld nie 'n allegoriese uitbeelding van sekere filosofiese of politieke idees nie. Die teks praat veral deur mite en travestie. Die taal kan slegs as musiek beskryf word, met die "interessante Hässlichkeit" van dissonante ('n benaming wat Nietzsche aan Wagner se musiek gegee het en wat later deur Schoenberg as die "emansipasie van die dissonant" aangeprys is).

Tweedens word die menslike kondisie op aarde op so 'n diepsinnige wyse aangespreek, dat dit slegs op indirekte wyse deur die mite bely kan word. Hierdie teks wil die menslike kondisie op aarde en maniere waarop die mens daarvoor kan triomfeer, uitbeeld. Die menslike kondisie bestaan uit goed én kwaad, mooi én lelik, maar nie as onverstrengelde pole nie. Die mite is 'n vorm wat beide die goeie en die kwade as deel van die menslike kondisie op aarde uitbeeld.

Die twee opvallende eerste kenmerke wat ek in hierdie teks teëkom, is dus die rol van **musiek** en die **mite**.

10.5.2 Die taal as musiek

Die natuurlike oorspronklikheid en onuitputlikheid van die taal, die individualiteit van uitdrukking, die skerp bondigheid, die kragtoere van ritmiese beweegbaarheid, die rykdom van sterk en betekenisvolle woorde, vereenvoudigde sinskonstruksies, die opborreling van die personasies se geselstaal in eie idioom, kan as die teks se eie musiek beskryf word. Slaan die teks op enige bladsy oop, en jy kom hierdie musiek teë. Maar hierdie musiek is ook vol passie: die dramatiese gewelddadigheid van die personasies teenoor mekaar, maar ook hul deernis teenoor mekaar en veral die deernis waarmee hulle uitgebeeld word. In sy belewenis van hierdie musiek, is die leser voortdurend bewus van die "noodsaak" van dit alles, sonder dat hy presies weet waarom. En die leser is huiwerig om dit te probeer ontleed, want hy weet dat 'n ontleding nie die musiek van die teks kan weergee nie.

Voordat ek die mitiese kwaliteit van die teks onder oë neem, net eers iets oor die interessante ooreenkoms wat Lévi-Strauss tussen musiek en die mite raaklees. Lévi-Strauss (1970:16) wys daarop dat albei 'n estetiese belewenis tot gevolg het, wat die kontrapuntale samespel is van die uitgevoerde musiek en die psigofisiologiese ritmes van die menslike organisme. Deur die musiek of mite kom die mens in kontak met wat "ewig" is in die mens - in sy verbinding met die kosmos - en dit kan net belééf word. Deur die kuns - deur hierdie teks as musiek en mite - vind die artikulasie van natuur en kultuur op sy volledigste plaas. Deur die musikale klank van die taal en die dramatiese taal van die mite word hierdie teks 'n estetiese belewenis wat uiteindelik 'n direkte kontak met die onbewuste "waarhede" bied. Lévi-Strauss (1970:12) sê ook die mite figureer in die menslike denke sonder dat die mens daarvan bewus is.

10.5.3 Mitiese teks

Triomf is 'n mitiese teks wat verskeie mitiese simbole bevat. Dit is juis die mitiese elemente wat die gesin se doen en late sprekend maak van die menslike kondisie op aarde. Lévi-Strauss (Van Niekerk, 1985:102) wys daarop dat 'n herhaling van sekere tipe sekwense in die mite wat op die verhaaloppervlak sigbaar is, die sigbare skadu's van 'n verborge logiese struktuur is. Hierdie dieptestruktuur is nie

direk waarneembaar nie, maar dit kommunikeer met die onbewuste kategorieë van die gees. Mitiese variante in die teks is byvoorbeeld die bergtop en Treppie se hardlywigheid, wat verderaan bespreek sal word. Vir Lévi-Strauss (Van Niekerk, 1985:102) is natuurverskynsels, personasies, voorwerpe en gebeurtenisse in die mite nie in die eerste plek representasies van die werklikheid nie, maar middele waarmee die mite die natuurlike logiese orde van die realiteit probeer verklaar. Volgens Ricoeur (Van Niekerk, 1985:199) is die mees fundamentele funksie van die mite dat hy probeer deurdring na die fundamentele enigma van die menslike bestaan, wat in die "verskil" in die mens lê: die kontradiksie van sy voorbestemdheid tot geluk teenoor sy bestaansituasie. Die mens kan nooit ten volle deel hê aan die heelheid van die natuur nie, omdat hierdie volheid in sy menslike ervaring nooit vir hom beskore is nie. Dit kan slegs ver-beeld word in die simboliese verhaal van die mite waardeur die einde van die kwaad "in sig kom" (Van Niekerk, 1985:201).

Die eerste aanduiding dat ons hier met 'n mitiese teks te doen het, is die gebruik van **bloedskande** in die teks, wat 'n bekende mitiese element is. Die bloedskande-taboe word universeel in mites gevind - dit is analoog aan die universaliteit van taal. Dit is die hoeksteen van die primitiewe gemeenskap. Elementêre temas wat herhaaldelik in die mite voorkom, is bloedskande tussen broer en suster of moeder en seun, asook vader- of moedermoord, broedermoord, kannibalisme.

In die mite is die familie-eenheid nie die biologiese of natuurlike een van vader, moeder en seun nie, maar as gevolg van die bloedskande-taboe bestaan die familie-eenheid uit vier terme - broer en suster, vader en dogter. Volgens hierdie taboe kan 'n man net 'n vrou van 'n ander man (die vrou se broer of vader) af kry (Paz, 1970:16). In Triomf bestaan die familie-eenheid uit vader (Pop), moeder (Mol), broer (Treppie) en seun (Lambert) wat eintlik twee broers, suster, en hul bloedskande-kind is.

Veral elemente uit die Oedipus-mite word in hierdie teks gevind. Lambert is 'n soort Oedipus-figuur in die sin dat hy sy vader (onwetend) doodgeslaan het en die bloedskande-taboe in sy verhouding met sy moeder oortree het. Soos Oedipus, los hy ook 'n raaisel op - die raaisel van sy eie herkoms - en as gevolg van die oplossing van die raaisel ontstaan 'n katastrofe. Lévi-Strauss (Leach, 1972:82) beweer bv. dat dit in die aard van dinge is dat 'n mitiese raaisel nie 'n antwoord het nie. Oedipus het teen die natuur gewerk deur die vraag te beantwoord. Daar

ontstaan 'n katastrofe omdat iemand die onbeantwoorde vraag beantwoord het. Ook Lambert se naam verwys na Oedipus: ontledings bevestig dat Oedipus se naam, soos die name van sy vader (wat lam was) en sy oupa (wat doof was) na 'n liggaamlike afwyking verwys (geswelde voete). So ook verwys die "lam" in Lambert moontlik na sy epileptiese aanvalle. Treppie noem Lambert die "horrel-poot-hommel" [423].

Ricoeur (Van Niekerk, 1985:205) onderskei vier tipes groot kultuurmites. Triomf kan as die derde tipe geklassifiseer word: dit is 'n "tragiese mite" omdat die held deur die bose god verlei en verblind word sodat hy onvermydelik "val" - die lot val "op" hom. Die held is skuldig sonder dat hy 'n bewuste sonde gepleeg het. Die heil kan in hierdie situasie slegs op estetiese wyse beleef word. In die tragedie leer die mens deur vrees en medelye dat die heil in 'n aanvaarding van die samehang van vryheid en noodlot lê. Die soort mite wat hier aangebied word, maak die uitbeelding van karakters vanuit 'n lae morele klas nodig.

10.5.3.1 *Uitbeelding van die laeklasmens*

Die belangrikste rede waarom hierdie laeklasmens uitgebeeld word, is dat personasies uit 'n hoër kulturele klas nie so oortuigend gebruik kan word om die mite, waarvan bloedskande en vadermoord tiperende eienskappe geword het, uit te beeld nie. Boonop kan die "menslike kondisie" op sy beste uitgebeeld word deur die mens in sy natuurlike staat. Lévi-Strauss beskou die primitiewe mense as "reduced models" van wat essensieel is in die mensdom (Leach, 1972:18). Die groot geheim van menslike raaisels lê nie regtig in die kulturele nie, maar in die "natuurlike". Die kulturele is oor en oor deur die filosofie ontbloot as magsdiskoerse, waarheidsdiskoerse, gedragskodes. Volgens Lévi-Strauss (1966:268) is dit 'n illusie van die moderne kultuur dat hy "anders" as die natuur is. Die taak van die antropoloog wat die natuur probeer begryp, lê vir hom dáárin dat hy die kultuur wil terugvertaal in die natuur. Die eintlike menslike "waarheid" waarna in die letterkunde gesoek word, moet in die natuurlike gesoek word.

Die kulturele vlak waarop die Benade's van Triomf leef, is die naaste wat daar gekom kan word aan die natuurlike staat. Hierdie mense leef "natuurlik", soos hulle instinkte voorskryf. Hulle leef nie volgens morele voorskrifte of probeer nie 'n beeld aan die wêreld voorhou nie. Die diere (honde) en die mense is hier na aan mekaar - Gertie en Toby is amper ook twee karakters in die boek! Volgens Nietzsche

Die triomf oor die menslike kondisie word deur die mitiese simbool van die **bergtop** uitgebeeld. Ek beskou hierdie simbool as belangrik omdat Marlene van Niekerk (1978:68) dit in haar M.A.-verhandeling bespreek. Die mitiese simbool van die bergtop, wat vir Nietzsche 'n "oomblik van triomf" beteken, word binne die travestering van die bergpredikasie in die teks uitgebeeld. Die menslike kondisie word in die teks as manifestasies van 'n hoër synswetmatigheid uitgebeeld, soos die menslike noodlot of die wet van dood ter wille van lewe. Nietzsche (1982:216) beeld hierdie synswetmatigheid deur die son se "oomblik van triomf" uit: die oomblik wanneer die son reg bo die aarde in die middel van sy baan staan, is ook die oomblik wanneer sy triomfantlike ondergang begin.

...then, from inexhaustible riches it pours out gold into
the sea - so that the poorest fisherman rows with
golden oars!

Ook die hemelruim ervaar sy winterdood triomfantlik, ter wille van sy somer. Zarathustra ervaar sy profeetskap op dieselfde manier as ondergang ter wille van opbloeï, as dood ter wille van lewe en dit word versinnebeeld in die hoë bergtop wat bestyg moet word. As hy hoog opklim, moet hy ook bereid wees om diep af te daal. Op die bergtop sal sy oomblik van triomf ook die begin van sy afdaal behels. Dit is die menslike kondisie. As die mens dit kan regkry om hierdie oomblik van triomf te aanvaar, verkry hierdie oorgawe, dood en selfopoffering 'n kwaliteit van verlossing. Dit is nodig omdat dit noodsaaklike bevrugterende kragte loslaat waarsonder die heilsgeskiedenis van die ganse mensdom nie sy regmatige verloop sal neem nie, op dieselfde manier as wat die kringloop van die natuur nie normaal sal verloop, as dood en lewe nie saam met lewe en regenerasie voorkom nie.

Dit is hierdie "oomblik van triomf" wat op die Brixton-koppie uitgebeeld word. Die bergpredikasie op die Olyfberg word getravesteer.¹¹⁰ Die bestyging van die bergtop "Brixton" deur hierdie profete van Triomf, word deur Treppie beskryf as "Up, up and away-y-y in my beautiful balloon!" [257]. Op die berg "relax" hulle "met 'n lekker view daarby", en Treppie hef sy triomfgesang aan: "Juig al wat leef, juig voor

¹¹⁰ Van Niekerk (1978:120) dui die verskil tussen **parodie** en **travestie** aan in haar M.A.-verhandeling: in die parodie gaan dit om die "Umbildung einer ernsten Dichtung", waarby die uiterlike vorm behou word, maar die inhoud so verander word dat dit nie meer by die vorm pas nie. In die travestie weer, word die inhoud behou, maar dit word in 'n nie-passende vorm aangebied. Dikwels is dit 'n deftige inhoud wat in alledaagse, banale taal geklee word (Pretorius, 1992:541).

(1983:221) spreek Wagner se kuns die mens met die volgende stem toe: "Nature is in its depths much richer, mightier, happier, more dreadful; in the way you usually live you do not know it: learn to become nature again yourselves and then with and in nature let yourselves be transformed by the magic of my love and fire".

Volgens Nietzsche (1913:321) floreer die mees individuele karakters in die lae range, die uitskot van die gemeenskap - die droesem, die uitvaagsels, soos Mol hulle noem. "...if ye are seeking **personalities** it is there that ye will find them with much greater certainty than the middle classes!" Die karakters in hierdie teks het hul eie manier waarop hulle na geluk soek, waarop hulle oor hul omstandighede probeer triomfeer.

10.5.3.2 *Die karakters se triomf*

Die **karakters se triomf** lê in geluk. Om te triomfeer oor hul omstandighede, moet hulle 'n vorm van geluk soek. Nietzsche (1913:173) onderskei tussen twee soorte geluk: moeë mense wil vrede, rus en stilte hê en aktiewe, kragtige mense soek na **triomf** - hulle wil opponente oorwin en hul gevoel van mag uitbrei. In die Nietzscheaanse sin is Treppie en Lambert aktiewe, kragtige mense wat 'n wil-tot-mag vertoon - "a preference for questionable and terrible things is a symptom of strength" (Nietzsche, 1913:287). Treppie en Lambert se instinkte is nie ondermyn nie, alles wat gevaarlik en vernietigend is, word nie onderdruk nie. Hul triomf is dus om hul gevoel van mag uit te brei, en dit kan in hierdie omstandighede net gedoen word deur die soort gewelddadigheid wat hulle teenoor mekaar pleeg. Dit wat ons as onaanvaarbare geweld beleef, is hul daaglikse triomf. (Dit vorm deel van hierdie teks se oorskryding van 'n polêre denkwysse waarvolgens goed en kwaad as twee afsonderlike pole bedink word, soos verderaan bespreek sal word.) Hulle dra daartoe by om die **Dionisiese** in die teks uit te beeld. Die Dionisiese in hierdie teks word aangebied as dit wat bydra om die ervaring van "triomf" te bereik. Die goeie alleen is saai: "...hy dink Treppie is bang dat as hy daai vrede maak, dan plug hy homself uit en dan verloor hy sy spark" [368]. Dit is veral Treppie se ervaring van triomf (wat verband hou met die mitiese simbool van die bergtop) wat die leser lei na die triomf van die teks.

10.5.3.3 *Die mitiese simbool van die bergtop*

die Heer". En die gesprekke oor die menslike kondisie begin. Pop praat oor die dood en Treppie begin met sy prediking.

"By elkeen van daai liggies, sê ek vir julle vanaand, gee een óf sy gees óf sy eerste skree." As Treppie so begin te "sê ek vir julle" moet jy weet hy's halfpad op die preekstoel op en jy kry hom nie maklik daar af nie. "It's one and the same thing. Asem in, asem uit, eet, kak, eet, kak, tjorts, weg! Niemand het daarvoor gevra nie."
[358]

En hiermee raak sy predikasie aan die diep kwessies van lewe en dood en dat die mens nie beheer daaroor het nie. Dit gaan ook oor die skuld van die mens. Hulle Benade's sit in die pokput, maar dis nie hulle skuld nie. Hulle praat oor skuld en oorerflikheid en vergifnis, maar dit is die manier waarop die hele bergpredikasie uitgebeeld word, wat dit so uitstekend "literêr" maak. In hulle eie taal praat hulle oor die feit dat die mens nie toerekenbaar is vir sy daade nie of vir sy aard, sy motiewe, aksies of effekte wat hy produseer nie, want dit kom uit elemente en invloede van sy verlede en omstandighede. Hul houding is dan ook dat hulle in hul dieptes onkapabel is tot moraliteit; gevolglik kan hulle nie aanspraak maak op sukses of voorspoed nie. Morele begrippe en beloftes is vir beter dinge as hulle. In hierdie teks se "literêre taal" word dit so gestel:

Maar hulle ou lotjie is gekrok van die dag lat hulle die lig aanskou het. Aanmekaaargesit en gepanelbeat, om nie te sê genaai nie, uit scrap uit. Afvalstukkies, laslappies, oorskietwol, wolhaarstories, hoorsê, 'n glimps van voor en 'n glimps van agter. Dis hoe hulle vir hulle kom kry het op dese aarde. Weggooigoed. Good for nothing. Write-off's [444].

Dit gaan naderhand oor in 'n "worsteling" tussen Treppie en Pop oor vergifnis en lyding ("suffering") uit hul verlede:

...maar sy dag by haarself dis nes 'n verhoog daar op die koppie. En lat Treppie nog eendag sal wil doodgaan op 'n verhoog ok, met ligte en curtain calls en mense wat skree: "Encore!" [363]

Dit is een van Treppie se oomblikke van triomf. Sy triomf word gebore deur taal - wat in is, moet uit.

Dis oor sy maag so vassit. En niemand wil hom glo dis 'n probleem wat hom 'n hele boek vol cheap one-liners sal lat skryf nie. Vanlat hy kan onthou, is dit al so. Wat in is, moet uit. En wat nie by één kant kan uit nie, moet by die ander kant uit. Kopbemesting, dis wat dit is [423].

En hier is ons weer by 'n mitiese element (Paz, 1970:48): 'n herhaalde analogie tussen **kopulasie en geboorte** aan die een kant en **eet en uitskeiding** aan die ander kant. Treppie se probleme met sy uitskeiding dui op herhaalde moeilike geboortes in die lewe self. As dit gebeur, het hy 'n oorwinning behaal: "Triomf, Triomf, here comes the bride, big, fat and wide" [310]. Geboorte word elders in die teks aan "triomf" gekoppel. Volgens Treppie was Lambert se geboorte nie 'n uur van benoudheid nie, maar 'n uur van triomf [343]. Die oorwinning wat Treppie so moeilik behaal, is die geboorte van triomf oor die menslike kondisie - die bereiking en die afdaal van die bergtop af, die aanvaarding van sy situasie, sy noodlot, sy uitgelewerdheid aan sy verlede en omstandighede. As hy dit kan aanvaar, sal hy ook triomf kan bereik, sal ook hy kan roei met goue roeispans.

Ook die simbool van die **posbus** wat so herhalend in die teks voorkom, wys na die bevrugting-geboorte-kondisie van die mens op aarde. Dat die triomf oor die menslike kondisie selfs vir hierdie laeklasmens nog veel meer gekompliseerd is as vir die dier, word verbeeld in die maklike ontlasting van hul hond, Toby, wat natuurlik teen die agtergrond van Treppie se probleme gelees word.

...en hoe soek hy toe 'n pol om sy besigheid in te doen
en hoe maak hy sy rug krom en sit sy nek vorentoe en
hoe druk hy 'n lang drol uit en nog 'n paar kleintjies
agterna, knip-knip-knip [365].

Maar ook Pop hou 'n bergpredikasie. Dit kom daarop neer dat hulle mekaar nodig het, want Treppie is hulle "vital ingredient", hulle "generator", en Treppie moet vrede maak met sy verlede en Oupop.

Maar hierdie mitiese simbool van die bergtop gryp nog dieper op die menslike situasie in. Dit raak ook aan die fundamentele enigma van menslike bestaan, wat neerkom op die onlosmaaklikheid van die mens aan beide goed en kwaad. En dit raak aan die mens se ervaring van die Heilige.

10.5.3.4 *Die mitiese triomf van die teks*

Die basiese ervaring van die kwaad word in hierdie teks uitgebeeld as smet, sonde, skuld. Die Benade's is vasgevang hierin. Treppie wil daaruit kom, maar hy aanvaar die mitiese simbool van die bergtop moeilik; hy skenk moeilik geboorte aan die tradisioneel-aanvaarde (ook godsdienstige) waardes. Daarom kan hy nie die morele tradisie - wat 'n hoë outoriteit is wat gehoorsaam moet word omdat dit beveel - aanvaar nie. Daarom sy weerstand teen enige vorm van "jy behoort" [359]. Hy kan nie die menslike toerekenbaarheid vir sy situasie aanvaar nie. Ons het reeds gesien dat Triomf as die derde tipe kultuurmite geklassifiseer is, waarvolgens die held, Lambert, skuldig is sonder dat hy 'n bewuste sonde gepleeg het, en dat die mitiese simbool van die bergtop daarop gewys het dat die heil slegs in die aanvaarding van die samehang van vryheid en noodlot lê. Tog kan Treppie nie toerekenbaarheid vir sy situasie aanvaar nie, hy kan nie aanvaar dat die mens alleen skuldig is nie en daarmee saam kan hy nie aanvaar dat God net goed is nie. Treppie kan met ander woorde nie 'n polêre denkwyse aanvaar waarvolgens goed en kwaad en skuld afsonderlike pole is nie.

Hy (Treppie) sê dis hoekom hy nie sal mind as hy nooit in die hemel kom eendag nie, want dis 'n plek waar alles presies is soos alles anders, so, daar's nie eers 'n behoefte aan gelykenisse nie, daar's net suiwer, onverdunde, ewige waarheid sonder woorde en dit klink vir hom regtig baie boring, in fact, dit klink vir hom na die hel [322].

En dit bring ons by die belangrike rol van die mite in hierdie teks. 'n Kenmerk inherent aan die mite (Van Niekerk, 1985:108) is dat **dít wat onmoontlik oop en bloot erken kan word**, wat vir die bewussyn verborge moet bly, **op indirekte wyse deur die mite bely word**. Dit kan byvoorbeeld die vorm aanneem van 'n natuurwet wat in stryd is met kultureel-bepaalde morele waardes, byvoorbeeld dat seuns ter wille van die voortbestaan van die gemeenskap, hul vaders moet vervang/vernietig. Iets wat dus nie gesê kan en mag word nie, word deur die mite bely.

In hierdie teks as mite word die polêre denkwyse waarvolgens 'n god nê net goed is en 'n mens nê net sleg is, ontken. Omdat die mens nie ten volle toerekenbaar is nie (Lambert kan nie die skuld daarvoor dra dat hy 'n bloedskande-kind is nie en dat hy sy pa onwetend doodgemaak het nie; ook Treppie, Pop en Mol is die produkte van hul opvoeding en omgewing en oorerwing), is hy nie net sleg nie, maar

openbaar die mite iets oor die manier waarop die mens hom in die wêreld bevind. Ricoeur (Van Niekerk, 1985:221) beskryf dit as die ambivalente posisie van die "condition humaine", van die "Dasein" van die mens, wat 'n nie-sameval met sigself is.

Hiervolgens is die mens wesenlik wat hy/sy nié is nie: hy is nié die vervulde goedheid wat hy essensieel ís nie, en hy is die aktuele kwaad, die gebrek aan vervuldheid en goedheid, wat hy essensieel nié is nie. Treppie stel dit so:

Die hele wêreld is net name en niks is wat dit is nie en
alles is wat dit nié is nie, it's all in the mind! En die mind
is 'n bottomless pit [309].

Die "volheid" (die paradys) waarop die Christelike geloof hom rig, is 'n volheid wat nooit **op aarde** beleef word nie. En dit is die triomf waarna Treppie streef en wat hy nooit kan bereik nie.

Wat die mite dus sê, wat nooit kan of mag gesê word nie, is nie net dat die mens nie net sleg is nie, maar veral dat God nie 'n afsonderlike pool is wat geskei is van die kwade nie. Daarom die travestering van die heilige in die teks. Die travestie is nie 'n manier om die Godsdienst bloot af te kraak nie - dis 'n manier om die ander kant (die kwade) ook onder die aandag te bring - dat dit ook bestaan - en dat dit niks help om die bestaan daarvan te ontken nie. Dit is juis teen die **ontkenning** daarvan dat die travestie aangewend word, want deur die travestie word (literêr) getoon dat die kwade alreeds binne die goeie teenwoordig is.

Ricoeur (Van Niekerk, 1985:208) sê ook dat die mites en simbole aanleiding gee tot **denke**. Die denke kom deur die mite by iets uit wat die mens nêrens hardop wil sê nie: ook God is nie net 'n "goeie" pool, wat afsonderlik staan van die kwade nie. Lambert se twee vaders word as die goeie en die kwade uitgebeeld: Pop is die "saving grace" en Treppie die "vital ingredient" van hul storie [423],

...die goeie vader wat vir hom op die regte pad probeer
hou het sy lewe lank en die slegte vader wat elke entjie
van daai pad weer opgefok het, so ver as wat hy
gegaan het [423].

As ook die Goddelike Wese deel vorm van alles, die goeie en die kwade, is daar 'n antwoord vir die toelating van die kwade, pyn en lyding op aarde. Maar die heil van die mens lê in die triomferende bereiking van die goeie binne hierdie "heteroglossia", miskien juis deur die aanvaarding van 'n nie-polêre begripsvorming van die Goddelike Wese.

Die mens kan dit nie regkry om buite die kategorieë van goed en kwaad te dink nie. Slegs die mite kan dit verbeeld. Lambert kan beide die goeie en die bose as vaders hê, maar hy kan ook nie beide hê nie. Die mite wil dus hê dat ons buite die polariteite dink. Eco (1990:10) het uitgewys dat 'n polêre betekenisgewing nie tot die Goddelike Wese behoort nie, maar aan ons denkwyse oor Hom, en aan ons diskoerse oor Hom omdat dit spruit uit ons onvolmaakte kennis oor Hom, en uit ons geloof dat daar 'n kontradiksie in die realiteit bestaan.

This is a very important point because, as we shall see, the Hermetic Platonism of the Renaissance maintains that the very core of every secret knowledge is the faith in the deep contradictoriness of reality. On the contrary, for medieval theology both contradictoriness and ambiguity are merely semiotic, not ontological (Eco, 1990:10).

Ook in die Bybel, in 'n gedeelte wat die triomftog van Christus beskryf, word gewaarsku teen teorieë en argumente wat misleidend is. "Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie" (Kolossense 2:8). Nietzsche het alreeds met die probleem geworstel dat as God net goed is, wat dan van die toelating van die kwade op aarde? Hy het nie 'n antwoord hiervoor aangebied nie. Hierdie mitiese teks probeer om deur die mite kommentaar te lewer sonder om God, soos Nietzsche, dood te verklaar.

Die teks sal triomf kan bereik as die teks (as mite) die dubbele Joodse belydenis "God is heilig en die mens is skuldig" kan versag ('n uitspraak wat Ricoeur oor die Genesis-mite gemaak het, en deur Van Niekerk [1985:208] aangehaal is). So 'n uitspraak word ook in die Bybel gegee in die gedeelte waar oor die triomftog van Christus gepraat word. In Kolossense 2:9-10 staan:

In Hom [Christus] is die volle wese van God beliggaam,
en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid.
Hy is die hoof oor al die bose magte.

Omdat die mens verbonde is aan Christus, is hy deel van die triomftog van Christus.

Hierdeur word afstand gedoen van 'n polêre denkwyse van óf die een óf die ander, en die amper ondenkbare postmodernistiese topologiese bewussyn van die verstrengeldheid van alles, triomfeer hier. Hierdeur word die selfbegrip van die gelowige verryk en 'n verruimde insig in die wese van die mens en sy situasie op aarde verkry. Op hierdie manier kan hierdie mite in gesprek met ander mites vanuit 'n Joods-Christelike oriëntasie, nuwe synsmoontlikhede ontsluit. En die ontsluiting van nuwe synsmoontlikhede is die grootste triomf waarna enige literêre teks kan streef.

10.5.4 Slotopmerkings

Dit is onmoontlik om in die ruimte wat hier aan die teks afgestaan kan word, naastenby 'n volledige interpretasie van hierdie grootse teks te gee. Bloot 'n faset van die titel is hier aangeraak. Dit is egter duidelik dat hierdie teks nie sonder die konjuncturele benadering waardeur meer as een wyer teks betrek word, adekwaat geïnterpreteer kan word nie. Sonder die intrek van die wyer tekste, word foutiewe interpretasies aangebied soos dié van dr. Etienne Britz (1994), in sy radiobespreking van Triomf: "as roman mis Triomf 'n oortuigende dieptestruktuur, 'n tema wat die talle ontroerende en dan weer dolle situasies diep sinvol verbind". Soos in die bespreking hierbo gesien is, verbind bloot die titel die situasies alreeds sinvol: al hierdie situasies is maniere waardeur die personasies die mitiese simbool van die bergtop uitleef. Ook Botma (1994:5) sou ongetwyfeld nie die volgende uitspraak maak het as hy 'n konjuncturele benadering tot die roman gevolg het nie: "Maar sy kry nie veel meer gesê as dat jy niemand kan veroordeel nie, want jy weet nie wat in hul lewe en hartjies gebeur nie". Wat 'n kortsigtige veroordeling van 'n groot roman deur iemand wie se kompetensie nie deel van die konjunktuur van die roman se betekenisvorming uitmaak nie!

10.6 TEN SLOTTE: EVALUERING

Ten slotte sal ek graag wil vasstel watter waarde postmodernistiese betekenisvorming vir die literêre teorie en vir die letterkunde inhou. Is daar enige metode waarvolgens die geldigheid van hierdie interpretasie getoets kan word?

Enige interpretasiedaad is vir Eco 'n dialektiek tussen oopheid en vorm, tussen inisiatief aan die kant van die interpreteerder en kontekstuele druk. Daarom sê hy daar is geen manier waarop besluit kan word watter interpretasie die "goeie" een is nie, maar dit is wel moontlik om op grond van die konteks te besluit watter die "gepaste" een is (Eco, 1990:21). Hy sê ook elders (Eco, 1990:148) dat dit onmoontlik is om te sê watter die beste interpretasie van 'n teks is, maar dit is wel moontlik om te sê watter verkeerd is. Voordat 'n teks geproduseer is, kan enige teks geskep word, maar nadat 'n teks geproduseer is, is dit moontlik om daardie teks baie dinge te laat sê - in sekere gevalle 'n potensieel oneindige aantal dinge - maar dit is krities ongeldig om die teks te laat sê wat dit nie sê nie. Eco (1990:148) beweer "texts frequently say more than their authors intended to say, but less than what many incontinent readers would like them to say".

Armstrong (1990:13-16) bied wel 'n aantal toetse aan waarvolgens onderskei kan word tussen geldige en foutiewe lesings. Volgens hom kan interpretasies aan drie dinge getoets word:

- 1 **inklusiwiteit:** word die meeste/belangrikste feite van die teks verreken?
- 2 **intersubjektiviteit:** is dit vir ander mense ook aanvaarbaar?
- 3 **effektiviteit:** lei dit tot nuwe insigte, ontdekkings, hipoteses?

Oor die algemeen slaag die poststrukturealistiese teorieë, soos hierbo aangebied, nie Armstrong se eerste toets nie. Omdat die teorieë elk 'n spesifieke soort betekenisvorming aanhang, sal sekere feite, wat met sekere dimensies in die teorie ooreenstem, verreken word, maar nie noodwendig die meeste feite nie. So is die leemtes in Belemmering, wat deur Lacan se teorie geïnterpreteer is, in die oordragproses verreken, maar die dekonstruksie wat in die teks plaasvind, is oor die hoof gesien. Dit sal weer deur 'n dekonstruktiewe interpretasie verreken kan word. Daarom het ek 'n konjunktorele benadering aangebied waarvolgens verskeie wyer tekste gebruik kan word, sodat die meeste feite in die teks verreken kan word.

Die tweede toets, **intersubjektiviteit**, word slegs gedeeltelik deur die poststrukturealistiese literêre teorieë geslaag. Omdat die teorieë oor die algemeen oor "betekenisvorming" gaan, is dit nie op 'n bepaalde nasionaliteit gerig nie, en is dit (soos reeds uit die demonstrasie van die Afrikaanse tekste wat as voorbeelde gebruik is, duidelik blyk) geskik vir die Afrikaanse teks. Enige ingeligte leser uit

enige ontwikkelde land kan veel met die teks uitrig as hy die poststrukuralistiese teorieë as gasheer gebruik.

Maar ongelukkig kan slegs die ingeligte of suspisieuse leser hier geakkommodeer word en nie die gewone leser nie. Vir die ingeligte leser kan hierdie poststrukuralistiese betekenisvorming 'n bevredigende spel word, en die "oop" betekenisvorming kan feitlik net deur die leser se kompetensie ingeperk word. Die gewone leser het nie die kritiese kompetensie om die teks op 'n poststrukuralistiese manier te benader nie.

Veral in die Suid-Afrikaanse konteks is dit 'n leemte omdat die gemeenskap uit gewone sowel as ingeligte lesers bestaan, soos duidelik word uit Degenaar (1993:52) se bespreking van die multikulturele situasie in Suid-Afrika. Hy bied drie denkwyses aan wat vandag gelyktydig in Suid-Afrika gemanifesteer word, naamlik die "premoderne", "moderne" en "postmoderne" denkwyses.

Die **premoderne** denkwysse vorm 'n geslote eenheid as hy sê: dit is die enigste waarheid. Hier het ons nie 'n self-kritiese bewussyn nie, maar die aanvaarding van "objektiewe waarhede", en die opinie van die groter geheel word as "die waarheid" ervaar omdat betekenis in 'n sosio-mitiese wentelbaan funksioneer waarbinne die individu aan kollektiwiteit onderwerp word. Dit word binne primitiewe kulture sowel as binne kollektiewe denkwyses gevind waarin die individu nie krities teenoor sy eie werkwyse staan nie.

In die **moderne** denkwysse bestaan self-kritiese bewussyn wel, maar dit vind binne die eensydige blik van Westerse rasionaliteit plaas. Daar word sistematies oor die wêreld gedink, en redes word gegee waarom 'n sekere uitgangspunt aanvaar word. 'n Relatiwiteitsbewussyn het wel posgevat, maar die uitgangspunt is nog eensydig Westers en rasideel geklee sodat andersoortige kulture en denkwyses nog nie geakkommodeer word nie. Die waardes en norme wat kultuur aanbied, word hier nog as universeel toepaslik beskou, en 'n persoon vorm 'n samehangende geheel.

In sy bewussyn van die kompleksiteit van dinge breek die **postmoderne** denkwysse weg van die beperkings van die "geslote eenheid" en "rasionaliteit" van mite en rede. Binne hierdie denkwysse word fragmentasie, diskontinuiteit, heterogeniteit geakkommodeer. Die oorskryding van grense word aanvaar sodat

"interverhoudings" 'n rol begin speel: intertekstualiteit; interkulturaliteit. 'n Pluraliteit van kulture word waardeer en kruisbestuiwing kan plaasvind.

Hiervolgens vertoon die postmoderne leser 'n kritiese kompetensie wat wel in staat sal wees tot poststrukturealistiese betekenisvorming. Die premoderne en moderne lesers se kompetensie kan beskryf word as "lees" en "interpretasie". Hulle is versoenende soort lesers wat verlede-georiënteerd is. Hulle rekonstrueer wat gesê is, wat afgehandel en voltooi is en lees dikwels hedonisties as hulle pyn vermy en na genot soek. Hierdie soort leser sal nie in staat wees om die poststrukturealistiese teorieë as gasheer vir die teks te gebruik nie.

Die groot leemte wat poststrukturealistiese literêre betekenisvorming vertoon, is dus dat die gewone leser nie 'n rol kry nie. Die resente **kultuurteorie** wat nou begin veld wen, sal deur die klem wat daar gelê word op die feit dat kritiek sosiaal betekenisvol moet wees, waarskynlik hierdie leemte vul. Die bekende pragmatiese slagspreuk van Richard Rorty, die "literêre-historiese-antropologies-politieke malle-meule", is 'n goeie samevatting van die situasie waarbinne die literêre teorie as kultuurteorie vandag bewus staan. Literêre tekste word al hoe meer as gemeenskapsdokumente of gebeurtenisse met sosiale, historiese en politieke dimensies beskou. Selfs 'n dekonstruksionis soos Miller beveel in sy jongste boek (Theory now and then, 1991:392) aan dat 'n leser vandag ál die tekens moet kan lees:

...paintings, movies, television, the newspaper, historical data, the data of material culture. An educated people these days, an informed electorate, is a people who can read, who can read all the signs, no easy thing to learn.¹¹¹

Tog lê die waarde van kultuurteorie nie bloot in die lees van die tekens of in die herkenning van sosiale, historiese en politieke dimensies in die literêre teks nie. Bracher (1993:3) wys daarop dat kritici soos Brantlinger¹¹² (1990), Johnson¹¹³

¹¹¹ Ook Derrida (1986:168) het gesê: "Deconstructive practices are also and first of all political and institutional practices".

¹¹² Brantlinger (1990:ix) sê: "...the connections of texts and histories with our own lives and experiences must be recognized and become part of what we analyze".

(1987), Montrose¹¹⁴ (1989) en Poovey¹¹⁵ (1990) toenemend daarvan bewus word dat kritiek sosiaal betekenisvol moet wees.

In 'n konjunkturale benadering, wat by die kultuurteorie aansluit (maar wat "kultuur" nooit as "absolute horison van betekenisvorming" sal aanvaar nie), sal die gewone leser ook ingesluit wees. Die konjunktuur vind dan tussen die teks/leser en sy eie lewenservaring en kultuur plaas. Op hierdie manier kan die teks vernuwend op die leser se eie insigte oor sy plek in hierdie wêreld, inwerk.

Armstrong se derde toets vir die geldigheid van interpretasies, **effektiwiteit**, word wel deur die poststrukturalis geslaag, want dit lei by uitstek tot nuwe insigte, ontdekkings en hipoteses. Die waarde van 'n kennis van die poststrukturalistiese literêre teorie vir die literêre kritiek lê juis hierin dat dit die kritikus in staat stel om dimensies in die teks raak te lees wat hy sou gemis het as hy nie oor daardie kennis beskik het nie. Dit is goeie "soekligte" wat baie effektief werk om nuwe ontdekkings te maak.

Wat vandag in die kontemporêre literêre wêreld as 'n baie interessante verskynsel na vore tree, is dat 'n verskuiwing besig is om plaas te vind in die Apollo-Dionisus-opposisie. Waar mens sou verwag dat die Dionisiese aard van die poststrukturalisme met die "oop" betekenisvorming, met ander woorde, die "wanordelikheid" weer behoort oor te gaan na die "ordelike", dat dit een of ander Apolliniese vorm sal begin aanneem, vind hier egter 'n verskuiwing plaas.

¹¹³ Vir Johnson (1987:72) het die twee stelling vrae waartoe kulturele studies voortdurend terugkeer, te doen met "'popularity', pleasure and the use value of cultural forms" en met "the outcomes of cultural forms". Hy vra: "Do these forms tend to reproduce existing forms of subordination or oppression? Do they hold down or contain social ambitions, defining wants too modestly? Or are they forms which permit a questioning of existing relations or a running beyond them in terms of desire? Do they point to alternative social arrangements?"

¹¹⁴ Volgens Montrose (1989:23) moet kulturele kritiek die kapasiteit van sekere diskoerse beklemtoon "to impact upon the social formation, to make things happen by shaping the subjectivities of social beings".

¹¹⁵ Vir Poovey (1990:617) is 'n sosiaal betekenisvolle kritiek een wat kultuur beskryf as "the ensemble of categories and signifying systems that provide the terms through which humans understand our world, from which we derive our identity, and in which we formulate and express desire".

As gevolg van die translinguistiese bewussyn van die kontemporêre kultuurteoretiese benadering, kom die invloede vanuit Bakhtin se teorie veral duidelik na vore. Daarvolgens word die poststrukturealisme as die "offisiële" gelees, die amptelike, die gespesialiseerde rigting wat hom besig hou met die verhewe sfere van die literêre taal.

Die Bakhtin-groep het die terme "lineêr" en "piktoraal" gebruik om intertekstuele style te onderskei (Van Wyk, 1994:128), en ook om die orde-wanorde-ontwikkeling in die literatuurgeskiedenis mee aan te dui. Hierdie terme sluit aan by die Apollo-Dionisus-opposisie (Apollo word gelykgestel met die lineêre en Dionisus met die pikturale). Van Wyk (1994:128-129) wys daarop dat die kontoere in die pikturale styl uitgewis word as ander se taaluitinge meer genuanseer word en in die innerlike dialoë van die individuele spreker ingebed word; en in die pikturale stroom word die feesvierende, openbare en volkse wêreld gekenmerk deur ambivalente humor en 'n ryk intertekstuele heterologie, wat as "in praesentia" geïdentifiseer word. Hierteenoor dui "in absentia" op die amptelike kultuur, die heersende ideologiese strominge, die verhewe sfere van die literêre taal. Die "in praesentia"- en "in absentia"-strominge dui op 'n tweespalt tussen die populêre en amptelike kultuur binne die Middeleeue. Volgens Van Wyk meen Bakhtin dat die volkse deur akademici afgeskeep is, omdat hulle deelgenote is aan die amptelike, ernstige en klassieke ideologie.

Van Wyk trek nie die streep deur na die literêre situasie vandag nie. Die ontstaan van die nuwe "kultuurteorie" en die "New Historicism" maak dit duidelik dat 'n reaksie plaasvind teen die verhewe sfere wat die literêre taal en teorie begin aanneem het. Die poststrukturealisme wat eers as die Dionisiese beskou is in sy oopmaak van kreatiewe moontlikhede, word nou as die "amptelike" beskou, en die pikturale of Dionisiese verskuif na die kultuurteorie waar die heteroglottiese en die volkse, ambivalente, intertekstuele stemme van die translinguistiese die Dionisiese uitmaak, en waar die gewone leser ook 'n rol kry. Die poststrukturealisme wat eers as die Dionisiese beskou is, word nou die Apolliniese!

Wat dus hier gebeur het, is dat die binêre paar, orde/wanorde of Apollo/Dionisus, gedekonstrueer is! Vandag is dit nie meer so maklik om betekenis deur binêre denke te vorm nie. Daarom is dit beter om 'n konjunktorele uitgangspunt te aanvaar waarvolgens die "konjunktuur" die plek kan inneem van binêre kodes.

Ook hier vind 'n interessante verskuiwing tussen 'n poststrukuralistiese en 'n konjunkturale benadering plaas. Hierbo is gesien dat die leser se kompetensie feitlik die enigste inperking op die oop betekenisvorming van poststrukuralisme is. By die poststrukuralis bestaan sy kompetensie uit verlede-kennis. In die konjunkturale benadering vind betekenisvorming juis deur die leser se kompetensie plaas, maar - nie bloot as verlede-kennis nie! Die konjunktuur word deels deur die leser se kompetensie gevorm as insnydings tussen teks/leser en wyer teks plaasvind. Maar dis nie waar dit eindig nie. Die kompetensie bly 'n steeds vormende proses. Dit kan genoem word 'n kompetensie-in-proses omdat die kompetensie voortdurend binne hierdie konjunktuur gevoed word, en die betekenisvorming vind deur hierdie hele proses plaas. Die konjunkturale benadering is dus 'n verrykende soort betekenisvorming wat al drie toetse, maar by uitstek hierdie laaste toets van Armstrong, slaag.

In poststrukuralistiese betekenisvorming word die teks op verskillende maniere uitgebrei, in die terreine van die politieke en interpretasiegemeenskappe in, na die terreine van die onbewuste, die retoriese, die karnavaleske, die dialogiese, die intertekstuele, die skisofreniese. Hierdie uitbreiding het 'n verrykende en vernuwende effek op die leser. Die poststrukuralis sien die teks as 'n vraag waarop die uitbreiding van die teks 'n antwoord is, soos Gadamer (1965:283) dit uitdruk, "das Wesen der Frage ist das Offenlegen und Offenhalten von Möglichkeiten". Poststrukuralistiese betekenisvorming is dus 'n betekenisvorming vir die spesialis, vir die ingeligte leser met, soos Nietzsche (1913:415) dit gestel het, "an anti-metaphysical view of the world - yes, but an artistic one."

BIBLIOGRAFIE

- Abrams, M.H. 1977. The deconstructive angel. Critical Inquiry, 3(3):431-434.
- Althusser, Louis. 1971. "Freud and Lacan" (*In* Lenin and philosophy and other essays. Transl. Ben Brewster. New York :Montly Review Press.)
- Althusser, Louis & Balibar, Étienne 1979. For Marx. London: Verso.
- Althusser, Louis & Balibar, Étienne 1979. Reading Capital. London: Verso.
- Armstrong, P.B. 1990. Conflicting readings: variety and validity in interpretation. Chapel Hill & London : The University of North Carolina Press.
- Bakhtin, Mikhael. 1965. Rabelais and his world. Massachusetts: MIT Press.
- Bakhtin, Mikhael. 1981. The dialogic imagination. M. Holquist, *ed*. Austin & London: University of Texas press.
- Bakhtin, Mikhael. 1984. Problems of Dostoevsky's poetics. University of Minnesota Press.
- Bakhtin, Mikhael. 1986. Speech genres and other late essays. C. Emerson & M. Holquist, *eds*. Austin : University of Texas Press.
- Bakhtin, Mikhael. 1988. From the prehistory of novelistic discourse. (*In* Lodge, David, *ed*. Modern criticism and theory. A reader. London & New York : Longman.)
- Bannet, Eve Tavor. 1993. There have to be at least two. Diacritics, 23(1):84-98, Spring.
- Barthes, Roland. 1974. S/Z. New York: Hill & Wang.
- Barthes, Roland. 1975. The pleasure of the text. New York : Hill & Wang.
- Barthes, Roland. 1977. Image, Music, Text. Fontana/Collins.

- Barthes, Roland. 1979. Mythologies. London, New York: Granada publications.
1980. From work to text. (*In* J.V. Harrari, *ed.* Textual Strategies. London: Methuen.)
1983. Barthes. Selected writings. Susan Sontag, *ed.* Fontana Collins.
1987. Theory of the text. (*In* Young, R, *ed.* Untying the text: a poststructuralist reader. London & New York : Routledge & Kegan Paul.)
1991. Roland Barthes door Roland Barthes. Vertaal deur M.J. van Nieuwstadt & Henk Hoeks. Nijmegen : SUN.
- Baynes, Kenneth, James Bohman & Thomas McCarthy *eds.* 1987. After philosophy. End or transformation? Massachusetts, London: The MIT Press.
- Bleich, David. 1981. Subjective criticism. Baltimore, London: Johns Hopkins Paperbacks Edition.
- Blondel, Eric. 1991. Nietzsche: the body and culture. London : The Athlone Press.
- Bloom, Harold. 1973. The anxiety of influence. New York : Oxford University Press.
1975. A map of misreading. New York : Oxford University Press.
1983. Agon: towards a theory of revisionism. Oxford, New york, Toronto : Oxford University Press.
1987. Harold Bloom. (*In* Salusinszky, 1987.)
- Bogue, Ronald. 1989. Deleuze and Guattari. London & New York : Routledge.
- Botma, Gawie. 1994. Blitsverkoper oortuig nie. Die Burger, 17 Augustus:5.

- Bracher, Mark. 1993. Lacan, discourse and social change. Ithaca & London : Cornell University Press.
- Brantlinger, P. 1990. Crusoe's footprints: cultural studies in Britain and America. New York : Routledge.
- Brink, André P. 1993. Inteendeel. Kaapstad, Johannesburg : Human & Rousseau.
- Brinker, Menarchem 1980. Two phenomenologies of reading. Ingarden and Iser on textual indeterminacy. Poetics Today, 1(4): 303-212.
- Britz, Etienne. 1992. Weemoed, weifeling en 'n gepik-pik-pik. Rapport, 21(4):20.
1994. Radiopraatjie oor Triomf, 27 Oktober, 21:15.
- Cain, William E. 1984. The crisis in criticism: theory, literature and reform in English studies. Baltimore : Johns Hopkins University Press.
- Carroll, David. 1983. The alterity of discourse: form, history, and the question of the political in M.M. Bakhtin. Diacritics: 65-83, Summer.
- Carusi, A. 1992. Semanalise. (In Cloete, T.T., Red. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr.
- Casey, E.S. & Woody, J.M. 1983. Hegel, Heidegger, Lacan: the dialectic of desire. (In Smith, J.H. & Kerrigan, W. Psychiatry and the humanities: Interpreting Lacan. New Haven & London : Yale University Press.)
- Chabot, C.B. 1975.Reading readers reading readers reading... Diacritics, 5(3):24-38.
- Champagne, R.A. 1979. Insights from the semiology of Roland Barthes. Style, 13:279-291.
- Clark, Catherina & Holquist, Michael. 1984. Michael Bakhtin. Massachusetts & London : Harvard University Press.

- Cloete, T.T., *red.* 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr.
- Coward R & John Ellis. 1977. Language and materialism. London: Routledge & Kegan Paul.
- Crowley, T. 1991. Bakhtin and the history of language. (*In* Hirschkop & Shepherd, 1991).)
- Culler, Jonathan. 1975. Structuralist poetics. London, Melbourne & Henley : Routledge & Kegan Paul.
1983. Barthes. Fontana Paperbacks.
1984. On deconstruction: theory and criticism after structuralism. Ithaca, New York : Cornell University Press.
1987. The future of criticism. (*In* Koelb, Clayton & Virgil Lokke. 1987. The current in criticism. Essays on the present and future of literary theory. Indiana: Purdue University Press.)
1989. Paul de Man's contribution to literary criticism and theory. (*In* Cohen, Ralph. 1989. The future of literary theory. New York & London : Routledge.)
- Degenaar, J. 1989. Marxism and deconstruction. SAVAL Kongresreferate, April 1989.
1990. Intertekstualiteit. (*In* Onder andere. ALV-publikasiereeks 4. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.)
1993. Art and culture in a changing world. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wysbegeerte, 12(3):51-56.
- De Jong, Marianne. 1983. Die blootgestelde leser: Wolfgang Iser se model van die interaksie tussen teks en leser 1. Standpunte, 164:47-64, April.
- Deleuze, Gillis. 1983. Nietzsche and philosophy. London : Athlone Press.

- Deleuze, G. & Guattari, F.
1985. Anti-Oedipus : Capitalism and schizophrenia. London : The Athlone Press.
1988. A thousand plateaus: Capitalism and schizophrenia. London : The Athlone Press.
- Deleuze, G & Parnet, Claire.
1987. Dialogues. Transl. Hugh Tomlinson & Barbara Habberjam. London : The Athlone Press.
- De Man, Paul.
1971. Blindness and insight: essays in the rhetoric of contemporary criticism. New York : Oxford University Press.
1975. Action and identity in Nietzsche. Yale French Studies, 52:16-30, Fall.
1979. Allegories of reading: figural language in Rousseau, Nietzsche, Rilke, and Proust. New Haven & London : Yale University Press.
- 1988a The resistance to theory. (In Newton, K. M. Twentieth-century literary theory. A reader. Macmillan.)
- 1988b. Semiology and rhetoric. (In Selden, R. The theory of criticism. London & New York : Longman.)
- Derrida, Jacques.
1973. Speech and phenomena. Evanston: Northwestern University Press.
1974. White mythology: metaphor in the text of philosophy. New Literary History, 6:5-64.
1976. Of Grammatology. Baltimore & London: The Johns Hopkins University press.
1977. Signature event context. Glyph, 1:172-197.
1978. Writing and difference. Chicago: University of Chicago Press.

- Derrida, Jacques.
- 1981a. Dissemination. Chicago: University of Chicago Press.
- 1981b. Positions. Chicago : Un. of Chicago Press.
1983. The principle of reason: the university in the eye of its pupils. Diacritics, 13(3):3-20.
- 1986a. Margins of Philosophy. Chicago : Un. of Chicago Press.
- 1986b. "But, beyond....(Open letter to Anne McClintock and Rob Nixon). Translated by Peggy Kamuf. Critical Inquiry, 13:155-170.
1988. Structure, sign and play in the discourse of the human sciences. (*In* Lodge, David, ed. Modern criticism and theory - a reader. London & New York : Longman.)
1992. Passions: 'an oblique offering'. (*In*: Wood, David. Derrida: a critical reader. Oxford, Massachusetts : Blackwell.
- Dolezel, L.
1980. Eco and his model reader. Poetics Today, 1:181-188.
- Du Plessis, S.
1971. Nietzsche se radikale verligte filosofie. Pretoria & Kaapstad: H & R Academica.
- Du Plooy, Heilna.
1992. Fransi Phillips. 1992. Herfsverhale. Literator, 13(2), Augustus.
1993. Die onontwykbare eie verhaal: De aanslag van Harry Mulisch en Die jakkalsjagter van Alexander Strachan as metaverhale. Stilet, V(1):49-63), Maart.
- Eagleton, Terry.
1982. Criticism and ideology: a study in marxist literary theory. London : Verso.
1983. Literary theory: an introduction. Minneapolis : University of Minnesota Press.
- Eco, Umberto
- 1979 A theory of semiotics. Bloomington : Indiana University press.

- Eco, Umberto. 1984/7. The role of the reader. Bloomington: Indiana University press.
1985. Semiotics and the philosophy of language. London & Hampshire : Macmillan.
1989. The open work. Harvard : Hutchinson Radius.
1990. The limits of interpretation. Bloomington : Indiana University Press.
- Ellis, John M. 1989. Against Deconstruction. Princeton University Press.
- Emerson, Caryl & Morson, G.S. 1987. Penultimate words.(In Koelb C. & Lokke, V. The current in criticism. Indiana : Purdue University Press.)
- Esterhuyse, W. 1993. Nietzsche se duiding van die metafisika as gestolde sisteem van gestolde metafore. S.A. Tydskrif vir Wysbegeerte, 12(2):38-47, Mei.
- Felman, Shoshana. 1987. Jacques Lacan and the adventure of insight. Cambridge, Massachusetts & London : Harvard University Press.
- Fish, S. 1970. Literature in the reader: Affective Stylistics. New Literary History, 2:123-162.
1976. Interpreting the Variorum. Critical Inquiry, 2(3):456-485, Spring.
1980. Is there a text in this class? The authority of interpretive communities. London, Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
1981. Why no one's afraid of Wolfgang Iser. Diacritics, 11(1):2-13.

- Fish, S. 1987. Interview with Stanley Fish. Anti-foundationalism. Theory Hope, and the teaching of Composition. (*In* Koelb, Clayton & Virgil Lokke. The current in criticism. Essays on the present and future of literary theory. Indiana: Purdue University Press.)
1989. Doing what comes naturally. Durham & London: Duke University Press.
- Fokkema, D.W. & E. Kunne-Ibsch. 1979. Theories of literature in the twentieth century. London: C. Hurst & Co.
- Foley, B. 1985. The politics of deconstruction. (*In* R.C. Davis & Schleifer, R. [eds.]. Rhetoric and form: deconstruction at Yale. Norman : University of Oklahoma Press.)
- Foucault, Michel. 1972. Archeology of knowledge. New York : Harper & Row.
1977. Language, counter-memory, practice. Selected essays and interviews. Ed. D.F. Bouchard. Ithaca : Cornell University Press.
1978. History of sexuality. Vol. 1. New York : Pantheon Books.
1980. Power/knowledge: selected interviews and other writings. Ed. Colin Gordon. New York : Pantheon Books.
1987. Questions of method: an interview with Michel Foucault. (*In*: Baynes K, Bohman J & McCarthy T. After philosophy. End or transformation? Cambridge/London : The MIT Press.)
1988. Politics philosophy culture: interviews and other writings 1977-1984. Kritzman, L.D., ed. London : Routledge.

- Freud, S. 1961. "Civilization and its discontents". (*In The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud*, vol. 21. London : Hogarth.)
- Freund, Elizabeth. 1987. The return of the reader: reader-response criticism. London, New York : Methuen.
- Gadamer, Hans-Georg. 1965. Wahrheit und Methode. Tübingen : J.C.B. Mohr.
1979. Truth and Method. London: Sheed and Ward.
- Gasche, Rodolphe. 1986. The tain of the mirror: Derrida and the philosophy of reflection. Cambridge : Harvard University Press.
- Gilfillan, Rita. 1992. 'n Viering van die liefde. S.A. Literary Review, 2(1):4-5.
- Goldmann, L. 1964. The hidden God. Translated by P. Tody. London : Routledge & Kegan Paul.
1976. The sociology of literature: status and problems of method. International Science Journal, 19:493-516.
1981. Method in the sociology of literature. Oxford : Basil Blackwell.
- Goodheart, Eugene. 1984. The sceptic disposition in contemporary criticism. Princeton: Princeton University Press.
- Gouws, Tom. 1993. Brink se jongste boek is eenhoringmooi. Beeld, 20 September:8.
- Gräbe, Ina. 1992. Post-Freudiaanse psigoanalise en literatuur. (*In Cloete, T.T., red. 1992. Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM-Literêr.)
- Grobler, Hilda. 1991. "Die boek het homself geskryf" - Jeanne Goosen. Tempo, 17 Okt.:8.
- Guattari, F. 1984. Molecular revolution: Psychiatry and politics. New York : Penguin Books.

- Hambidge, Joan. 1989. Psigoanalise en lees. s.l. : J&J.
- Harding, James M. 1993. Given movement: determinant response, textual givens, and Hegelian moments in Wolfgang Iser's reception theory. Diacritics, 23(1):40-52.
- Hartman, G.H. 1980. Criticism in the wilderness. New Haven & London : Yale University Press.
1981. Saving the text. Baltimore & London : The Johns Hopkins University Press.
- Harvey, Irene. 1986. Derrida and the economy of différance. Bloomington : Indiana University Press.
- Hattingh, Marion. 1994. Gesigte van 'n gestorwe siener. Referaat gelewer by die ALV-Kongres, Oktober 1994, Port Elizabeth.
- Hegel, G.W.F. 1955. Aesthetik. Volume 1. Frankfurt : Europäische Verlagsanstalt.
1966. The phenomenology of mind. London : Allen & Unwin.
- Hirsch, E.D. (Jr.) 1967. Validity in interpretation. New Haven & London : Yale University Press.
1976. The aims of interpretation. London, Chicago: The University of Chicago Press.
- Hirschkop, Ken. 1986. The domestication of M.M. Bakhtin. Essays in Poetics, XI(1):80-81.
- Hirschkop, K. & Shepherd, D. 1991. Bakhtin and cultural theory. Manchester & New York : Manchester University Press.
- Holland, Norman, N. 1976. The New Paradigm : Subjective or transactive? New Literary History, 7:335-346.
1980. Re-covering "The Purloined Letter: Reading as a personal transaction. (*In* Suleiman, S. en Crosman, I. The reader in the text. New Yersey: Princeton University Press.)

- Holland, N.N & L. F. Sherman. 1977. Gothic possibilities. New Literary History, 8(2):279-24.
- Holub, Robert C. 1984. Reception theory. A critical introduction. London & New York: Methuen.
- Horton, Susan R. 1989. The institution of literature and the cultural community. (In Natoli, J. Literary theory's future(s). Urbana and Chicago : University of Illinois Press.)
- Ingarden, Roman. 1960 Das literarische Kunstwerk. Tübingen: Max Niemeyer Verlag.
1979. The cognition of the literary work of art. Evanston: Northwestern University press.
- Iser, Wolfgang. 1978. The act of reading. A theory of aesthetic response. London & Henley: Routledge & Kegan Paul.
1983. The implied reader. Baltimore & London: The Johns Hopkins University Press.
- Jameson, Fredric. 1971. Marxism and form: Twentieth-century dialectical theories of literature. New Jersey: Princeton University Press.
1979. Fables of aggression: Wyndham Lewis, the modernist as fascist. Berkeley & Los Angeles : University of California Press.
1981. The political unconscious: Narrative as a socially symbolic act. London: Cornell UP.
1988. The ideologies of theory: Vol. 1: Situations of theory. Minneapolis : University of Minnesota Press.
1991. Third-world literature in the era of multinational capitalism. PreTexts, 3(1-2):82-104.
- Jauss, H.R. 1977. Ästhetische Erfahrung und literarische Hermeneutik. München : Wilhelm Fink Verlag.

- Jauss, H.R. 1982. Toward an aesthetic of reception. The Harvester Press.
- Jefferson, Ann. 1985. Modern literary theory. London: Batsford Academic and Educational.
- Johnson, Barbara. 1978. The critical difference. Diacritics, 8(2):2.9
- Johnson, R. 1987. "What is cultural studies anyway?" Social Text, 6:38-80.
- Kannemeyer, J.C. 1993. Brink-roman in die klas van sy bestes. Insig, September:B5.
- Kearney, R. 1988. The wake of imagination. Ideas of creativity in Western Culture. London : Hutchinson.
- Koelb, Clayton & Virgil Lokke. 1987. The current in criticism. Essays on the present and future of literary theory. Indiana: Purdue University Press.
- Kristeva, Julia. 1980. Desire in language. New York: Columbia University press.
1982. Powers of horror: an essay on abjection. Translated by Leon S. Roudiez. New York : Columbia University Press.
1984. Revolution in poetic language. New York: Columbia University press.
1986. The Kristeva reader. Moi, Toril, ed. Oxford : Basil Blackwell.
1987. Tales of love. Translated by Leon S. Roudiez. New York : Columbia University Press.
1988. The theory of criticism. Selden, R., ed. London & New York : Longman.
1989. Black sun: depression and melancholia. Translated by Leon S. Roudiez. New York : Columbia University Press.

- Kristeva, Julia. 1991. Strangers to ourselves. Translated by Leon S. Roudiez. New York : Columbia University Press.
- Kuhn, Thomas. 1970. The structure of scientific revolutions. Chicago, London: The University of Chicago Press.
- Lacan, Jacques. 1975. Uit 'n opname van Lacan se referaat by die Kanzer Seminar, Yale Universiteit, 24 Nov. 1975, vertaal deur Barbara Johnson. (In Felman, S. 1987:22. Jacques Lacan and the adventure of insight. Cambridge, Massachusette & London : Harvard University Press.)
- 1977a. Écrits: a selection. Translated by Alan Sheridan. New York & London : W.W. Norton & Co.
- 1977b. The four fundamental concepts of psycho-analysis. Translated by Alan Sheridan. London : The Hogarth Press.
- Lachmann, Renate. 1990. Gedächtnis und Literatur: Intertextualität in der Russischen Moderne. Frankfurt : Suhrkamp.
- Lavers, Anette. 1982. Roland Barthes : structuralism and after. Methuen.
- Leach, E. 1972. Lévi-Strauss. London : Fontana/Collins.
- Lechte, John. 1990. Julia Kristeva. London & New York : Routledge.
- Leitch, Vincent B. 1983. Deconstructive criticism: an advanced introduction. New York : Columbia University Press.
1992. Cultural criticism, literary theory, poststructuralism. New York & Oxford : Columbia University Press.
- Lentricchia, Frank. 1980. After the New Criticism. London : The Athlone Press.

- Lévi-Strauss, C. 1966. The savage mind. London : Weidenfeld and Nicolson.
1970. The raw and the cooked. London : Jonathan Cape.
- Liu, Alan. 1990. "Local transcendence: cultural criticism, postmodernism, and the romanticism of detail." Representations, 32:75-113.
- Lodge, David, *ed.* 1988. Modern criticism and theory. A Reader. London & New York: Longman.
- Lukács, Georg. 1974. Writer and critic. New York : Grosset & Dunlap.
1981. The political unconscious: Narrative as a socially symbolic act. London: Cornell U.P.
- Macherey, P. 1977. The problem of reflection. Substance, 15:6-19.
1978. A theory of literary production. London, Henley & Boston : Routledge & Kegan Paul.
- Mailloux, Steven. 1982. Interpretive conventions. Ithaca : Cornell University Press.
- Malan, Charles. 1991. Neef Chrisjan wat so lag. De Kat, Julie:88.
- Malan, Regina. 1992. Intertekstualiteit. (*In* Cloete, T.T., *Red. Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM-Literêr.)
- Mathee, Dalene. 1992. Brug van die esels. Kaapstad : Tafelberg.
- McCallum, John. 1990. Pragmatism and the theory of the reader. S.A. Tydskrif vir Wysbegeerte, 9(2):68-88, Mei.
- Medvedev/Bakhtin, M.M. 1978. The formal method in literary scholarship: a critical introduction to sociological poetics. Baltimore : The Johns Hopkins University Press.

- Michaels, W.B. 1987. The gold standard and the logic of naturalism: American literature at the turn of the century. Berkeley : University of California Press.
- Miller, J. Hillis. 1965. Charles Dickens: the world of his novels. Cambridge, Massachusetts : Harvard University Press.
1966. Poets of reality: six twentieth-century writers. Cambridge, Massachusetts : Harvard.
- 1970a. The form of victorian fiction. London : University of Notre Dame Press.
- 1970b. Thomas Hardy: distance and desire. Cambridge, Massachusetts : Harvard.
1971. Georges Poulet's "Criticism of identification". (In Hardison, O.B. The quest for imagination: essays in twentieth century aesthetic criticism. Cleveland & London : The Press of Case Western Reserve University.)
1975. Deconstructing the deconstructors. Diacritics, 5(2):24-31.
1976. Ariadne's thread: repetition and the narrative line. Critical Inquiry, 3:57-79.
- 1977a. Ariadne's broken woof. Georgia Review:31-59, Spring.
- 1977b. Nature and the linguistic moment. (In Knoepfelmacher, U.C. & Tennyson, G.B. Nature and the Victorian imagination. Los Angeles, London : University of California Press.)
- 1979a. The disappearance of God: five nineteenth-century writers. Cambridge, Massachusetts : Harvard U.P.
- 1979b. The critic as host. (In Bloom, H. e.a. Deconstruction and criticism. New York : The Seabury Press.)

- Miller, J. Hillis. 1980. Theory and practice: response to Vincent Leitch. Critical Inquiry, Vol. 4(4): 609-614.
1982. Fiction and repetition: seven English novels. Oxford : Basil Blackwell.
1987. The ethics of reading. New York : Columbia University Press.
1991. Theory now and then. Durham : Duke University Press.
- Montrose, L.A. 1989. "Professing the Renaissance: the poetics and politics of culture." (*In The new historicism*, Veenser, Aram H., ed. New York : Routledge.
- Mooij, Antoine. 1979. Taal en verlangen: Lacan's theorie van de psychoanalyse. Meppel : Boom.
- Muller, John P. 1982. Ego and subject in Lacan. Psychoanalytic Review, 69(2):234-240.
- Muller, John P. & Richardson, William J. 1982. Lacan and language: a reader's guide to Écrits. New York : International Universities Press.
- Muller, Martie. 1990. Die topologiese aard van postmodernistiese fiksie. M.A. Verhandelings : Unisa.
1991. Grondliggende algoritme vir postmodernisme. Tydskrif vir Literatuurwetenskap. 7(1):38-51, Maart.
- Nietzsche, F. 1913. The will to power. Edinburgh & London : T.N. Foulis.
- 1920-29. Gesammelte Werke. (band 5) Munich : Musarion Verlag.
- 1954-6. Werke in drei Bänden. Karl Schlechta, ed. Munich : Hanser Verlag. (*Verwys in De Man*, 1979:108).
1967. Nietzsche Werke, kritische Gesamtausgabe. Colli, G & Montinari, M, eds. Berlin : Walter de Gruyter.

- Nietzsche, F. 1974. The gay science. Translated by Walter Kaufmann. New York : Random House.
1976. On the genealogy of morals. Ecco Homo. Translated by Walter Kaufmann. New York : Random House.
1982. Thus spoke Zarathustra. Penguin Books.
1983. Untimely meditations. Cambridge : Cambridge University Press.
1990. Beyond good and evil. London : Penguin Books.
- Norris, Christopher. 1985. The contest of faculties. London & New York : Methuen.
1990. What's wrong with postmodernism: critical theory and the ends of philosophy. Baltimore : The Johns Hopkins University Press.
- Pauling, Chris. 1990. Introducing Buddhism. Glasgow : Windhorse Publications.
- Paz, Octavio. 1970. Claude Lévi-Strauss: an introduction. Ithaca & London : Cornell University Press.
- Pelser, Chris. 1991. Soveel nagte plotseling. Somerset-Wes : Queillerie Uitgewers.
- Phillips, Fransi. 1992. Herfsverhale. Somerset-Wes : Queillerie-Uitgewers.
- Poovey, Mary. 1990. "Cultural criticism: past and present." College English, 52:615-625.
- Pratt, Mary Louise. 1982. Interpretive strategies/Strategic interpretations: on Anglo-American Reader-Response Criticism. Boundary, 2(11):201-31, Fall-Winter.
- Pretorius, Réna. 1992. Travestie. (In Cloete, T.T., 1992.)

- Ragland-Sullivan, E. 1986. Jacques Lacan and the philosophy of psychoanalysis. Urbano & Chicago : University of Illinois Press.
- Ray, William. 1978. Supersession and the subject: a reconsideration of Stanley Fish's "Affective Stylistics". Diacritics, 8(iii):60-71.
1985. Literary meaning. New York, Oxford : Basil Blackwell.
- Rorty, Richard. 1984. Deconstruction and circumvention. Critical Inquiry, 11:1-21.
1989. Contingency, irony, and solidarity. Cambridge University Press.
1992. The pragmatist's progress. (*In* Eco, U. Interpretation and overinterpretation. Cambridge University Press.)
1990. Philosophy and the mirror of nature. Oxford : Basil Blackwell.
1991. Nietzsche, Socrates and pragmatism. Tydskrif vir Wysbegeerte, 10(3):61-63, Augustus.
- Rosso, S. 1986. An interview with Paul de Man. Critical Inquiry, 12:788-795, Summer.
- Ryan, Rory & Susan van Zyl. 1982. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg: Ad Donker.
- Said, Edward W. Chabot, C. Barry. 1975. ...Reading readers reading readers reading... Diacritics, 5(3):24-38.
- Salusinzky, I. 1987. Criticism in society. New York & London : Methuen.
- Scholes, R. 1985. Textual power. New Haven & London : Yale University Press.
- Schrift, Alan. 1990. Nietzsche and the question of interpretation. New York & London : Routledge.

- Shklovsky, Victor. 1988. Art as technique. (*In* Lodge, David. 1988. Modern criticism and theory. A reader. London, New York : Longman.)
- Scholes, R. 1982. Semiotics and interpretation. New Haven and London: Yale University Press.
- Selden, Raman. 1985/8 A reader's guide to contemporary literary theory. Sussex: The Harvester Press.
- Senekal, Jan. 1986. Teks-Leser-Konteks. Johannesburg, Kaapstad: Perskor.
- Shukman, A. 1977. Literature and semiotics. Amsterdam, New York, Oxford : North-Holland Publishing Co.
- Silverman, Kaja. 1983. The subject of semiotics. New York, Oxford : Oxford University Press.
- Smith, J.H. & Kerrigan, William. 1983. Psychiatry and the humanities: Interpreting Lacan. Vol. 6. New Haven & London : Yale University Press.
- Smuts, J.P. 1993. Die jakkalsjagter: van interteks tot metateks. Stilet, V(1):37-47.
- Stockenström, Wilma. 1991. Abjater wat so lag. Kaapstad, Johannesburg : Human & Rousseau.
- Strachan, Alexander. 1990. Die jakkalsjagter. Kaapstad : Tafelberg.
- Sturrock, John. 1986. Structuralism and since. Oxford, new York : Oxford University Press.
- Suleiman, Susan R. & Inge Crossman. 1980. The reader in the text. Essays on audience and interpretation. Princeton : Princeton University Press.
- Todorov, Tzvetan. 1984. Mikhail Bakhtin: the dialogical principle. Minneapolis : University of Minnesota Press.
- Tompkins, Jane P. 1980. Reader-response criticism. London: Johns Hopkins University Press.

- Urmson, J.O. (ed.) 1983. The concise encyclopedia of western philosophy and philosophers. Johannesburg : Hutchinson.
- Van Belle, William. 1981. Taal. kode, subject. Cahiers Institut de Linguistique de Louvain, 5(3):125-157.
- Van Heerden Etienne. 1993. Die stoetmeester. Kaapstad : Tafelberg.
- Van Niekerk, Marlene. 1978. Die aard en belang van die literêre vormgewing in "Also sprach Zarathustra" van Friedrich Wilhelm Nietzsche. M.A. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
1985. Taal en mythe: een structuralistiese en een hermeneutiese benadering. Ongepubliseerde Doc.-Verhandeling, Amsterdam.
1994. Triomf. Pretoria : Quillerie.
- Van Wyk, Johan. 1994. Die Bakhtin-groep en intertekstualiteit. Stilet, VI(1):123-130, Maart.
- Van Zyl, Ia. 1991. Abjater se ironie ontwyk. Die Republikein, 14(111):7.
- Vaughan, Rike. 1990. Nostalgies, tragies en skreeu- snaaks. Rapport, 20(50):9.
- Veeser, H. Aram, ed. 1989. The New Historicism. New York, London : Routledge.
- Viljoen, Lettie. 1990. Belemmering. Bramley : Taurus.
- Viljoen, Louise. 1992. Die roman as polifonie: diskursiewe verskeidenheid in Lettie Viljoen se Belemmering. Referaat gelewer by die ALV-kongres, 1992, Stellenbosch.
- Voloshinov, V.N. / Bakhtin, M. 1973. Marxism and the philosophy of language. New York : Seminar Press.
- Wall, A. & Thomson, C. 1993. Cleaning up Bakhtin's carnival act. Diacritics, 23(2):47-70, Summer.

- | | | |
|------------------------|-------|---|
| Watts, Alan W. | 1982. | <u>The way of Zen.</u> New York : Penguin Books. |
| Wessels, André. | 1993. | Wie was Estienne Barbier? <u>Die Volksblad</u> , 6 Desember:6. |
| Wood, David <i>ed.</i> | 1992. | <u>Derrida: a critical reader.</u> Oxford, Massachusetts : Blackwell. |
| Young, R. | 1987. | <u>Untying the text.</u> London & New York : Routledge & Kegan Paul. |
| Zepp, Evelyn, H. | 1982. | The criticism of Julia Kristeva: a new mode of critical thought. <u>The Romanic Review</u> , 73: 80-97. |
